

**In die teenwoordigheid van outisme:
'n Moeder se verkenning van emosionele intelligensie in haar
lewensverhaal**

deur

Hannelie du Preez

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER EDUCATIONIS
(Leerondersteuning, voorligting en berading)**

in die Departement

Opvoedkundige Sielkunde

in die Fakulteit

Opvoedkunde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

2009

SUPERVISOR

Dr. Carien Lubbe-De Beer

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 :

Oriëntering, probleemstelling, konseptualisering en metodologiese oorsig

1.1	Inleidende oriëntering	4
1.2	Doelstelling	5
1.2.1	Navorsingsvrae	5
	<input type="checkbox"/> Primêre navorsingsvrae	5
	<input type="checkbox"/> Sekondêre navorsingsvrae	6
1.3	Doel van die studie	6
	<input type="checkbox"/> Begrip en emosie	6
	<input type="checkbox"/> Innerlike verandering	6
	<input type="checkbox"/> Bewuswording	6
1.3.1	Metodologie	7
1.3.2	Emosionele intelligensie integrasie	8
1.3.3	Literatuurgaping	8
1.4	Motivering vir die studie	8
1.5	Aannames met betrekking tot die studie	9
1.5.1	Gestremdheid versus hindernis	9
1.5.2	Onderliggende aannames	10
1.6	Verheldering van sleutelkonsepte	10
1.6.1	Kind met outisme	10
1.7	Paradigmatiese perspektief	11
1.8	Inleidende oorsig oor navorsingontwerp en –metodologie	13
1.8.1	Navorsingontwerp	13
1.8.2	Identifikasie van ’n deelnemer	14
1.8.3	Data-inwinning-strategieë	14
1.8.4	Data-ontleding en –interpretasie	14
1.9	Verwagte uitkomst van die studie	15
1.10	Voorsiene uitdagings	16
1.11	Etiese oorwegings	16
1.11.1	Bedagsaamheid teenoor die moeder	16
1.11.2	Etiese ingesteldheid teenoor die moeder	17
	<input type="checkbox"/> Ingeligte toestemming	18
	<input type="checkbox"/> Veilige deelname	18

	<input type="checkbox"/> Vertroulikheid van inligting	18
	<input type="checkbox"/> Supervisie en professionaliteit	19
	<input type="checkbox"/> Bekendmaking van bevindinge	19
1.11.3	Vertrouenswaardigheid van die studie	20
	<input type="checkbox"/> Inleiding	20
1.12	Hoofstukindeling	20
1.12.1	Hoofstuk 1	20
	<input type="checkbox"/> Oriëntering, probleemstelling, konseptualisering en metodologiese oorsig	20
1.12.2	Hoofstuk 2	20
	<input type="checkbox"/> Literatuurstudie oor outisme en emosionele intelligensie	20
1.12.3	Hoofstuk 3	20
	<input type="checkbox"/> Metodologiese verantwoording	20
1.12.4	Hoofstuk 4	21
	<input type="checkbox"/> Navorsingsresultate en bevindinge	21
1.12.5	Hoofstuk 5	21
	<input type="checkbox"/> Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings	21
1.13	Samevatting	21

HOOFSTUK 2 :

‘n Literatuurstudie oor outisme en emosionele intelligensie

2.1	Inleidende oriëntering	23
2.2	Literatuuroorsig met betrekking tot outisme	23
2.2.1	Inleiding	23
	<input type="checkbox"/> Die woord <i>outisme</i> beteken: in jouself getrek	23
	<input type="checkbox"/> Perspektiewe oor outisme	23
2.2.2	Definisies en etiologie van outisme	25
	<input type="checkbox"/> Omvattende beskrywing van outisme	25
	<input type="checkbox"/> Uniekheid van outisme onder individue	25
	<input type="checkbox"/> Statistiek	26
	<input type="checkbox"/> Outisme-versteurings-kontinuum	26
	<input type="checkbox"/> Outistiese versteuring (Klassieke/Kanner)	26
	<input type="checkbox"/> Rett versteuring	26
	<input type="checkbox"/> Asperger versteuring	26
	<input type="checkbox"/> Kinder-disintegrasie-versteuring	27
	<input type="checkbox"/> Omvattende (pervasiewe) ontwikkelingsversteuring – nie gespesifiseerd nie	27
	<input type="checkbox"/> Samehang van hindernisse	27
	<input type="checkbox"/> Kernhindernisse	28
	<input type="checkbox"/> Sosiale interaksie	28



□	Taal en kommunikasie	29
□	Gedragspatrone en belangstellings	29
□	Geassosieerde hindernisse	29
□	Intellektueel	29
□	Sensories en perseptueel	30
□	Sosiaal-emosionele inligting	30
□	Fisiese eienskappe	30
□	Outistiese vrese	31
□	Gesinsdruk	31
□	Moontlike oorsake van outisme	31
2.2.3	DSM IV-kriteria en die vertellinge van die moeder	32
2.2.4	Die impak van outisme op die gesin	34
2.2.5	Proses na diagnose	34
□	Aanvaarding van die kind se outisme	36
□	Die vorming van persepsie met betrekking tot outisme	36
□	Die moeder-kind verhouding in die teenwoordigheid van outisme	37
2.3	Literatuuroorsig met betrekking tot emosionele intelligensie	38
2.3.1	Omskrywing van emosionele intelligensie	38
□	Inleiding	38
□	Emosionele intelligensie: samevattende omskrywing	39
□	Bar-On se emosionele intelligensie-model	40
□	Die waarde van Bar-On se emosionele intelligensie-model in die studie	41
2.4	Samevatting	42

HOOFSTUK 3 ❖

Metodologiese verantwoording

3.1	Inleidende oriëntering	44
3.2	Metodologiese paradigma	44
3.2.1	Kwalitatiewe navorsing	44
3.2.2	Meta-teoretiese paradigma	45
□	Inleiding	45
□	Ontologie: Wat is die aard van die sosiale realiteit, en wat is al ondersoek?	45
□	Epistemologie: Hoe ontstaan sosiale kennis, en hoe gaan ons dit weet?	46
□	Metodologie	46
□	Interpretivistiese-konstruktivistiese paradigmata: samevattende beskrywing	46
□	Interpretivistiese paradigma	46
□	Konstruktivistiese paradigma	47



3.3	Literatuuroorsig met betrekking tot narratiewe navorsing	47
3.3.1	Omskrywing van narratiewe navorsing	47
	<input type="checkbox"/> Inleiding	47
	<input type="checkbox"/> Narratiewe navorsing: samevattende beskrywing	48
3.3.2	Ontwikkeling van 'n narratief	48
3.4	Motivering vir 'n narratiewe ondersoek	49
	<input type="checkbox"/> Begrip en emosie	50
	<input type="checkbox"/> Innerlike verandering	50
	<input type="checkbox"/> Bewuswording	50
	<input type="checkbox"/> Sterkpunte van narratiewe navorsing	51
	<input type="checkbox"/> Groeipunte van narratiewe navorsing	51
3.5	Navorsingsproses	51
3.5.1	Navorsingsvraag	53
3.5.2	Seleksie van 'n deelnemer	53
	<input type="checkbox"/> Inleiding	53
	<input type="checkbox"/> Agtergrond van moeder as deelnemer	54
3.5.3	Data-inwinning en data-vaslegging	55
	<u>Proses 1: Lewensverhaal</u>	54
	<input type="checkbox"/> Informele onderhoud	55
	<input type="checkbox"/> Herinneringsboek (gebaseer op die "memory box"-tegniek)	55
	<input type="checkbox"/> Metafore	55
	<input type="checkbox"/> Collages	55
	<input type="checkbox"/> Staaltjies (anekdotes)	56
	<input type="checkbox"/> Lewenstemas	56
	<u>Proses 2: Verkenning van emosionele intelligensie komponente</u>	56
3.5.4	Addisionele inligting	57
	<input type="checkbox"/> Waarnemingsnotas	57
	<input type="checkbox"/> Refleksie oor navorsingproses	57
3.5.5	Data-analise en data-ordening	58
	<input type="checkbox"/> Inleiding	58
	<input type="checkbox"/> Data-analise metode	59
3.6	Vertrouenswaardigheid van die studie	61
3.6.1	My rol as navorser	61
3.6.2	Verhoudingstigting met die moeder	61
3.6.3	Vertrouenswaardigheid en kredietwaardigheid van die studie	62
	<input type="checkbox"/> Vertrouenswaardigheid	62
	<input type="checkbox"/> Subjektiewe kennis, egtheid en geloofwaardigheid	63
	<input type="checkbox"/> Kristallisasie	64
	<input type="checkbox"/> Oordraagbaarheid	64
	<input type="checkbox"/> Betroubaarheid	65
	<input type="checkbox"/> Outentiekheid	65

□	Refleksie en diepere begrip	65
□	Bydrae tot dialoog	65
□	Kredietwaardigheid	66
□	Uitgebreide veldwerk	66
□	Veelvoudige genereringstegnieke	66
□	Supervisie	66
□	Deelnemer-opvolging	66
□	Deelnemer-terugvoer	67
3.7	Samevatting	67

HOOFSTUK 4 :

Bevindinge van die ondersoek

4.1	Inleidende oriëntering	69
4.2	Data-interpretasie	69
4.2.1	Inleiding	69
□	Data-interpretasie	69
□	Temas, sub-temas en emosionele intelligensie komponente	70
4.2.2.	Die emosionele intelligensie komponente in die moeder se lewensverhaal	70
4.3	Opsomming van resultate	72
4.3.1	Die lewensverhaal van die moeder met 'n seun met outisme	72
4.4	Resultate van die interpretasies	73
4.4.1	Interpretasies in terme van die moeder se lewenslyn	73
□	TEMA 1: Die diagnose-proses	74
□	Inleiding	74
□	Emosionele intelligensie komponente	75
□	TEMA 2: Die aanvaarsingsproses	82
□	Inleiding	82
□	Emosionele intelligensie komponente	83
□	TEMA 3: Toekomspektief	93
□	Inleiding	93
□	Emosionele intelligensie komponente	94
4.5	Samevatting	99

HOOFSTUK 5 :

Bevindinge van die ondersoek

5.1	Inleidende oriëntering	101
5.2	Samevatting van hoofstukke	101
5.2.1	Hoofstuk 1	101
	<input type="checkbox"/> Oriëntering, probleemstelling, konseptualisering en metodologiese oorsig	101
5.2.2	Hoofstuk 2	101
	<input type="checkbox"/> Literatuurstudie oor outisme en emosionele intelligensie	101
5.2.3	Hoofstuk 3	102
	<input type="checkbox"/> Metodologiese verantwoording	102
5.2.4	Hoofstuk 4	102
	<input type="checkbox"/> Navorsingsresultate en bevindinge	102
5.3	Beperkinge van die studie	102
5.4	Aanbevelings	103
5.4.1	Aanbevelings met betrekking tot verdere navorsing	103
5.4.2	Aanbevelings met betrekking tot ondersteuning en welstand	104
5.4.3	Aanbevelings met betrekking vir die praktyk	104
5.5	Beantwoording van navorsingsvrae	105
5.5.1	Primêre navorsingsvrae	105
	<input type="checkbox"/> Wat beteken dit om die moeder te wees van 'n kind met outisme?	105
	<input type="checkbox"/> Wat is die waarde van die verkenning van emosionele intelligensie komponente in die moeder se lewensverhaal?	105
5.5.2	Sekondêre navorsingsvrae	106
	<input type="checkbox"/> Wat beteken outisme vir die moeder?	106
	<input type="checkbox"/> Wat beteken emosionele intelligensie verkenning vir die moeder?	106
	<input type="checkbox"/> Watter temas kom voor in die moeder se lewensverhaal oor haar kind met outisme?	
	<input type="checkbox"/> Hoe beïnvloed outisme die gesinsdinamiek en interpersoonlike verhoudinge in die gesin?	
5.6	Refleksie	107
5.6.2	Refleksie-paragraaf van my studieleier oor die studie	107
5.6.2	Refleksie-paragraaf van my as navorser oor die studie	107
5.7	Samevatting	107

BRONNELYS PRIMÊRE EN SEKONDÊRE BRONNE

6.1	Primêre bronnelys (verwysings)	110
6.2	Sekondêre bronnelys (naslaan)	116

BYLAE

BYLAAG A

Toestemmingsbrief insake om deelname aan die studie

Toestemmingsbrief 118

BYLAAG B

Narratiewe lewensverhaal van die moeder

Lewensverhaal 118

BYLAAG C

Refleksie-joernaal van my as navorser

Refleksie-joernaal 123

BYLAAG D

Etiese vrystellingsertifikaat

Universiteit van Pretoria 126

LYS VAN FIGURE

HOOFSTUK 1 :

Oriëntering, probleemstelling, konseptualisering en metodologiese oorsig

Figuur 1.1 Geheelbeeld van die data-inwinning-strategieë	15
Figuur 1.2 Grafiese voorstelling van etiese oorwegings	17

HOOFSTUK 2 :

'n Literatuurstudie oor outisme en emosionele intelligensie

Figuur 2.1 Grafiese voorstelling van perspektiewe	24
Figuur 2.2 Grafiese voorstelling van hindernisse	28
Figuur 2.3 Grafiese voorstelling van kernhindernisse van outisme	28
Figuur 2.4 Grafiese voorstelling van geassosieerde hindernisse van outisme	28
Figuur 2.5 Grafiese voorstelling van emosionele intelligensie komponente	40

HOOFSTUK 3 :

Metodologiese verantwoording

Figuur 3.1 Generering van lewensverhaal en verkenning van emosionele intelligensie	52
Figuur 3.2 Die navorsingsproses	52
Figuur 3.3 Data-analise-medode (kollaboratief benader)	60
Figuur 3.4 Grafiese voorstelling van vertrouenswaardigheid	63
Figuur 3.5 Kernpunte met betrekking tot vertrouenswaardigheid	63
Figuur 3.6 Grafiese voorstelling van kredietwaardigheid	66

HOOFSTUK 4 :

Bevindinge van die ondersoek

Figuur 4.1 Lewenstemas	70
Tabel 4.2 Bar-On se emosionele intelligensie-model	71
Tabel 4.3 Simbole vir ingewonne narratiewe-aktiwiteite	73

OPSOMMING

In die teenwoordigheid van outisme:
**’n Moeder se verkenning van emosionele intelligensie komponente
in haar lewensverhaal**

deur

HANNELIE DU PREEZ

SUPERVISOR : Dr. Carien Lubbe-De Beer
DEPARTEMENT : Opvoedkundige Sielkunde
GRAAD : M.Ed Leerondersteuning, voorligting en berading

Die rasionaal vir onderhawige studie was aan die hand van narratiewe navorsingsmetodes om insig en begrip te verwerf oor wat dit beteken om die moeder te wees van ’n seun met outisme. Ek (navorsers) en die moeder (deelnemer) het verskeie data-inwinning-aktiwiteite aangewend, byvoorbeeld haar lewensverhaal, waarin ek en die moeder emosionele intelligensie komponente geïdentifiseer het met die verdere doel om haar belewing van outisme te interpreteer.

’n Narratiewe navorsing-ontwerp, wat gebaseer is op interpretatiewe en konstruktivistiese paradigmatas, kan dus die betekenisvolle emosies en ander belewing van die moeder akkuraat interpreteer en kommunikeer – oor wat dit beteken om ’n moeder te wees van ’n seun met outisme. In hierdie studie maak ek as navorsers gebruik van ’n kwalitatiewe navorsingsbenadering met ’n narratiewe navorsing-ontwerp, waarin ’n multi-metode benadering tot data-insameling aangewend word, met die doel om die belewing van die moeder in die vorm van ’n lewensverhaal saam te vat. Die data-inwinning-strategieë wat aangewend is het gepoog om in-diepte, ryk en persoonlike verhaal-inhoude te genereer. Die volgende aktiwiteite is gebruik : ’n informele onderhoud, herinneringsboek (collages, staaltjies, lewenslyn en metafore), en ’n intellektuele bespreking van *emosionele intelligensie*. Die moeder het kollaboratief deelgeneem tydens die identifisering van emosionele intelligensie komponente in haar lewensverhaal.

Dit was belangrik om deurlopend kollaboratiewe besprekinge met die moeder te skeduleer, aangesien haar insae met betrekking tot die wyse waarop die data georganiseer, geanaliseer en geïnterpreteer word verband hou met haar interpretasies van outisme en die verkenning van haar belewing aan die hand van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie komponente. Die betekenisvolle belewing wat op grond van die moeder se

verhaal-inhoude, in samehang met haar geïdentifiseerde emosionele intelligensie komponente, bespreek word, dui daarop dat die moeder 'n optimistiese, realistiese en intro-spektiewe uitkyk het met betrekking tot ouerskap en opvoeding. Dit kan as verantwoordbaar beskou word as ek as navorser dit stel dat die moeder begrip en insig demonstreer ten opsigte van die hindernis waarmee haar seun leef. Die moeder som haar beleving van outisme die beste op met die inspirerende aanhaling van Emily Pearl Kingsley: *"Say goodbye to the child you wanted, or else your focus will never be with the child you have."*

ABSTRACT

In the presence of autism:

A mother's expectation of emotional intelligence in her life story

by

HANNELIE DU PREEZ

SUPERVISOR : Dr. Carien Lubbe-De Beer
DEPARTMENT : Educational Psychology
DEGREE : M.Ed Learning support, guidance and counselling

The rationale for this study was to gain a better understanding of what it means to be the mother of a child with autism, through the use of narrative research accounts. The mother (participant), and I (researcher) furthermore utilized the sources of collected data, such as her life story, to identify components of emotional intelligence with the purpose of additional interpretation.

A narrative research design, firmly rooted in an interpretivist and constructivist paradigm, should therefore serve to accurately interpret the significant emotions and other lived-experiences that a mother attaches to living with a child that has been diagnosed with autism. A multi-method approach, directed by a qualitative research approach and a narrative research design, was followed in an attempt to capture the mother's experiences and life story. Data collection strategies employed to generate an in-depth, rich and personal life story consisted of the following activities: an informal interview, memory box (collages, anecdotes, life line, and metaphors) and an intellectual discussion regarding *emotional intelligence*. The mother also participated in a collaborative discussion to identify emotional intelligence components relevant to her life story.

Further collaboration and discussion with the mother were required to ensure that the data were organised, analysed and interpreted according to the mother's lived-experiences of autism, along with her emotions that were identified on the basis of Bar-On's (2003) emotional intelligence components. The meaningful findings drawn from the mother's narratives (in relation to the identified emotional intelligence components) suggest that the mother demonstrates an optimistic, realistic and introspective view on parenting. It can be regarded as accountable for me as researcher to state that the mother displays an educated and comprehensive understanding of the disability with which her child is living. The mother perhaps best summarises her

experiences of autism in the words of Emily Pearl Kingsley's inspirational words: "Say goodbye to the child you wanted, or else your focus will never be with the child you have."



SLEUTELTERME

SLEUTELTERME / KEY WORDS

Lewensverhaal	: <i>Life story</i>
Die moeder	: <i>The mother</i>
’n Kind	: <i>A child</i>
Outisme	: <i>Autism</i>
Belewinge	: <i>Lived-experiences</i>
Emosionele intelligensie komponente	: <i>Emotional intelligence components</i>
Interpreteer	: <i>Interpret</i>
Genereer	: <i>Generate</i>
Interpretivisme	: <i>Interpretivism</i>
Konstruktivisme	: <i>Constructivism</i>
Narratiewe navorsing	: <i>Narrative research</i>
Verhaal-inhoude	: <i>Story-contents</i>
Herinneringsboek	: <i>Memory-box</i>
Gesin	: <i>Family</i>

DANKBETUIGING

Spesiale dank aan:

My Hemelse Vader. Dankie dat U alomteenwoordig is in elke aspek van my lewe. Dankie dat U my die wilskrag, insig en deursettingvermoë gegee het om die studie te kon voltooi. U onfeilbare liefde is my bron van inspirasie en motivering.

My opregte dank en waardering gaan aan:

Dr. Carien Lubbe-De Beer, wat die navorsingsreis saam met my onderneem het. Dit was vir my 'n voorreg om saam jou te kon werk. Jou professionaliteit, kundigheid en ervaring van die Opvoedkundige Sielkunde was van onskatbare waarde wat diepte tot my studie gevoeg het. Dankie vir jou entoesiasme, motivering, optimisme en ondersteuning. Sonder jou sou die studie nie soveel hoogtes kon bereik nie.

Prof. J.W.M. Pretorius, dankie dat u die verhandeling taalversorg het. U motivering, belangstelling en ondersteuning word opreg waardeer. Sonder u insae en u kundigheid van die Tale en Geesteswetenskappe, sou die verhandeling nie die van dieselfde gehalte en hoë standaard wees as wat dit tans is nie.

Opregte dank gaan ook aan:

Die moeder wat deelgeneem het aan die studie. Dankie dat jy jou lewensverhale met my kon deel en so 'n bron van inspirasie vir andere kon wees. Sonder jou was die studie nie moontlik nie.

My ouers, Hannetjie en Frik du Preez, en my broer, Kobus du Preez. Dankie vir julle onvoorwaardelike liefde, ondersteuning en aanmoediging. Dankie dat ek altyd op julle kan reken en dat julle my vergesel het in elke stap van my lewe.

My vriendin, Claire Symington, my peetma Louise Veldman my vriend, Johan Swarts. Claire, jy is 'n ware steunpilaar. Dankie vir jou bereidwilligheid om telkens te proeflees, jou waardevolle raad en insig in die Sielkunde, en dankie vir jou kosbare vriendskap oor die jare. Tannie Louise, dankie dat tannie nooit opgehou het om in my te glo nie, dankie dat tannie my telkens aanmoedig het om my studies te voltooi. Laastens, maar nie die minste nie; aan al my kollegas by die werk, dankie vir julle belangstelling, aanmoediging en ondersteuning. Johan, dankie dat jy altyd in my geglo het en my die tyd en ondersteuning gegee het om aan die studie te kon werk.

VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Hannelie du Preez, dat in die bronnelys erkenning gegee is aan al die bronne wat gedurende die studie geraadpleeg is, en dat die studie my eie werk is.


Hannelie du Preez

Augustus 2009

2118672

HOOFSTUK EEN

Oriëntering, probleemstelling, konseptualisering
en metodologiese oorsig



"Jy moet bereid wees om hulp te gaan soek, tot jy beter voel oor jouself, almal kan nie alleen deur 'bad times' werk nie. Almal se omstandighede is anders." (Spreekbeurt 133)

1.1 INLEIDENDE ORIËTERING

Oud-president Thabo Mbeki het in die Witskrif oor Geïntegreerde Nasionale Gestremdheid Strategieë (1997) verklaar dat individue met hindernisse aktiewe en belangrike lede is van Suid-Afrika se ontwikkelende gemeenskap. Laasgenoemde stelling word toegelig in die "Building on Inclusive Education and Training System" (Witskrif 6 Spesiale Onderwys-behoeftes, 2001). Die "Disability Discrimination Act" (DDA, 2005) stel dit duidelik dat geen diskriminasie van enige aard teenoor individue met hindernisse geduld sal word nie. Dit dui dus daarop dat daar 'n noemenswaardige fokus en ingesteldheid is met betrekking tot die wetlike reg van alle individue met hindernisse om te kan deelneem aan alle aktiwiteite en geleenthede binne die Suid-Afrikaanse samelewing.

"The newly elected government began to commit itself to developing a country that respects and values diversity and provides equal opportunity for all"

(Swart, 2004: 237. in Eloff en Ebersöhn, 2004).

Outisme is nie meer 'n rare verskynsel waarvan terloops gehoor word in gesprekke, geselsprogramme en tydskrifte nie. Dit wil voorkom of daar 'n toename is wat betref die identifisering van kinders met outisme reg oor die wêreld (Barlow en Durand, 2002; Mash en Wolfe, 2002; Sternberg, 2001; American Psychiatric Association, 2000). Akademiese bronne, wat ek gedurende die literatuurstudie geraadpleeg het, was 'n versameling van die afgelope twee dekades se opvattinge oor outisme. Die temas het gehandel oor (1) die kliniese omskrywing van kinders met outisme binne 'n gekontroleerde omgewing; (2) versorging van kinders met outisme; (3) skoolplasing en (4) beproefde opvoedingstegnieke (Briesmeister en Schaefer, 1998; Hart, 1993; Hobson, 1993; Rutter en Schopler, 1987).

In meer resente bronne merk ek ook 'n toename in die diversiteit van navorsingstemas oor outisme en, volgens Swanepoel (2003), kan dit moontlik toegeskryf word aan die aard, diversiteit en intensiteit van die gestremdheid wat navorsers opvallend vind en toenemend ondersoek. Die verskeidenheid navorsingstemas oor outisme in hedendaagse navorsing en akademiese werkstukke dui op 'n fokus-verskuiwing na 'n meer holistiese ingesteldheid op persoonsgerigte observasies en intensiewe onderhoude wat met betrekking tot gesinne onderneem word, rakende funksionaliteit van die gesinseenheid in die teenwoordigheid van outisme (Outisme Suid-Afrika, 2004; Swanepoel, 2003; Jordan, 2001). Die Suid-Afrikaanse samelewing word beskou en omskryf as 'n reënboognasie, aangesien die samelewing uit verskeie rasse, kulture, etniese groepe, gelowe en sosio-ekonomiese agtergronde bestaan. Dit word verklaar dat outisme ook geen kleur, ras of geloof ken nie, en dus is enige ongebore kind gelyk blootgestel aan die moontlikheid om die steurnis, genoem outisme, te verwerf (Taylor, 2006: 511). Die wete, dat enige individu met outisme gebore kan word, het my as navorser laat besef dat ek wil verstaan wat dit beteken om die moeder te wees van 'n kind met outisme.

In die lig van die voorafgaande het ek my dit ten doel gestel om ondersoek in te stel na die emosionele belevinge van die moeder wat daagliks in die teenwoordigheid van outisme verkeer. Daar is natuurlik ander rolspelers soos die gesin, familie, onderwyser(s) en klasmaats wie se beskouinge ook van waarde is om outisme vanuit verskillende oogpunte te kan omskryf, maar vir die doel van dié studie word slegs die moeder se

ervaringe en emosies verken. Die beskouing van die moeder se emosies, ervaringe en die lewenspad daagliks saam met haar kind, het aanleiding gegee tot die doel om die konsep *emosionele intelligensie* as grondslag te gebruik om my begrip te verbreed van die tipe emosies wat ervaar word in interpersoonlike verhoudinge met 'n kind met outisme. 'n Verhouding het altyd 'n emosionele aspek wat baie sterk te voorskyn kan kom. Soveel meer kan 'n moeder-kind-verhouding nie verstaan of in-diepte begryp word sonder om die emosionele aspek ook te ondersoek nie. Die moeder se ervaring van die hindernis is by uitstek 'n emosionele aangeleentheid; aangesien dit op haar verhouding met haar kind en hoe hulle as gesin funksioneer dui.

Dit blyk uit die voorafgaande dat die konsep *emosionele intelligensie* en teorieë daarvoor as belangrik vir die studie geag word. *Emosionele intelligensie* het toenemend belangstelling gewek onder akademici die afgelope dekade. Emosionele intelligensie komponente gaan verken word in die moeder se lewensverhaal, aangesien gevoelens en gedagtes nie uitgesluit kan word uit enige verhouding wat 'n persoon met 'n ander persoon aanknoop nie. Met die studie streef ek dus daarna om sowel my eie as die leser se gedagtes en begrip te verruim deur die ²interpretasie van die lewensverhaal van die moeder en van wat dit vir haar beteken om 'n lewenspad te stap saam 'n kind met outisme. Die impak wat die studie het op die lesers en my eie begripsontwikkeling is die hooffokus. Ek hoop dat die studie van die moeder se ervaringe ook empatie in my as navorser en in die leser sal wek betreffende die vaardighede, insig en gewenste gesindheid wat 'n moeder verwerf het in die teenwoordigheid van outisme.

1.2 DOELSTELLING

Ek as navorser kon my vereenselwig met die doelstellings wat Williams (2004) geïdentifiseer het tydens haar rol as navorser en die bydrae wat dit gelewer het tot haar studie. Die eerste doelstelling handel oor wat ek as navorser wou ervaar. Ek wou nie net 'n vertolker wees van die moeder se lewensverhaal nie, maar ek wou ook graag 'n mede-reisgenoot wees, iemand wat haar kan ondersteun, haar ervaringe kan begryp en die essensie van haar lewensverhaal kan interpreteer. Beide my en die moeder se verwagtinge met betrekking tot die studie is dat haar lewensverhaal positiewe gesindhede en kennis by lesers sal teweegbring oor outisme binne die Suid-Afrikaanse samelewing. Die ander doelstelling in my navorsingsrol was om die waarde en moontlikhede van *emosionele intelligensie* in narratiewe navorsing te ondersoek, asook om aan die hand van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model (kyk 2.3.1) die emosionele intelligensie komponente in die lewensverhaal van die moeder as deelnemer te verken. Ek dink dat dié navorsingstudie 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot die Opvoedkunde en die Sielkunde, asook tot praktykverbetering wat beide terapeutiese en intervensie aspekte betref. Ek hoop dat die studie lesers die geleentheid sal bied om insig te verwerf in die ervaringe en ¹belewinge van die moeder wat in die teenwoordigheid van outisme lewe.

1.2.1 Navorsingsvrae

Primêre navorsingvrae

In die lig van die voorafgaande bespreking en die doel van die studie het ek die volgende navorsingsvrae vir

¹Belewe = om betekenis te gee aan 'n ervaring

²Interpreteer = om die betekenis van iets te verduidelik

die studie geformuleer:

PROSES 1: LEWENSVERHAAL

Wat beteken dit om die moeder te wees van 'n kind met outisme?

PROSES 2: VERKENNING VAN EMOSIONELE INTELLIGENSIE KOMPONENTE

Wat is die waarde van die verkenning van emosionele intelligensie komponente in die moeder se lewensverhaal?

Sekondêre navorsingsvrae

In 'n poging om te begryp wat dit beteken om die moeder van 'n kind met outisme te wees, sal ek die volgende vrae probeer beantwoord:

- Wat beteken outisme vir die moeder?
- Wat beteken emosionele intelligensie verkenning vir die moeder?
- Watter temas kom voor in die moeder se lewensverhaal oor haar kind met outisme?
- Hoe beïnvloed outisme die gesinsdinamiek en interpersoonlike verhoudinge in die gesin?

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

In die lig van die inleidende oriëntering en probleemstelling van die studie is die doel van die studie om die lewensverhaal van die moeder in die teenwoordigheid van outisme te interpreteer, en ook om die waarde van emosionele intelligensie komponente te verken in die moeder se lewensverhaal. Denscombe (2002) beklemtoon die belangrikheid van 'n doelstelling vir 'n navorsingstudie. Hy meen verder dat navorsers se motivering om 'n studie te onderneem nie dieselfde sal wees nie, maar dat daar 'n unieke motief in elke navorser is om 'n spesifieke tema te wil ondersoek. Ek wil graag die volgende doelwitte vir die studie bereik:

Begrip en empatie

Ek het tot die besef gekom dat begrip en empatie met betrekking tot 'n persoon se situasie of hindernis belangrik is om 'n sosiale verskynsel sinvol te kan interpreteer. Begrip en empatie het my as navorser in staat gestel om die moeder se belewinge optimaal te akkommodeer, en om haar doeltreffend te kan ondersteun wat betref die generering van haar lewensverhaal.

"...therapists should possess the qualities of empathy, sincerity, congruence and personal regard"

(Ferreira, 2004: 335, in Eloff en Ebersöhn, 2004).

As onderwyser en student het ek dikwels voor my eie hindernis te staan gekom – 'n hindernis van onkunde. Ek kon my selde vereenselwig met 'n leerder of kliënt se ervaring van sy/haar hindernis, en dit het by my die behoefte gewek om bogenoemde kwaliteite te ontwikkel; om ook meer empatie en begrip te hê wat betref 'n holistiese beskouing van 'n persoon se hindernis, eerder as om bloot die kliniese omskrywing daarvan te ken.

Innerlike verandering

Die doel was ook om professioneel te groei as navorser, onderwyser en toekomstige berader in die veld van die Opvoedkundige Sielkunde. Ek het gestreef na innerlike groei en verandering, waardeur ek 'n ingesteldheid van begrip en empatie met betrekking tot 'n persoon se hindernisse kon verwerf. Ek wou deur middel van die gegewens (feite) van die moeder die lewensverhaal 'n perspektief verkry op die unieke wyse waarop 'n moeder die hindernisse van haar kind belewe.

Bewuswording

In die onderhawige studie streef ek daarin om navorsers en lesers bewus te maak van die waarde wat narratiewe kan hê om 'n verskynsel te ondersoek en te verduidelik. Met die studie streef ek daarna om lesers bewus te maak van mense se belewing van hindernisse, deur die interpretasie van die moeder se lewensverhaal oor haar reistog in die teenwoordigheid van outisme.

“The barriers to learning faced by students with disabilities are many and complex, and differ from student to student and often from day to day. Knowledge of their existence and their disabling impact will help you to appreciate their implications for learning”

(The Open University, 2006).

1.3.1 Metodologie

Dit wil my voorkom dat outisme 'n onderwerp is wat hedendaags baie aandag trek. Die aspekte van outisme wat nagevors en gepubliseer is, strek oor 'n wye reeks temas, maar dit blyk dat daar nie baie navorsing gedoen is nie met betrekking tot 'n moeder se ervaringe van 'n kind met outisme. Dus, die doel van die studie is om die waarde van 'n persoonlike, intieme en realistiese lewensverhaal te ondersoek van die moeder se ervaring van outisme.

“...when persons note something of their experiences either to themselves or to others, they do so, not by the mere recording of experiences over time, but do so in storied form”

(Clandinin en Connely, 1996: 29).

Die narratiewe en persoonsgerigte metode word verwerklik deur 'n ³narratiewe of vertellende skryfstyl te gebruik, aangesien ek dink dat die moeder se meedeling lig kan werp op die wyse waarop sy haar kind se

³ 'n Narratiewe of vertellende skryfstyl word voorgestel deur middel van 'n invoegsel, naamlik die spreekbeurte van die moeder in elke hoofstuk. Die doel van die spreekbeurte is om lesers bekend te stel aan die moeder se belewing en ingetseldheid jeens die bespreekte konsep

hindernis belewe. Cresswell (2002b, in Cresswell, 2002) voer aan dat deur die gebruikmaking van 'n "dialogooskryfstyl" empatie, insig en begrip moontlik by die leser tuisgebring kan word. Die dialogooskryfstyl se genoemde uitkoms van empatie, insig en begrip as doelwit word ook nagestreef wanneer 'n "monoloog" spreekbeurt van die moeder ingevoeg word in die onderhawige studie.

1.3.2 Emosionele intelligensie integrasie

In die onderhawige studie gaan ek en die moeder (kollaboratief) emosionele intelligensie komponente in haar lewensverhaal verken. Ek beskou 'n verhouding tussen 'n ouer en kind as emosionele interaksie. 'n Intellektuele bespreking oor die konsep *emosionele intelligensie* kan die moeder help om spesifieke *betekenisse* (byvoorbeeld gevoelens en gedagtes) wat sy aan outisme heg te identifiseer en te verduidelik jeens haar moeder-seun verhouding in die teenwoordigheid van outisme, asook haar daaglikse reistog ten opsigte van die verwerking en die aanvaarding van haar seun se diagnose. Die identifisering van emosionele intelligensie komponente in die moeder se lewensverhaal is 'n poging om 'n dieper insig te verkry in die wyse waarop die moeder haar kind se outisme beleef.

"Emosionele intelligensie het 'n varser, nuwe uitkyk oor wat ek kan vermag 'If I can put my mind to it'. Ek voel beslis meer bemagtig, 'n sterker, dieper vrou as voor die proses begin het. 'n Positiewe, sterker persoonlikheid tree na vore in heelwat situasies deur my ervaar. Dis nogal bevrydend" (*Spreekbeurt 114).

1.3.3 Literatuurgaping

'n Navorsingstudie vereis dat 'n navorser relevante en akademiese korrekte literatuur moet identifiseer en aanwend betreffende die verskynsel wat hy/sy poog om te ondersoek. Gedurende my eie literatuurstudie het ek 'n leemte in die literatuur geïdentifiseer, naamlik die afwesigheid van ouers en sibbe se in-diepte belevinge van outisme. In my mening handel die inhoud, van die literatuur wat ek benader het, hoofsaaklik oor die teorie (die aard en etiologie van die hindernis) en die praktyk (resente navorsing oor opvoeding en onderrig) van 'n kind met outisme. Die persoonlike, emosionele en in-diepte belevinge van die moeder, die vader, die sibbe en ander belangrike persone ontbreek in meeste literatuurbronne. Ek is van mening dat die moeder as deelnemer se ingesteldhede en waarhede (narratiewe-data en lewensverhale) ingesluit moet word in my studie. Dus, in die onderhawige studie poog ek daarin om die literatuur oor outisme te verryk deur die moeder se persoonlike belevinge, in die vorm van 'n lewensverhaal, te inkorporeer in die inhoud.

1.4 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Die motivering vir die studie was beide persoonlik en professioneel van aard. Ek het skoolgehou vir die moeder se seun en as kollegas het ons gereeld gesels oor haar ervaringe as moeder van haar seun met outisme en oor haar verwagtinge met betrekking tot hul lewenspad saam vorentoe.

⁴Die direkte aanhalings dui op spreekbeurte van die moeder waartydens sy haar belevinge meedeel

Ek het dikwels voor die vraag te staan gekom na die wyse waarop sy outisme ervaar en hanteer, aangesien ek self met 'n broer grootgeword het wat as aandagafleibaar (gepaard met hiperaktiwiteit) gediagnoseer is. Dit was vir my moeilik om te verstaan hoekom buitestaanders ons gesin en my broer as anders ervaar het en hom beskou het as stout en vreemd, en veral hoe my ma haar kind, wat met 'n hindernis gediagnoseer is, hanteer het. Daar was nog altyd by my 'n intense behoefte om ander te oorreed om my broer te leer ken, om hom te probeer verstaan en om hom te aanvaar en lief te hê vir wie hy is. Enige hindernis kan 'n invloed uitoefen op die dinamiek en funksionaliteit van die betrokke gesin (Mash en Wolfe, 2002; Sternberg, 2001; Barron, 1998). Ek het my dit ten doel gestel om die moeder se meedeling (van ervaringe met 'n seun met outisme) onvoorwaardelik te aanvaar.

“Ek leef nou daarby waarin ek graag my seun en my hele gesin wil liefhê en aanvaar sonder enige agendas of verwagtinge” (Spreekbeurt 20).

In die onderhawige studie, se literatuurstudie, het ek uiteenlopende studies aangetref betreffende die aard en etiologie van outisme, én die radikale invloed wat outisme op die gesin se funksionering uitoefen. Wat my opgeval het is dat resente, en relevante, navorsingstudies die wyse waarop die gesin as eenheid (waarin 'n kind met outisme homself/haarself bevind) behoort te funksioneer, beklemtoon (Outisme Suid-Afrika, 2004; Swanepoel, 2003; Jordan, 2001). Alhoewel resente studies in die Opvoedkunde die belangrikheid en waarde van inklusiewe onderwys beklemtoon (kyk 1.1), wil dit vir my voorkom of individue met hindernisse steeds “anders” beskou en hanteer word in die samelewing. Die studie streef daarin om begrip, empatie, innerlike verandering en bewustheid (kyk 1.3) by die leser en my as navorser teweeg te bring – die lewensverhaal word as 'n “kommunikasiemedium” gebruik om die indiepte belewinge en ingetseldhede aan lesers bekend te stel oor die hindernis (outisme). Ek hoop dus dat die moeder se reistog ander lesers sal inspireer om hul persepsies te wysig – aangesien haar seun nie outisties is nie, maar gediagnoseer is met outisme (kyk 1.5.1).

1.5 AANNAMES MET BETREKKING TOT DIE STUDIE

In die volgende subafdelings formuleer ek die aannames wat ek met betrekking tot die studie gemaak het.

1.5.1 Gestremdheid versus hindernis

Tydens die studie verwys ek na 'n kind met outisme, omdat ek graag die uniekheid en individualiteit van die kind wil erken. Dit wil sê hy is met outisme gediagnoseer; hy is nie outisties nie. Die hindernis moet dus nooit die individu definieer nie, maar eerder in perspektief geplaas word as 'n enkele aspek van sy/haar holistiese bestaan.

“Onthou, mens dink nie elke halfuur in elke situasie van elke dag, ek het 'n outistiese kind nie. Ek is gewoon aan my kind; hy is deel van ons sewe.” (Spreekbeurt 117)

Swart (2004, in Eloff en Ebersöhn, 2004) maak 'n belangrike stelling ten opsigte van 'n hindernis-etiket. Woorde reflekteer en versterk persepsies en ingesteldhede met betrekking tot 'n hindernis. Bedoelende dat die etiket van 'n hindernis gevoelens, beelde en stereotiperende persepsies by 'n mens kan teweegbring. Met die gebruik van "people-first language" aksentueer Swart (2004:235, in Eloff en Ebersöhn, 2004) dat dit meer respekvol is om na 'n persoon te verwys as iemand met 'n hindernis, as om die persoon as 'n hindernis te bestempel. Dié woordvervanging stel my as navorser in staat om respek, empatie en ondersteuning te toon, omdat ek wou verstaan en begryp en nie wou kategoriseer en etiketteer nie.

1.5.2 Onderliggende aannames

Tydens my beplanning en uitvoering van die navorsing het ek die volgende aannames gemaak:

- Moeders ervaar, aanvaar en verwerk die diagnose van outisme nie op dieselfde wyse nie.
- Moeders wat 'n kind het wat met outisme gediagnoseer is, ervaar nie dieselfde belewinge nie.
- Moeders van kinders met 'n hindernis, is nie eenders empaties ingestel op hul kind se unieke belewinge en behoeftes nie.
- Elke moeder se proses van aanvaarding van dié hindernis is uniek.
- Nie alle moeders met 'n kind met outisme weet hoe om hulself effektief uit te druk oor hulle ervaringe van hul kind se hindernis nie.
- Oriëntering van die moeder met betrekking tot *emosionele intelligensie* lei nie noodwendig tot meer positiewe belewinge en persepsies van outisme nie.

1.6 VERHELDERING VAN SLEUTELKONSEPTE

Hier word die relevante sleutelkonsepte wat toepaslik is vir die studie gedefinieer. Die konsepte word verder verken in Hoofstuk 2.

1.6.1 Kind met outisme

Met die volgende omskrywing poog ek om die eienskappe van 'n kind met outisme aan te toon:

Begripomskrywing
Kind
'n Kind is 'n jong persoon wat besig is om te ontwikkel na 'n verantwoordelike volwassene deur die begeleiding en ondersteuning van sy/haar ouer(s) of pleegouer(s) en/of ander betekenisvolle persone (Williams, 2004:8). Kinders is jong individue in die tydperk van die sesde tot twaalfde lewensjaar, wat algemeen bekend staan as die middelkinderjare (Louw, Van Ede en Louw, 1998: 326).
Moeder
Moederskap word omskryf as om fisiese, kognitiewe en emosionele versorging te bied aan 'n baba of 'n kind (Stratton en Heyns, 1993: 119, aangehaal deur Williams, 2004). Die verwantskap tussen moeder en kind kan biologies van aard wees, of die kind kan in haar pleegsorg geplaas word, of aangeneem word (Pretorius, 1998)

en verder kan die volwassene ook die rol van 'n versorger (moeder) inneem teenoor 'n kind in 'n sosiale verhouding. Moeder-kind-verhouding is die kwaliteit van die emosionele en sorg-interaksies tussen 'n moeder en haar kind.

Outisme

Outisme is 'n breë-spektrum steurnis wat ernstige ontwikkelingsgestremdhede meebring, wat herken word aan abnormale sosiale funksionering, vertraging van taal- en kommunikasievaardighede, asook eienaardige stereotiperende gedragpatrone en belangstellings wat deur die individu openbaar word (DSM-IV). Outisme word beskou as 'n komplekse, veranderlike, biologiese ontwikkelings-gestremtheid wat beide die ontwikkeling sowel as die funksionering van die brein affekteer (Landberg, Kruger en Nel, 2005: 307).

Emosionele Intelligensie (EI)

EI is die vermoë om jou eie emosies te herken, te verstaan en uit te druk, asóók om tussen jou eie en ander se emosies te kan onderskei. 'n Individu se verwysingsraamwerk dra by tot sy/haar gevoelens, gedagtes en gedrag wanneer hy/sy tot ekspressie van sy/haar emosies kom. 'n Persoon beskik verder oor die vermoë om ander se emosies te verstaan en om sy/haar eie emosies met hulle s'n te vergelyk. Deur emosies in ander te kan herken, stel 'n individu in staat om hom/haar met ander se situasie te vereenselwig en om ander met empatie en deernis te kan hanteer. Elke mens is in beheer van sy/haar emosies en die individu beskik oor die vermoë om dit op 'n effektiewe wyse te bestuur en tot ekspressie daarvan te kom. 'n Persoon kan op emosionele vlak aangespoor word om onmiddellike bevrediging uit te stel en om die voordeel van uitgestelde beloning te geniet. 'n Individu kan ook op 'n emosionele vlak aangespoor word tot probleemoplossing, persoonlike groei en self-gemotiveerdheid. Emosies kan bestuur word deur indringende en spanningsvolle gedagtes om te skakel na meer aangename denke. Emosies kan ook gereguleer word om emosionele en intellektuele groei teweeg te bring (Mayer, Salovey en Caruso, 2000; Bar-On, Maree en Elias, 2007).

Narratiewe lewensverhaal

Dit is die verhaal van 'n persoon se lewe wat hy/sy self ervaar en belewe en kies om te vertel. Die verhaal word so eerlik as moontlik oorvertel tot die beste van die persoon se geheue en vermoë. 'n Lewensverhaal is 'n breedvoerige narratief van 'n persoon se ervaring van sy lewe, waar belangrike aspekte uitgelig word (Atkinson, 1998, aangehaal deur Clandinin, 2007: 232).

1.7 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Niewenhuis (2007: 56, in Maree, 2007) meld dat die meeste ondersoekers vanuit 'n interpretivistiese paradigma begin werk en dan later ook 'n konstruktivistiese paradigma byvoeg. Hierdie studie word vanuit hierdie twee paradigmas onderneem, wat in noue verband staan met narratiewe navorsingsbeginsels en die lewensverhaal wat gegeneer word (slegs afkomstig van een moeder). In hierdie studie is daar dus net een lewensverhaal wat geïnterpreteer word.

"From an interpretivist point of view...to understand a particular social interaction the inquirer must grasp the meanings that constitute that actions" (Schwandt, 2001a: 191).

"Interpretivists celebrate the permanence and priority of the real world of first-person, subjective experiences" (Schwandt, 2001b: 223, in Denzin en Lincoln, 2001).

In die lig van die idee van 'n interpretivistiese paradigma (Kriel, 2002: 5), gaan dit hier om die feit dat die individu se gedrag, aksies en uitinge (verbaal en nie-verbaal) geïnterpreteer word aan die hand van die betekenis (beleving) wat hy/sy daaraan gee.

"..constructivism means that human beings do not find or discover knowledge so much as we construct it" (Schwandt, 2001a: 197).

In die lig van die idee van 'n konstruktivistiese paradigma (Hayes en Oppenheim, 1997:21, in Sexton en Griffin, 2007; Sexton, 1997, in Sexton en Griffin, 1997), gaan dit hier om die feit dat die individu telkens aan sy/haar situasie betekenis gee (beleving). 'n Individu se kennis word beskou as 'n self-ontwikkelende, aktiewe agent wat betekenis toevoeg aan gebeure.

"Constructivism means to interpret or analyse in a manner that places emphasis on a person's active creation and building of meaning and significance" (Sexton, 1997: 4, in Sexton en Griffin)

Wat betref die doel van my studie, sluit ek by hierdie gedagtegang aan – ek as navorser vertrek vanuit die standpunt dat ek wil begryp wat dit *beteken* om die moeder te wees van 'n kind met outisme. Die intellektuele bespreking oor die konsep *emosionele intelligensie* het die identifisering van emosionele intelligensie komponente, in die moeder se lewens-inhoude, as uitkoms. Die interpretasie van haar verhaal-inhoude, wat haar emosionele en kognitiewe belevinge van haar seun se outisme vervat, was 'n ⁵*kollaboratiewe* poging. 'n Kollaboratiewe benadering tot die studie stel my en die moeder in staat om as span data in te samel, saam te ontleed en saam haar belevinge te interpreteer oor wat dit beteken om die moeder te wees vir 'n seun met outisme (kyk 3.5.5.).

"Nuwe situasies bring 'n nuwe stel vars gevoelens wat jy moet deurwerk.

Omdat ek angstig word, probeer ek myself altyd te kalmteer deur te sê niks sal my ooit weer vang soos die dag van die diagnose nie. As jy vrede het, is dit aansienlik makliker om deur jou eie onsekerhede te werk"

(Spreekbeurt 119).

⁵Kollaboratief = om saam te werk om 'n bepaalde doelwit te bereik, asook om 'n gemeenskaplike beskouing te vorm betreffende die moeder se belevinge. Ons interaksie het plaasgevind binne 'n atmosfeer van respek, vertroue, ondersteuning en oop kommunikasie.

1.8 INLEIDENDE OORSIG OOR NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

Die volgende afdeling bied 'n beknopte oorsig van die navorsingsontwerp, navorsingsmetodologie, data-inwinningstrategie en data-analiseringsstrategie. Dié konsepte sal in meer detail bespreek word in Hoofstuk 3.

1.8.1 Navorsingsontwerp

Die studie is 'n kwalitatiewe navorsingstudie met 'n narratiewe navorsingsontwerp. Die rede hoekom ek 'n narratiewe navorsingsontwerp gebruik het, was omdat ek die essensie van die moeder se lewensverhaal, en van haar ervaringe en emosionele belevinge, wou insien en omskryf.

“The term ‘narrative’ comes from the verb ‘to narrate’, or ‘to tell’ (as a story) in detail”

(Cresswell, 2002b: 521, in Cresswell, 2002).

Haar narratiewe is dus 'n refleksie van persoonlike aangeleenthede en innerlike betekenis (Cresswell, 2002b: 521, in Cresswell, 2002; Clandinin en Connelly 2000: 418). Met die gebruik van die narratiewe stel dit my as navorser in staat om haar ervaringe te ondersoek en te verstaan. Narratiewe navorsing het my as navorser in staat gestel om die moeder se belevinge (betekenis) van navorsingsbenadering hoop ek dat dit my begryping sal vergemaklik van die aard en betekenis van die reistog wat die moeder met haar kind met outisme geneem het, en steeds daaglik voortsit. Na aanleiding van my rasionaal vir die navorsingontwerp verwys, ek na Cohen, Manion en Manion (2007), Holloway en Wheeler (2007), en Cresswell (2003) se beskouinge dat 'n kwalitatiewe ontwerp ryk, in-diepte waarhede en omvattende omskrywings van 'n persoon se belevinge en ervarings binne die situasie kan ontlok, wat bydra tot die verwerking van die doel van die studie.

Verder is die interpretivistiese en konstruktivistiese paradigmatas ook bydraend tot die studie en beskou ek die kollaboratiewe interpretasie as insiggewend en noemenswaardig (Denzin en Lincoln, 2002). Czarniawska (2004) beskou die vertelling van 'n verhaal as 'n vorm van sosiale lewe, 'n vorm van kennis oordra, en 'n vorm van kommunikasie. Daaruit kan afgelei word dat verhale 'n wyse is waarop betekenis aan gebeure toegevoeg kan word. Die oorvertelling van 'n verhaal stel jou in staat om jouself te verduidelik en beheer te neem van jou ervaringe (Williams, 2004). Deur die lewensverhaal van die moeder in die teenwoordigheid van outisme saam met haar te verken, het ons gestalte gegee aan haar eie, persoonlike, unieke lewensverhaal.

*“My voorbeeld en geaardheid dra hopelik 'n boodskap van oorwinning uit, want
glo my – as almal meer na mekaar geluister het en minder gesels-wroeg het was ons almal in 'n beter plek”*

(Spreekbeurt 129).

1.8.2 Identifikasie van 'n deelnemer

Daar is reeds 'n verhouding met die moeder gestig voor die aanvang van die studie. Die deelnemer is die moeder van 'n negejarige seun met outisme wat in die grondslagfase is by 'n skool vir kinders met outisme in Pretoria. Omdat beide die moeder en die kind se moedertaal Afrikaans is, het ek besluit om die studie deur middel van Afrikaans te onderneem.

1.8.3 Data-inwinning-strategieë

Die inligting is soos volg ingewin en het ek gebruik gemaak van die volgende strategieë oor 'n tydperk van vyf maande:

PROSES 1: LEWENSVERHAAL

- Informele onderhoude.
- Herinneringsboek.
- Collages.
- Metafore.
- Lewenstemas.
- Staaltjies.
- Semi-gestruktureerde onderhoud.
- Waarnemingsnotas.

PROSES 2: VERKENNING VAN EMOSIONELE INTELLIGENSIE KOMPONENTE

- Bespreking van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model.
- Identifiseer emosionele intelligensie komponente in haar lewensverhaal.
- Waarnemingsnotas.


1.8.4 Data-ontleding en –interpretasie

Die inligting is soos volg ontleed en geïnterpreteer en het ek gebruik gemaak van die volgende strategieë oor 'n tydperk van vyf maande. Die data-analise metode van Creswell (2003:196-197) en McMillan en

Schumacher (2001:408) word aangetref en bespreek in Hoofstuk 3 (kyk 3.5.3 en 3.5.4), asook in Hoofstuk 4 om die bevindinge van die studie te kan vertolk. Die moeder het aanvanklik alleen haar eie emosionele intelligensie komponente verken, daarna het ons saam die emosionele intelligensie komponente in haar lewensverhaal geïdentifiseer. Die data-analise metode wat aangewend is in die onderhawige studie het drie lewenstemas (prosesse) in die vorm van 'n lewenslyn opgelewer (kyk 4.2.2). Gedurende die verduideliking van die data-

inwinning-strategieë (kyk 1.8.3) word dit in twee prosesse geklassifiseer, naamlik Proses 1: Lewensverhaal generering en Proses 2: Emosionele intelligensie komponente verkenning. Die twee prosesse word in die studie afsonderlik verwerklik, maar dié prosesse moet beskou word as 'n denkbeeldige skeiding aangesien die inhoud vanuit die prosesse geïntegreer word tydens analise en interpretasie van die data.

Figuur 1.1 Geheelbeeld van die data-inwinning-strategieë



Alhoewel die prosesse afsonderlik uitgevoer is, is telkens gepoog om die inhoud, temas en konstrunkte wat daaruit gegenereer is in verband te bring met mekaar, om ryker en dieper belevinge te kan identifiseer. Die strategieë van die eerste prosesse bestaan uit die interpretasie van verhaal-inhoude deur middel van 'n *kollaboratiewe* poging van my, die moeder en my studieleier om die temas te identifiseer en te interpreteer. Die strategieë van die tweede prosesse het behels dat die moeder, eers alleen, haar eie emosionele intelligensie komponente geïdentifiseer het in die data wat uit Proses 1 se verhaal-inhoude voortgespruit het. Die ontleding van Proses 2 is gedoen om haar emosionele intelligensie komponente te identifiseer en om haar die geleentheid te gee om oor haar lewensverhaal te reflekteer.

1.9 VERWAGTE UITKOMSTE VAN DIE STUDIE

Die verwagte uitkomst van hierdie studie was dat die lesers moontlik begrip, empatie, innerlike verandering en bewustheid (kyk 1.3) kon verwerf deur middel van die lewensverhaal van die moeder in die teenwoordigheid van outisme. Emosionele intelligensie verkenning in haar lewensverhaal kan 'n bydrae lewer tot verdere insigte met betrekking tot haar kind se hindernis. Hiermee saam kan die verkenning van emosionele intelligensie komponente, wat verband hou met die bewuswording van emosionele belevinge, bydra tot 'n besef van die waarde van *emosionele intelligensie* verkenning in navorsing in die lewensverhaal van die moeder. Die studie kan moontlik 'n bydrae lewer tot my insig en kennis met betrekking tot persone met hindernisse, en tot voordeel wees van diegene wat in verhoudinge met hulle verkeer en vir kinders met outisme opvoeding en versorging verantwoordelik is.

1.10 VOORSIENE UITDAGINGS

Voor die aanvang van die studie het ek moontlike uitdagings geantisipeer wat die studie kon kompliseer. Die voorsiene uitdagings hou verband met (1) die uitvoerbaarheid en effektiwiteit van strategieë om data in te win binne die tydperiode van die studie, en (2) die opgawe om die moeder tot ekspressie van haar ervaringe en belewinge te verlewendig. Dié uitdagings word vervolgens bespreek:

Die moeder kan voorkeure en afkeure hê betreffende die formaat van die data-inwinning-strategieë waardeur sy haarself tot ekspressie moet bring. Die data-inwinning-strategieë kan die moeder ongemaklik laat voel, sodat sy moontlik haar aandeel aan die studie negatief kan belewe. Beide ek en die moeder se dagprogramme kan ons verhoed om gelyktydig beskikbaar te wees om beplande aktiwiteite uit te voer. Verder bestaan die moontlikheid dat die moeder tot die besluit kan kom om haarself van die studie te onttrek. Om die voorsiene risiko's te verminder het ek tot die besef gekom dat dit noodsaaklik is dat die proses (waartydens inligting ingewin word) aanpasbaar en buigsaam moet wees, om sodoende die moeder te akkommodeer en om elke kontakssessie 'n geleentheid te maak vir optimale data-inwinning. Verder het ek besef dat, om vertroulike deelname te verseker, en haar in beheer te plaas van die emosionele belewinge wat sy met my wil deel, daar 'n spontane en oop verhouding tussen ons moet wees. Daarom was die volgende etiese oorwegings van kardinale belang:

1.11 ETIESE OORWEGINGS

Dit is belangrik om moontlike etiese gevolge in die sosiale wetenskappe veld te identifiseer (De Vos, 2007: 57, in De Vos et al., 2007), veral omdat ek met narratiewe inligting werk en dus die moeder en myself in die proses moet beskerm. Daarom het ek met eerlikheid en openlikheid die volgende aspekte van my studie geïdentifiseer en soos volg bespreek:

1.11.1 Bedagsaamheid teenoor die moeder

Die onderhawige studie het 'n element van risiko, aangesien ek met inligting gewerk het van 'n persoonlike en emosionele aard. Die aard van die vrae asook die aktiwiteite het soms die moeder effe ongemaklik laat voel, aangesien sy erken het dat sy eerder op toekoms-moontlikhede fokus as op verlede-ervaringe.

“Mens onthou nie alles nie. Jy bank meestal die ondervindings en ervarings as verlede tyd, want aanbeweeg is sóóóó belangrik” (Spreekbeurt 6).

Omdat ek bewus was daarvan dat sy die gevoel kon kry dat ek dalk inbreuk maak op haar persoonlike ervaringe, het ek haar telkens die keuse gegee dat sy slegs met my belewinge hoef te deel waarmee sy gemaklik is (kyk 5.3). Openlikheid en eerlikheid tydens die studie het my begrip van haar ervaringe en belewinge verruim, en ook die kanse verminder dat sy sou wou onttrek, inligting weerhou, of bedreig sou voel.

“Dis vir my ‘n heerlike en ongelooflike proses om op ‘n ‘trippie’ te gaan in my outistiese kind se vormingsjare, nadat jy heelwat drade losgewikkel het” (Spreekbeurt 16).

Sy het wel opgemerk dat die studie sekere emosionele belewinge by haar sou wek, maar sy het meer groei en optimisme ervaar as weerloosheid en hartseer. Ek was bewus daarvan dat sy dalk dit nodig sou vind om na afloop van die studie met ‘n professionele persoon te gaan praat oor haar ervaringe gedurende die studie, maar sy het my verseker dat sy die vertelling van haar lewensverhaal en gepaardgaande belewinge as verrykend en self-ondersoekend ervaar het.

“Dit help ook natuurlik dat my ‘memories’ soosied en meestal positief is. Slegte ervarings is geblik en begrawe. Dis tyd en energiemors om hulle te laat voortleef in jou brein soos ‘n gewas wat jou tap!” (Spreekbeurt 18).

Ek was aanvanklik onseker of die moeder die studie as positief sou belewe, en na aanleiding van ons besprekinge is ek van mening dat sy tog voel dat sy baat gevind het daarby, byvoorbeeld deur haar ervaringe en belewinge met my te deel. Ek dink dié studie het haar ‘n ryker perspektief op haar lewenservaring met haar kind gegee, dat sy in voeling is met haar emosies, en dat die verhaal-inhoud insig en verryking in haar lewe gebring het. Ek vertrou dat haar lewensverhaal ander mense sal aanraak en hul perspektief met betrekking tot outisme sal verruim.

1.11.2 Etiese ingesteldheid teenoor die moeder

Etiese riglyne voorsien riglyne en verwagtinge oor die mees korrekte wyse van optrede teenoor die deelnemer, en dien dié riglyne ook as standaard waarvolgens ‘n navorser sy/haar optrede moet evalueer (Kriel, 2002: 21). Ek het tydens die studie daarop gelet om geen skade aan die moeder se gesteldheid aan te rig nie. Dit het vereis dat ek die volgende etiese aspekte in ag moes neem om dit te voorkom. Met behulp van verskeie akademië se werke oor etiese oorwegings sal ek soos volg die kategorieë bespreek:

Figuur 1.2 Grafiese voorstelling van etiese oorwegings



□ Ingeligte toestemming

Ingeligte toestemming verwys na die oriënteringsproses waartydens die deelnemer volkome ingelig word jeens die studie. Die ingeligte toestemming verduidelik die doel van die ondersoek, die prosedures wat gevolg gaan word, die voordele en nadele van die studie, en ook die betroubaarheid van data-interpretasies (De Vos, Strydom, Fouché en Delpont, 2007: 65; Neuman, 2003:124; Swanepoel, 2003: 18). Ek het tydens die beplanning van die onderhawige studie die doelstelling uiteengesit en ek ook verder die positiewe én negatiewe uitkomst van die studie geïdentifiseer. Ek voel dit was belangrik dat ek die moeder, as deelnemer, in kennis moes stel betreffende die aard en doel van die aktiwiteit wat die ondersoek aanwend – aangesien haar lewensverhaal persoonlike belewinge bevat en uitsluitlik met haar toestemming deel kan uitmaak van die verhandeling wat gepubliseer word en deur ander gelees gaan word. 'n Skriftelike toestemmingsbrief is aan haar voorgelees en ek het addisionele verduidelikings aan haar gebied (kyk Bylaag A). Na aanleiding van my verduideliking, het die moeder ingestem om deel te neem aan die studie. Dus, is haar keuse tot deelname verantwoord en het ek nie die moeder oorreed of probeer beïnvloed nie. Die moeder is tydens die eerste ontmoeting ingelig dat sy enige tyd mag onttrek en dat haar deelname vrywillig is.

□ Veilige deelname

Dit was my etiese plig om die veilige deelname van die moeder te verseker, aangesien Strydom (2007: 58, in De Vos et al., 2007) en Babbie en Mouton (2001: 522) dit beklemtoon dat 'n deelnemer beide fisies en emosioneel nie geskaad mag word gedurende 'n studie nie. Neuman (2003:120) bespreek die term *psigologiese mishandeling* en meld dat dit oneties is om 'n deelnemer in 'n stres-belaaide, vernederende en angs-wekkende situasie te plaas, wat liefers vermy moet word. Balfour (2007: 20) maak 'n belangrike stelling wanneer sy meld dat emosionele skade nie voorspel kan word nie, maar waarskynlik meer intense skade kan aanrig as fisies skade. Dus, die beste manier om die moeder te beskerm was deur deeglike voorbereiding vir kontakssessies, en deur die moeder met betrekking tot moontlike uitkomstes en onthullings in te lig.

Holloway en Jefferson (2000) word deur Williams aangehaal (2004: 52) waar hul dit staaf dat veilige deelname verseker kan word indien die volgende drie beginsels gehandhaaf word, naamlik eerlikheid, simpatie en respek vir die deelnemer. Leed, wat moontlik deur die moeder ervaar is, kon ek nie altyd beheer het nie, en die uitwerking, wat dit op die moeder gehad het, kon ek ook nie voorspel nie (Swanepoel, 2003). Nietemin was ek tydens die studie bewus van potensiële leed en skade (byvoorbeeld, emosioneel) wat die moeder moontlik kon ervaar en het ek alles in my professionele vermoë gedoen om dit te voorkom. (De Vos, Strydom, Fouché en Delpont, 2007: 64). Dit sluit in dat die inhoud, aktiwiteit en bevindinge van die studie nie die moeder geskaad het op 'n fisiese of emosionele wyse nie. Die emosionele gesteldheid van die moeder is gemonitor in samewerking met my studieleier, en alhoewel die interpretasies en emosioneel intelligensie verkenning vir haar 'n persoonlike en intieme aangeleentheid was, het sy ons verseker dat sy nie terapie benodig nie. Ek het die moeder gedurende en na afloop van die studie ondersteun en gerespekteer.

□ Vertroulikheid van inligting

Van die belangrikste etiese kwessies met betrekking tot die studie gaan om die vertroulikheid van data en die moontlikheid dat die identiteit van die deelnemer ontbloot sal word (Balfour, 2007: 22).

“Social research, moreover, often requires people to reveal information about themselves – information that may be unknown to their friends and associates” (Babbie en Mouton: 2001: 521).

Anonimiteit dra nie dieselfde betekenis as *vertroulikheid* nie. Balfour (2007) en Babbie en Mouton (2001) verduidelik dat anonieme deelname as kriterium beteken dat ek as navorser nie met die moeder 'n onderhoud kan voer nie. Die rede daarvoor is dat ek haar dan ontmoet het en ek dus haar kan identifiseer. Maar vertroulike deelname as kriterium beteken dat ek as navorser die identiteit van die moeder ken, maar nie haar identiteit bekend sal maak in die studie nie.

Daar het reeds 'n vertrouensverhouding ontwikkel, omdat ek die moeder reeds geken het voor die studie (kyk 3.5). Eerlikheid, openheid en duidelikheid is van die begin af gekoester, en daarom het ek dit goed gedink om haar persoonlike tuiste as navorsings-omgewing te kies, wat die verhouding ondersteun het, en saam was ons bereid om gevoelens, waarnemings en gedagtes uit te ruil. Ek en die moeder het saam 'n besluit geneem met betrekking tot die wyse waarop die belevinge, wat ontgin is, onthul sou word. Die belevinge van die moeder handel oor gevoelens, gemoedsgesteldhede, geloofsoortuigings asook persoonlike ervarings. Die moeder was deurlopend betrokke tydens die interpretasie en samevatting van bevindinge, en geen inligting is sonder haar toestemming geïnterpreteer nie. Omdat ek die moeder van die vertroulikheid van inligting verseker het, het dit die moontlikheid verhoog dat haar vertelling eerlik, oop en samewerkend van aard was (Aguinis en Henle, 2002: 41, in Rogelberg). Tydens die inwinning van data het ek die moeder verseker dat sy anoniem sal bly en dit het bygedra tot haar spontane en ongebonde interpretasies.

□ **Supervisie en professionaliteit**

As student het ek ten alle tye in samewerking met my studieleier gewerk. Ek het daarna gestreef om eties korrek op te tree en om nie metodes te volg wat vermoedens kan genereer wat ek nie sou kon hanteer nie (De Vos, Strydom, Fouché en Delport, 2007: 63). Ek het moontlike risiko's van die studie geïdentifiseer en het daarop gefokus om die moeder se belange en welstand ten alle tye te beskerm.

“No one deserves harm or embarrassment as a result of insensitive research practices”
(Christians, 2000: 139, in Denzin en Lincoln, 2000).

□ **Bekendmaking van bevindinge**

Die bevindinge, wat in 'n verhandeling opgeneem gaan word, moet so duidelik, akkuraat en objektief as moontlik wees. Dit sluit in dat ek nie vooroordelend mag wees in my studie nie en ook nie plagiaat mag pleeg nie (Balfour, 2007: 23). Dit is belangrik om beide negatiewe en positiewe bevindinge te erken (kyk 5.3), en dat ek as navorser probleme en foute sal erken tydens die studie (Strydom, 2007: 66, in De Vos, 2007). 'n Laaste

belangrike vereiste is dat ek geen veranderinge aan die data sal aanbring nie, en dat ek dus nie die data sal aanpas om by my opvattinge en verwagtinge aan te sluit nie (Babbie en Mouton, 2001: 526).

1.11.3 Vertrouenswaardigheid van die studie

Inleiding

Ek het daarna gestreef om die kwaliteit van die navorsingsproses in die studie te verseker en dit word aan die hand van die volgende twee konsepte bespreek, naamlik (1) *betroubaarheid* en (2) *geloofwaardigheid*.

- Vertrouenswaardigheid (betroubaarheid en geloofwaardigheid) dui op die oortuiging dat die studie waardevol is om te ondersoek en van 'n hoë kwaliteit is (Bouwer, 2007: 59).
- Kredietwaardigheid dui op die verskeie strategieë wat geïmplementeer kan word om 'n studie se *kredietwaardigheid* te verseker (McMillan en Schumacher, 2001).

Die twee boegenoemde konsepte word volledig in Hoofstuk 3 (kyk 3.6) bespreek.

1.12 HOOFSTUKINDELING

Ek sit vervolgens die hoofstukindeling van die studie uiteen:

1.12.1 HOOFSTUK 1

Oriëntering, probleemstelling, konseptualisering en metodologiese oorsig

Hoofstuk 1 behels 'n inleidende betoog om die leser ten opsigte van die studie te oriënteer. In dié hoofstuk formuleer ek die doel van die studie en die probleemstelling. Verder bied ek 'n uiteensetting insake die konsepte van die studie, die paradigmatata waarin gewerk is, en die metodologiese prosesse wat gevolg word.

1.12.2 HOOFSTUK 2

Literatuurstudie

Hoofstuk 2 vervat die teoretiese aannames en konseptuele raamwerk waarop die studie gegrond is. Ek fokus op literatuur en ondersoek relevante literatuur oor *outisme* en *emosionele intelligensie*, om die doel van die studie te bereik.

1.12.3 HOOFSTUK 3

Metodologiese verantwoording

In Hoofstuk 3 bied ek 'n uiteensetting van die metodologiese struktuur van die studie. Ek bespreek die relevante paradigma, navorsingontwerp en oriëntasie tot die studie, asook die data-inwinning-strategieë en data-analisering-strategieë wat ek aanwend om in my navorsingsdoel te slaag. Hierbenewens beskryf ek ook

my rol as navorser, die voordele en nadele van gekose navorsingsontwerp, en die kwaliteitsversekering van die studie aan die hand van etiese oorwegings.

11.2.4 HOOFSTUK 4

Navorsingsresultate en bevindinge

In Hoofstuk 4 word die navorsingsresultate en bevindinge van my verhandeling uiteengesit. Hierbenewens bespreek ek die lewens-temas en belewinge wat gerealiseer het vanuit die data wat ingesamel is. 'n Verder bespreking handel oor die verkenning van emosionele intelligensie komponente in die moeder se lewensverhaal. In Hoofstuk 4 word die resultate van die studie in verband gebring met literatuur-inhoude wat in Hoofstuk 2 weergegee is.

11.2.5 HOOFSTUK 5

Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

Die bevindinge van die studie word aan die hand van Hoofstuk 1 se primêre en sekondêre navorsingsvrae beantwoord en bespreek. Dié hoofstuk leen hom tot refleksie en selfondersoek, aangesien ek in die lig van my navorsingsresultate die tekortkominge en beperkinge van die studie bespreek, en aanbevelings maak wat betref verdere navorsing, opleiding en intervensie.

1.13 SAMEVATTING

In hierdie eerste hoofstuk het ek daarin gepoog om die agtergrond, rasionaal, doelstelling en motivering van *outisme* as studie-onderwerp te verduidelik. Die primêre en sekondêre navorsingsvrae word aan die hand van die navorsingsontwerp en navorsingmetodologie bespreek en gemotiveer. Etiese oorwegings vir die studie is geïdentifiseer en bespreek, aangesien dit direk verband hou met die deelname van die moeder, en om die kwaliteit van die studie te verseker. Die volgende hoofstuk fokus op relevante literatuur en die teoretiese grondslag van die studie.

HOOFSTUK TWEE

'n Literatuurstudie oor outisme en emosionele intelligensie



"It is not curable, but it is and will always be treatable'. As dit jou as ouer nie hoop gee nie, wel dan is jy die een met die werklike probleem." (Spreekbeurt 23)

2.1 INLEIDENDE ORIËTERING

Aangesien dit in hierdie studie gaan om die lewensverhaal van die moeder met betrekking tot haar seun wat met outisme gediagnoseer is, en ook om die identifisering van emosionele intelligensie komponente, word vervolgens aandag gegee aan die verkenning, definiëring en omskrywing van die konsepte *outisme* en *emosionele intelligensie*.

2.2 LITERATUUROORSIG MET BETREKKING TOT OUTISME

2.2.1 Inleiding

Die woord *outisme* beteken: In jouself getrek (Hart, 1993).

Dokter Leo Kanner (1943, aangehaal deur Mash en Wolfe, 2002) was een van die eerste persone wat *outisme* in kinders gediagnoseer het. In *Outisme Suid-Afrika* (2004) se algemene en bondige inligtingsreeks oor outisme word hierdie hindernis na hom vernoem, naamlik: Kanner/Klassieke Outisme. Dokter Kanner (1943, aangehaal deur Mash en Wolfe, 2002) het repeterende handeling van kinders met *outisme* as tipies beskryf. Hy was van mening dat die vermoë van hierdie kinders, om die buitewêreld uit te sluit, en 'n *uiterste outistiese eensaamheid* te verkies, opvallend is (Mash en Wolfe, 2002: 258; Hart, 1993:15). Die bogenoemde kernomskrywing van Dokter Kanner (1943, aangehaal deur Mash en Wolfe, 2002) blyk relevant te wees tot hedendaagse ondersoek en kliniese omskrywing betrefende outisme. Dié kernomskrywing word verder ontwikkel en uitgebrei deur die omskrywing wat bekend staan as die samehang van eienskappe (kern- en geassosieerde hindernisse word in 2.2.2 bespreek) by leerders met outisme.


Perspektiewe op outisme

Daar is verskeie perspektiewe op hierdie hindernis en dit dra by tot die wyse waarop outisme omskryf en benader word. Die ondergenoemde perspektiewe se bydrae tot die studie van outisme is belangrik, en dus sal ek kortliks elkeen se waarde vir die studie bespreek (Reindal, 2008; Asprey en Nash, 2006; Sternberg, 2001; Jarvis, 2000 en Cohen, 1988).

LET WEL: Die onderhawige studie ondersteun nie slegs een perspektief nie, maar streef daarin om die ondergenoemde perspektiewe te kombineer om sodoende 'n breër en 'n meer omvattende ingesteldheid te ontwikkel oor outisme as hindernis.

Soos reeds bespreek is die doel van die studie om 'n diepere begrip oor die belewing van 'n moeder oor haar seun met outisme te kry. Deur multi-perspektiewe (psigo-sosiale, mediese, humansites, psigo-dianmies) in die studie te inkorporeer, asook om 'n multi-metode metodologiese aan te wend (kyk 3.6.4 oor die konsep *kristallisasië*) stel dit my as navorser in staat om die kompleksiteit van die belewing en ingetseldhede te vertolk. Dus word begrip, empatie, innerlike verandering en bewusworing oor die verskynsel beter ondersoek (kyk 1.3).

Figuur 2.1 Grafiese voorstelling van perspektiewe



- Die kliniese omskrywing van die eienskappe van 'n hindernis word beskou as 'n *mediese perspektief*, en hierdie perspektief fokus meer op die klassifisering van 'n hindernis (kyk 2.2.3). Die oorsake van 'n hindernis hou gewoonlik direk verband met bepaalde faktor(e). Die mediese model gebruik die term "outistiese kind" om die kind onder 'n bepaalde hindernis te kan klassifiseer.
- Die *psigo-sosiale perspektief* fokus meer op die ouers se ervaringe, op hul belewenisse en ook op die ondersteuningsnetwerk van die ouers in die teenwoordigheid van outisme (kyk 4.3 en 4.4). Die oorsake van die hindernis word holisties beskou, dit wil sê oorsake kan kulturele, sosio-ekonomiese of omgewingsfaktore wees. Die psigo-sosiale model sal die kind beskryf as met outisme gediagnoseer, om sodoende die individualiteit van die kind te beklemtoon.
- Die *humanistiese perspektief* is meer gefokus op die emosionele aspekte van 'n persoon se lewe as bloot op sy/haar gedrag. Dus word klem gelê op die individu se behoefte om homself/haarself te aktualiseer en sy/haar potensiaal te bereik in die teenwoordigheid van outisme. Die konsep *emosionele intelligensie* pas goed in hierdie perspektief in, aangesien dit fokus op die moeder se ervaringe en emosionele belevinge van haar kind se outisme (kyk 2.3).
- Die *psigo-dinamiese perspektief* aksentueer weer die ervaringe van 'n individu se kinderdae, veral die ervaringe en gevoelens wat verband hou met sy/haar verhoudinge met die ouers. Dus die invloede vanuit die persoon se verlede kan sy/haar persepsies en gedrag beïnvloed, en ook 'n impak hê op die wyse waarop 'n ouer sy/haar verhouding met die kind benader (kyk 2.2.4 en 2.2.5).

Bogenoemde perspektiewe het my as navorser in staat gestel om die aard en etiologie van die hindernis te verstaan. Byvoorbeeld, die humanistiese en psigo-sosiale modelle beklemtoon die feit dat 'n holistiese perspektief nodig is om die individu te begryp en te verstaan, en dus moet kulturele en kontekstuele faktore in aanmerking geneem word by 'n beskouing van die kind met outisme. Ook die mediese model het 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot my beskouing van die hindernis. Ek besef ook dat elk van die perspektiewe implikasies inhou met betrekking tot die wyse waarop ouers hierdie kinders moet opvoed. In hierdie studie sal ek daarna streef om die moeder met empatie te beskou wat betref haar belevinge van haar kind, sodat ek haar situasie deur haar oë kan beskou en begryp.

2.2.2 Definies en etiologie van outisme

Omvattende beskrywing van outisme

Outisme is die term wat gebruik word om 'n verskeidenheid neurologiese probleme met betrekking tot denke, waarneming en konsentrasie, van 'n kind met outisme, te verduidelik. Dit word nie as 'n psigologiese of emosionele versteuring geklassifiseer nie, maar word toegeskryf aan abnormale breinontwikkeling en breinfunksionering (Outisme Suid-Afrika, 2004; Banks, 2004). Outisme is 'n breë-spektrum steurnis met ernstige ontwikkelingshindernisse, wat herken word aan abnormale sosiale funksionering, gebrekkige taal- en kommunikasievaardighede asook eienaardige gedragspatrone en belangstellings. Outisme kan moontlik vermoëns, wat die individu tot redenasie en verbeelding in staat stel, beperk. Wat teoretici met *breë-spektrum steurnis* bedoel, is dat daar verskillende kombinasies en intensiteite van die outistiese steurnis in kinders opgemerk word, ten opsigte van hulle eienskappe, vermoëns en handeling (Miller, 2008: 386; Mash en Wolfe, 2002: 260; Bodish, Symons, Parker en Lewis, 2000).

“Dit was nie soseer outistiese eienskappe nie, maar eerder ‘late bloomer’.

My seun het nie in woorde begin praat nie, wat dan woordeskat word nie. Dit was baie beperk. As gevolg van verbale frustrasies het hy van ouderdom twee baie kwaai geword en homself neergegooi. In retrospek sou dit seker 'n gebrek aan kommunikasie wees, tevredenheid met alleenspel, min sosiale belangstelling of interaksie” (Spreekbeurt 57).

Uniekheid van outisme onder individue

Die outistiese gesteldheid van elke kind is uniek. Dit is herkenbaar aan spesifieke eienskappe wat op verskillende vlakke waargeneem kan word in 'n kind met outisme. Die saamgedrongenheid van die outistiese eienskappe en die wyse waarop die kind dit vertoon, is uniek tot elke individu. Die intensiteit van die betrokke eienskappe hang af van die individu se ontwikkelingsvlak en chronologiese ouderdom (American Psychiatric Association, 2000: 70; Hart, 1993:8). Dus is dit onwaarskynlik dat enige twee kinders met outisme dieselfde is – dit is eerder so dat elke kind 'n unieke profiel vertoon.

“...understanding autistic spectrum patients means more than considering the symptoms – personality will also be vital, in its own right and in how it interacts with the pathology”

(Alvarez en Reid, 1999).

“Outisme is uniek tot elke kind. Party is definitief meer geaffekteer as ander” (Spreekbeurt 32).

Miller (2008:387) maak 'n belangrike stelling oor outisme. Haar opvatting lui dat, alhoewel haar kliënt sterk outistiese eienskappe kan openbaar, dit wil voorkom of dié kliënt ook gelyktydig 'n vermoë toon om uniek en anders te dink. Dit laat my besef dat, alhoewel hierdie kinders almal as outisties gekategoriseer word, hulle almal unieke individue is wat outistiese eienskappe vertoon (kyk 1.5.1). Ek wil aansluit by Miller (2008) wat van

mening is dat 'n kind, wat met outisme gediagnoseer is, tog neig om 'n sterk individualistiese persoonlikheid te vertoon, en dat hy/sy net soos ander individue 'n unieke mens is in sy/haar persoonlike hoedanigheid.

□ **Statistiek**

Outisme word gewoonlik voor die vierde lewensjaar van die kind gediagnoseer (Balfour, 2008: 1) en alhoewel outisme vier keer meer gediagnoseer word by seuns as by meisies, het outisme geen rasse, etniese, ekonomiese of sosiale grense waarin dit waargeneem word nie (Taylor, 2006: 511). Volgens Outisme Suid-Afrika (2004) se statistiese opname word 1 kind uit elke 158 kinders voor die ouderdom van tien met outisme gediagnoseer. Dit word verder ook aangedui dat 70% van leerders wat met outisme gediagnoseer is, addisionele leerhindernisse ervaar (Taylor, 2006: 511). Aansluitend by hierdie bevinding kan dit genoem word dat Gillberg en Coleman (2000:10) bevind dat die meerderheid van kinders met outisme ook met beperkte verstandelike vermoëns gediagnoseer word. Dus verstandelik (kognitief) funksioneer die *meerderheid* van die kinders tussen 'n normale tot amper normale IK meetgrens.

□ **Outisme-versteurings-kontinuum**

Die volgende outeurs het elk 'n bydrae gelewer tot die opsomming van die outisme-versteurings-kontinuum met die vyf ondergenoemde outisme-spektrum-versteurings (Plimley, 2007; Kelly, Garnett, Attwood en Peterson, 2008; Mandelbaum, Stevens, Rosenburg, Wiznitzer, Steinschneider, Filipek en Rapin, 2006; Outisme Suid-Afrika, 2004; Mash en Wolfe, 2002; Gillberg en Coleman, 2000; Baron-Cohen, Ring, Wheelwright, Bullmore, Brammer, Simmons en Williams, 1999 en Gillberg en Gillberg 1989).

□ ***Outistiese versteuring (Klassiek/Kanner)***

Klassieke outisme is een van vyf tipes outisme-spektrum-versteurings wat onder die sambreelterm outisme-versteurings-kontinuum geklassifiseer word. Klassieke outisme is die samehang van kern- en geassosieerde hindernisse (kyk figuur 2.2, 2.3 en 2.4) ten opsigte van die wyse waarop 'n agterstand in die optimale ontwikkeling van 'n individu se kommunikatiewe, sosiale, gedrags- en sensoriese-motoriese vordering gediagnoseer word. Verstandelike gestremdheid, as geassosieerde hindernis, kan ook verder by 'n individu gediagnoseer word wat reeds met klassieke outisme gediagnoseer is.

□ ***Rett versteuring***

Dié progressiewe neurologiese outisme-spektrum-versteuring word beskou as 'n seldsame outistiese versteuring en word hoofsaaklik in meisies gediagnoseer. Die individu se ontwikkeling verloop normaal, en tussen ouderdom ses tot agtien maande stagneer of regreseer die individu terug na 'n vorige vlak van ontwikkeling en funksionering. Dié outisme-spektrum-versteuring gaan gepaard met kern- en geassosieerde hindernisse (kyk figuur 2.2, 2.3 en 2.4). Die individu se sensoriese-motoriese koördinasie verswak en dus word die fisiese funksionering van die individu ingeperk tot 'n groot mate. Verstandelike gestremdheid, as geassosieerde hindernis, kan ook verder by 'n individu gediagnoseer word wat reeds met Rett versteuring gediagnoseer is.

□ ***Asperger versteuring***

Asperger, as 'n outisme-spektrum-versteuring, gaan gepaard met 'n hoë funksioneringsvlak wat betref verstandelike aktiwiteite. Die meerderheid individue, wat gediagnoseer word met Asperger, het 'n gemiddelde

tot bo-gemiddelde intelligensie en kan 'n obsessiewe belangstelling in bepaalde voorwerp(e) en/of aktiwiteit(e) by die individue geïdentifiseer word. Individue, met Asperger, se taalontwikkeling word omskryf as toereikend en bevredigend aangesien 'n agterstand in taalontwikkeling nie so opsigtelik is soos by die ander outisme-spektrum-versteurings nie. Die kern- en geassosieerde hindernisse (kyk figuur 2.2, 2.3 en 2.4) van individue met Asperger is minder aangetas en dit impliseer dat 'n akkurate diagnose nie so maklik is nie – aangesien dit blyk of die individue sy/haar ontwikkelingsmylpale oënskynlik bevredigend bereik.

□ ***Kinder-disintegrasie-versteuring***

Kinder-disintegrasie-versteuring, as 'n outisme-spektrum-versteuring, word (nes Rett versteuring) in 'n eens normaal funksionerende individu gediagnoseer vanaf 'n ouderdom twee tot vier jaar. Die kinder-disintegrasie-versteuring word in 'n individu gediagnoseer na 'n individu ernstige regreterende ontwikkelings-agterstande begin toon in sy/haar taal, gedrag en motoriese vaardighede. Dié tipe outisme-spektrum-versteuring is seldsaam en kan gepaard gaan met epileptiese voorvalle.

□ ***Omvattende (pervasiewe) ontwikkelingsversteuring – nie gespesifiseer nie***

Omvattende (pervasiewe) ontwikkelingsversteuring wat ook geklassifiseer word as een van die vyf outisme-spektrum-versteurings verskil in verskeie opsigte van die ander vier versteurings. Omvattende (pervasiewe) ontwikkelingsversteuring word nie gespesifiseer nie, aangesien die samehang van die kernhindernisse (kyk figuur 2.2 en 2.3) nie in individue geïdentifiseer kan word nie. Die individu toon wel 'n ernstige agterstand in sy/haar sosiale vaardighede (interaksie) in sy/haar omgewing vanaf ouderdom drie jaar. Die tipe outisme-spektrum-versteuring (nes Asperger) is moeilik om te diagnoseer by 'n individu, en baie kinders loop die gevaar om nie gediagnoseer te word nie, omdat daar nie-genoegsame en pertinente versteurings-uitvalle geïdentifiseer kan word in die individu se sosiale ontwikkeling nie.


□ Samehang van hindernisse

Outisme is 'n lewenslange, komplekse en voortdurende ontwikkelingshindernis wat opvallende versteuringe in kommunikasievaardighede meebring. Die versteuringe word ook gemeld by die uitbeelding van stereotiperende gedragpatrone asook gewoontepatrone by die individu (Miller, 2008; Swanepoel, 2003; Mash en Wolfe, 2002; Barlow en Durand, 2002; Sternberg, 2001; Volkmar en Cohen, aangehaal deur Mash en Wolfe, 2002, 1990; Hart, 1993 en Kanner, 1943, aangehaal deur Mash en Wolfe, 2002). Kinders met outisme verkies om alleen te verkeer, wat dus die indruk skep dat hul eensaam is en dat hulle in hul eie wêreld leef. Met betrekking tot "Autism Spectrum Disorder" word dikwels na die samehang van hindernisse verwys. Daar is tot op hede vyf kernhindernisse geïdentifiseer maar die meeste akademici verwys slegs na drie kernhindernisse. In Figuur 2.2 word die vyf tipiese hindernisse as eienskappe beskryf wat voorkom by kinders met outisme, alhoewel daar meestal na die eerste drie eienskappe verwys word, naamlik:

1. kommunikatiewe hindernis,
2. sosiale hindernis, en
3. repeterende gedrag


Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat afgesien van die tipe outisme-spektrum-versteurings (Autism Spectrum Disorder) waarmee 'n individu gediagnoseer is, hy/sy altyd 'n samehang van hindernisse sal ervaar. Onder die outisme-versteurings-kontinuum word die volgende tipes hindernisse kortliks opgesom

Figuur 2.2 Grafiese voorstelling van hindernisse




Soos reeds genoem, word die triade-hindernisse as die kernhindernisse omskryf, en die addisionele twee hindernisse word saam met die geassosieerde hindernisse opgesom. Die volgende figure bied 'n aanduiding van die onderskeiding wat met betrekking tot hindernisse getref word:

Figuur 2.3 Grafiese voorstelling van kernhindernisse van outisme



Figuur 2.4 Grafiese voorstelling van geassosieerde hindernisse van outisme



□ Kernhindernis

□ **Sosiale interaksie**

Met verwysing na die sosiale interaksie hindernis, toon kinders met outisme 'n onbewustheid van ander mense. Sosiaal-onvanpaste gebare en gedrag is kenmerkend, en ⁶dié kinders se emosionele gedrag is ook onvanpas. Hulle verkies om hulself te onttrek van sosiale interaksie en vind dit moeilik om betekenisvolle verhoudinge met ander te stig. Gillberg en Coleman (2000:12) omskryf die ernstige sosiale beperkinge met betrekking tot wederkerige interaksie met ander as 'n ekstreme egosentrisme en 'n onvermoë om die uniekheid van mense te begryp. Laasgenoemde word gedemonstreer wanneer dié kinders neig om mense te vermy as hul geroep

⁶ Daar word telkens met respek verwys na dié kinders, wat dui op kinders met outisme

word, wanneer hulle andersheid of onvanpaste gedrag openbaar, wanneer hul voor affeksie te staan kom, en wanneer hulle 'n tekort of afwesigheid van sosiale en emosionele empatie teenoor ander toon (Tuchman, 2006: 38, in Tuchman en Rapin, 2006).

□ **Taal en kommunikasie**

Met betrekking tot taal en kommunikasie (insluitend verbaal en nie-verbaal) toon dié kinders beperkte taalontwikkeling, asook 'n onvermoë om die betekenis van gesigsuitdrukkinge te begryp. Dié kinders verkeer meestal in een-rigting gesprekke (monoloë) wat bestaan uit onsamehangende frases. (Miller, 2008) beskou dié repeterende monoloog-taalgebruik van leerders met outisme as 'n soort gewoonte waarin hulle gemaklik en veilig voel. Daar word ook genoem dat dié kinders selde gebruik maak van sosiale kommunikasie en dat hul selde ander kinders sal naboots as poging om sosiaal te verkeer (Tuchman, 2006, in Tuchman en Rapin, 2006).

□ **Gedragspatrone en belangstellings**

Kinders met outisme ervaar verdere ontwikkelingsagterstande ten opsigte van gedrag, asook ten opsigte van verbeeldingspel. Hulle sal hoofsaaklik repeterende en stereotiperende gedragspatrone vertoon. Die gedragspatrone vorm 'n roetine waarvan hulle selde afwyk. Die idee word geskep dat hul gedagtes hulle dwing om onverdeelde aandag en tyd te bestee aan een objek of aktiwiteit. Mandelbaum et al. (2006: 68) identifiseer kategorieë waarin die gedragspatrone van hierdie kinders geplaas kan word, naamlik:

- Herhaling – onwillekeurige, doellose bewegings.
- Self-beserende gedrag word soms opgemerk.
- Kompulsies – handeling wat uitgevoer word in samehang met reëls.
- Rituele wat deel vorm van daaglikse aktiwiteit (dit verskil van kompulsies).
- Eendersheid van rituele – wat dui op rigiditeit en weiering om te verander.
- Beperkings met betrekking tot belangstellings, wat lei tot beperkte gedragspatrone.

□ **Geassosieerde hindernisse**

□ **Intellektueel**

Die geassosieerde hindernisse is sekondêre hindernisse wat aangedui word op 'n spektrum van intensiteit en kombinasie. Dié kinders se intellektuele vermoëns kan wissel van hoogs-superieur tot verstandelik gestrem (Mandelbaum et al., 2006; Outisme Suid-Afrika, 2004; Barlow en Durand, 2002). Die laasgenoemde terminologie word so omskryf volgens die skrywers, alhoewel ek eerder saamstem met terminologie soos *verstandelik uitgedaag* of *verstandelike hindernis*. Outisme word onderskei van verstandelike gestremtheid, 'n ander neuro-ontwikkelingstoestand, weereens die opvallend –gebrekkige sosiale en kommunikasie-ontwikkeling (Bregman, 2005: 3, in Zager, 2005). Mandelbaum et al. (2006: 38) meen dat die verstandelike vermoëns van kinders met outisme duidelik onderskei kan word van beperkte verstandelike vermoëns of 'n lae IK. Hulle beweer verder dat hierdie kinders se onwilligheid of onvermoë om 'n taak uit te voer moontlik toegeskryf kan word aan swak begrip van taal, ontoereikende persepsie van beloning vir deelname, of ernstige konsentrasieprobleme.

Mash en Wolfe (2000: 267- 268) voer aan dat hoe laer dié kinders se intellektuele vermoëns toets, hoe ernstiger word die graad van die onderskeie simptome beskou. Laer intellektuele vermoëns vereis soms dat dié

kinders volkome aangewese mag wees op die lewenslange hulp en ondersteuning van hulle gesinne. 'n Klein maar noemenswaardige groep kinders met outisme ontwikkel 'n versameling van spesifieke vermoëns (splinter skills). Dié versameling vermoëns gaan dikwels gepaard met 'n talent of voorkeur vir sekere stimuli, byvoorbeeld wiskunde, spelling, lees, kuns of musiek. Hierdie talente is soms meer gesofistikeerd as wat verwag word van kinders in dieselfde ouderdomsgroepe. Kinders met hierdie merkwaardige vermoëns staan bekend as "outistiese geleerdes".

□ *Sensories en perseptueel*

Kinders met outisme is dikwels ook uitermatig sensitief vir enige klank, blikke van ander se oë, reuk of tekstuur, wat hul verward en beangs kan laat (Miller, 2008: 385; Hart, 1993: 8). Miller het veral tydens haar studie verskeie insidente ervaar waartydens haar pasiënt 'n ekstreme sensitiwiteit vir klanke ontwikkel het, wat angs-verskrikkings en vrees-assosiasies in die kind gewek het (Miller, 2008: 395). Kinders met outisme toon ook perseptuele seleksie waartydens hulle voorkeur toeken aan sekere sensoriese toevoere, byvoorbeeld eerder visueel as auditief, of eerder taktiel as reuk. Hulle is dan ook geneig om uiters sensitief te reageer wanneer sensoriese stimulasie buite dié van hulle stimulus-voorkeure val. Daar is ook opgemerk dat kinders met outisme geneig is om neurologies-sensoriese stimulering te beoefen in samehang met hul herhalende gedragspatrone (Mash en Wolfe; 2000: 267; Edelson, 1999). Die oorsake van hierdie tipe sensoriese stimuleringsaksies is nog onbekend, alhoewel teoretici aanvoer dat dit moontlik kan dien as 'n beheermeganisme indien dié kind angstig of onseker sou voel. Daar word ook vermoed dat stimuleringsaksies tot die stimulering van die senuweesisteem lei.

□ *Sosiaal-emosionele inligting*

Met betrekking tot kognitiewe prosessering ervaar kinders met outisme twee afsonderlike beperkinge (Mash en Wolfe, 2000: 271), ten opsigte van (1) sosiaal-emosionele inligting en (2) algemene inligtingsverwerkingsprosesse, beplanningsprosesse en aandagvestigingsprosesse. Die eerste proses verwys na dié kinders se sosiaal-onvanpaste-gedragspatrone en 'n algemene hindernis met betrekking tot sosiale interaksie en wederkerige verhoudingstigting. Die tweede proses verwys na algemene funksionering ten opsigte van beplanning, leer en aanpassing in sosiale situasies. Laasgenoemde word deur hierdié kinders as uiters uitdagend en vreemd beskou, en word dus grootliks vermy. Frith (2003: 149-166) identifiseer 'n verdere sensoriese-prosesserings hindernis. Meeste kinders met outisme het sensoriese-integrasie probleme, wat moontlik verklaar hoekom kinders met outisme sosiale interaksie as uitdagend ervaar.

□ *Fisiese eienskappe*

Hart (1993: 17) omskryf die fisiese eienskappe van kinders met outisme as meestal "aantreklik" en "normaal". Erasmus (2004: 120) dui aan dat 'n kind met outisme nie fisiese tekens van gestremdheid toon, soos byvoorbeeld gehoorapparate, rolstoele of 'n loopstok nie, alhoewel die outistiese hindernis hulle totale ontwikkeling affekteer. Met verwysing na die samehang van outistiese hindernisse lui een van die opvattinge dat diegene wat nie die hindernis se intensiteit verstaan nie, maklik sal dink en beweer dat kinders met outisme anders en vreemd is.

□ *Outistiese vrese*

Kinders met outisme kommunikeer hul vrese op verskillende maniere. Die vrese wat hulle beleef is uniek in elkeen se verwysingsraamwerk en daar is nie 'n universele vrees geïdentifiseer nie (Miller, 2008; Shulman, 2004; Rhode, 2004, in Rhode en Klauber, 2004). Outistiese vrese gaan dikwels ook gepaard met verandering in roetine of omgewing wat dié kinders onveilig en onseker laat voel. Plimley (2007) en Lam en Aman (2007) sluit aan by Outisme Suid-Afrika (2004:6) en Hart (1993: 8) se stellings wanneer hulle meld dat kinders met outisme ook angstigheid en verwarde reaksies toon wanneer hulle in aanraking kom met onverwagte klanke, smake, blikke van ander se oë, reuke en tasting van teksture in hul omgewing. Dus wil dit voorkom of die neurologiese hindernis verskeie aspekte van kognitiewe funksionering en prosessering van inligting beïnvloed, wat dié kinders angstig en verward laat voel.

□ *Gesinsdruk*

Die gesin van 'n kind met outisme ervaar noemenswaardige druk, volgens Jordan (2001: 223) en Kelly et al. (2008: 1070). Omdat die studie fokus op die belewing van die moeder binne die gesin waarin sy funksioneer, word in afdeling 2.2.4 'n bespreking gewy aan die druk wat 'n gesin ervaar in die teenwoordigheid van outisme.

□ Moontlike oorsake van outisme

Die oorsprong van die steurnis hou verband met vroeë-ontwikkelingsprobleme, genetiese oordraagbaarheid en brein-abnormaliteite. Dit word hoofsaaklik toegeskryf aan 'n biologiese-gegronde neuro-ontwikkelingsteurnis (Bregman, 2005: 5, in Zager, 2005; Barlow en Durand, 2002: 466; Sternberg, 2001:357; Hart 1993: 5). Outisme is nie 'n enkelvoudige kondisie nie, maar eerder 'n groep ooreenkomstige kondisies wat kliniese eienskappe en onderliggende sosiaal-kommunikatiewe hindernisse in gemeen het (Bregman, 2005: 14, in Zager, 2005). Omdat daar nie 'n spesifieke oorsaak van outisme by 'n individu geïdentifiseer kan word nie, kan ouers 'n skuldgevoel ervaar waartydens hulle die oorsaak van die hindernis in hulself sal soek. Daarom word die volgende boodskap in die reeks van Outisme Suid-Afrika beklemtoon:

“Autism is definitely NOT psychological; it is NOT the result of bad parenting and children with autism do not choose to misbehave. It would appear that autism occurs as a result of varied and different biochemical causes and presents a malfunctioning of the brain”

(Outisme Suid-Afrika, 2004: 7).

Balfour (2007: 37–43) en Mash en Wolfe (2002: 274-276) het verskeie teorieë oor die oorsake van outisme ondersoek, en beskou die volgende as moontlike oorsake van outisme. Die onderhawige studie fokus hoofsaaklik op die moeder se belewing van haar seun met outisme, en het ek tydens die literatuurstudie begrippe en konsepte gedefinieer en die aard en etiologie van outisme beskryf. Die oorsake van outisme is belangrik, maar aangesien die moeder nie tydens haar belewing verwys na die oorsake hoekom haar seun outisties is nie het ek dit goedgedink om slegs die oorsaak-teorieë te noem en nie volledig te bespreek nie.

- Genetiese oorsake.
- Neurologiese oorsake.
- Psigologiese oorsake.

- “Mindblindness theory.”
- “Emphathizing-systemizing theory.”
- “Executive Dysfunctioning theory.”
- “Central Coherence theory.”
- Omgewingsinvloede.
- Mediese kondisies.

2.2.3 DSM IV-kriteria en die vertelling van die moeder

Die kliniese model wat gebruik word om versteurings te diagnoseer (DSM-IV-hersien) word beskou as ‘n *mediese perspektief*, en hierdié perspektief fokus meer op die klassifisering van ‘n hindernis.

“The DSM lists the symptoms necessary for making diagnosis in each category, without seeking to assess the cause of the disorder. Thus, the classification system is based wholly on observable symptoms, making it usable by psychologists and psychiatrists of a wide variety of theoretical orientations” (Sternberg, 2001: 514).

In die onderhawige studie het ek die multi-asse-model (DSM-IV-hersien) in samehang met ‘n mediese perspektief aangewend as *een* van die beskouinge (kyk 2.2.1) – aangesien dit blyk of die multi-asse-model my as navorser sal help om onder andere die wêreld deur die oë van ‘n seun met outisme te probeer beskou. Die uiteensetting van die DSM-IV-hersien stel my en die moeder in staat om (1) feitlike inligting te bekom oor die aard en etiologie van outisme, en (2) insig te kry oor die belangrikheid van intervensiegeleenthede en behandelingsmoontlikhede om haar seun met outisme te kan help. Die DSM-IV omskryf ‘n hindernis op vyf asse.

- As I Klassifisering van ‘n kliniese sindroom aan die hand van bepaalde eienskappe
- As II Klassifisering van persoonlikheidsversteurings aan die hand van bepaalde eienskappe
- As III Klassifisering van liggaamlike of fisiese gestremdhede en beperkinge
- As IV Omskryf die belewing van ‘n hindernis in terme van die psigo-sosiale en die omgewing
- As V Globale assessering van die individu se vlak van funksionering in sy/haar omgewing

Die moeder se seun is op ‘n vroeë ouderdom gediagnoseer op As I (kyk 2.2.2) as Klassiek outisties ten opsigte van die outisme-versteurings-kontinuum. Omdat outisme nie as ‘n persoonlikheidsversteuring beskou word nie, word hy nie op As II gediagnoseer nie. Haar seun het geen liggaamlike of fisiese gestremdhede en/of beperkinge nie en word hy dus ook nie op As III gediagnoseer nie. Op As IV (kyk 2.2.2) word die hewigheid van die psigo-sosiale invloede aan die hand van toereikende ondersteuningsnetwerke geassesseer. As IV assesseer die funksionaliteit, onafhanklikheidsvlak en aanpasbaarheid van die seun met outisme tot sy huidige situasie. Die psigo-sosiale invloede (As IV) word geassesseer aan die hand van die seun se sosio-ekonomiese omstandighede; sy geleentheid vir onderrig; sy toegang tot gesondheidsdienste; sy betekenisvolle

verhouding met ander, ensovoorts. Die laaste as op die multi-as-model, naamlik As V, is die globale assesserings-as. Die as vereis dat die individu se funksionaliteit, aanpasbaarheid en onafhanklikheid gemeet word ten opsigte van sy bevoegdheid om optimaal homself te kan handhaaf in sy omgewing.

’n Vorige bespreking (kyk 2.2.2) het die kernhindernisse en geassosieerde hindernisse van outisme saamgevat. Dit was tydens my gesprekke (data-inwinning) met die moeder opvallend dat die eienskappe wat sy identifiseer in ’n groot mate ooreenstem met DSM IV-kriteria. Hierdie afdeling vergelyk die kliniese of diagnostiese eienskappe van ’n kind met outisme, met die moeder se beskrywing van haar kind. Dit is belangrik om te noem dat die kliniese opsomming, soos wat dit in die literatuur voorkom, nie vooraf met die moeder bespreek is nie (DSM IV-Hersien; Outisme Suid-Afrika, 2004; Banks, 2004: 2; Barlow en Durand, 2002:466; Sternberg, 2001:357). Dit blyk dat haar observasie van haar kind op haar eie ervaringe van haar kind gegrond is.

DSM-IV (HERSIEN) SE EERSTE KRITERIUM

Kwalitatiewe hindernis in sosiale interaksie:

- Gebrekkige en onvanpaste gebruik van verskeie nie-verbale gedragsgebare in sosiale situasies.
- Onvermoë om sosiale verhouding met ander te stig.
- Gebrek aan spontane meedeling van prestasies, belangstellings, ensovoorts.
- Gebrek aan wederkerige verhoudingstigting waar sosiale en emosionele handeling en ekspressie ter sprake is.

MOEDER SE OBSERVASIE

“Hy kom voor as onbeskof: Hy sal uit sy beurt praat of vra, want kommunikasie ‘skills’ rondom elke nuwe onderwerp is vir hom verskillend in sy brein en ‘output’. Hy is angstig: Hy weet nie wat van hom verwag gaan word nie, bang hy maak ‘n fout.”

DSM-IV (HERSIEN) SE TWEDE KRITERIUM

Kwalitatiewe hindernis met betrekking tot taal en kommunikasie:

- Onvermoë om spreektaal te ontwikkel.
- By diegene wat taal ontwikkel het, is daar ’n onvermoë om ’n gesprek te inisieer of voort te sit.
- Taalgebruik is herhalend, stereotiperend en soms onsamehangend van aard.
- Gebrek aan spontane verbeeldingspel en sosiale naboots-spel.

MOEDER SE OBSERVASIE

“Hy is onoplettend: Hy sal nie luister as hy nie verstaan of belangstel in ‘n onderwerp nie.”

DSM-IV (HERSIEN) SE DERDE KRITERIUM

Beperkte en stereotipe gedragspatrone en belangstellings:

- Afgetrokke, intens gefokus en ’n preokkupasie met beperkte belangstellingspatrone.
- Onbuigsame gehegtheid aan spesifieke, nie-funksionele roetines of rituele.

- Voortdurende preokkupasie met spesifieke dele 'n voorwerp(e).

MOEDER SE OBSERVASIE

“Hy is rigied of dieselfde: Hy sal herhaal wat vir hom bekend is of altyd probeer terugkom na wat vir hom bekend is, so hou hy beheer van 'n andersins chaotiese situasie in sy brein. Hy word afgelei: Hy sal iets soek wat meer voorspelbaar is tussen dit wat nou nuut en oorweldigend is. Verwarring: Hy besef hy kan dit wat nodig is om 'n situasie te laat werk nie 'produce' nie.”

DSM-IV (HERSIEN) SE VIERDE KRITERIUM

Abnormale funksionering voor ouderdom drie jaar ten opsigte van die volgende:

- Sosiale interaksie.
- Taal wat aangewend word in sosiale kommunikasie.
- Simboliese of verbeeldingspel.

MOEDER SE OBSERVASIE

“Hy het diepte: My seun ervaar dikwels 'n diep oomblik, dan weet niemand wat hy dink nie. Dis dan wanneer hy beeldskoon is. My oomblik, my gedagtes. Hy laat niemand dan toe nie. Verpersoonliking van 'me-time'.”

Wat vir my opvallend was gedurende die studie, was die moeder se korrekte identifikasie van haar kind se outistiese eienskappe – hoedat sy die kernhindernisse en geassosieerde hindernisse in haar kind kon raaksien. Die hindernis word inderdaad deur haar ervaar as 'n breë-spektrum hindernis.

2.2.4 Die impak van outisme op die gesin

Die onderhawige studie handel oor die in-diepte beleving van die moeder oor haar seun se outisme. Die doel van die studie is om deur middel van haar lewensverhaal haar belevinge van outisme op haar lewenspad saam haar gesin te vertolk. Daar is verskeie definisies oor die term *gesin* en verskillende essensies oor die begrip word soos volg verduidelik:

“...as a unique and complex system of relationships, experiences, values and expectations”

(Hecimovic en Gregory, 2005: 112-113, in Zager, 2005).

Die gesin word as uiters belangrik geag vir die oorlewing en funksionering van 'n kind met outisme. Die gesin se funksionaliteit word radikaal beïnvloed met 'n gesinslid met outisme. Die gesin met 'n gesinslid met outisme

se onderlinge verhoudinge, waardes, persepsies en verwagtinge verskil van 'n gesin wat nie 'n gesinslid het met outisme nie.

“Die woord ‘gesin’ beteken ‘reisgeselskap’.... Die gesin is ‘n kompleks van verhoudinge wat onderlinge verbande en invloede vertoon” (Pretorius, 1998:43).

Die studie poog daarin om die lewensverhaal van die moeder in die teenwoordigheid van outisme te vertolk, en daarom word die “gesin as reisgeselskap” as gepaste term beskou, aangesien hul saam op die lewenspad reis. Die konsep *reisgeselskap* verwys na die geborgenheid, funksionaliteit, verantwoordelik en gesindheid wat 'n gesin as eenheid oor beskik op hul lewenspad saam in die teenwoordigheid van outisme.

Volgens Adams, Edelson, Grandin en Rimland (2004) beteken die diagnose van 'n kind met outisme 'n traumatiese ervaring vir ouers, aangesien hulle verlies en rou ervaar met betrekking tot hul kind en die soort lewe saam met hul kind wat hulle in die voortuitsig stel. Bogenoemde skrywers is ook van mening dat sommige ouers verligting kan vind in die diagnose, omdat dit verklaar hoekom hul kind op 'n bepaalde wyse optree en hulle die probleme wat hy/sy openbaar met 'n etiket kan kategoriseer. Volgens Kanner (1943, aangehaal deur Mash en Wolfe, 2002) gebeur dit dat, deur foutiewe beriggewing in ongeakkrediteerde media en bronne, of in gesprekke tussen mense, dat oningeligte opinies gevorm word van hoe hulle dink 'n kind met outisme voorgestel moet word (Hart, 1993). Verdere aannames wat gemaak kan word, is dat hierdié kinders onaanvaarbare gedrag toon as gevolg van ontoereikende opvoeding en ouerskap. Die stigma wat aan die kind met outisme gekoppel word, kan soms 'n ouer se opvoedingsbesluite beïnvloed.

Die effek wat 'n outistiese gesinslid op die gesinsdinamiek uitoefen, word deur Banks (2004) en Barron (1998) omskryf as fisiese uitputting. Dié fisiese uitputting word hoofsaaklik toegeskryf aan die eise wat aan die gesinslede gestel word, onder andere om dié kinders se veiligheid te verseker, en met betrekking tot ondersteuningsnetwerke wat verbrokkel, aangesien vriende en kollegas nie altyd begrip toon met betrekking tot kinders met outisme nie (Sternberg, 2001; Mash en Wolfe, 2002: 270; Barron, 1998). Ouers van kinders met outisme verkeer onder geweldige druk, aangesien hulle na hul kind se gesondheid, sensoriese gesteldheid en opvoedings- en gedragsbehoefte moet omsien (Edelson, 1999). Om 'n kwaliteit lewe en verhoudinge met 'n kind wat met outisme gediagnoseer is te kan verwerklik, benodig die gesinslede opvoedkundige leiding, gesondheidsdienste, mediese behandeling en professionele ondersteuningsnetwerke (Plimley, 2007). Die ouers moet na al die behoeftes van dié kind omsien, wat dikwels hulle eie behoeftes onvervuld laat, dus is dit uiters belangrik dat toereikende dienste, behandeling en opvoeding vir die gesinslede beskikbaar gestel word.

Dit kan daarom met oortuiging aangevoer word dat outisme 'n radikale invloed op die gesinsdinamiek en op die interpersoonlike verhoudinge van die gesinslede uitoefen. Dus, wanneer 'n hindernis by een van die gesinslede gediagnoseer word, kom daar 'n radikale verandering in die aard en betekenis van gesinsverhoudinge en in die gesinstruktuur. Die dinamiek en funksionering van die gesin as 'n eenheid moet dan aanpas by die behoeftes van die kind en die behandeling van die hindernis (Riess, 1996, aangehaal deur Barron, 1998).

“Ons kan sonder meer verklaar dat alle verhoudinge in die gesin onderling saamhang en mekaar beïnvloed....So ontstaan ‘n veelvoudige wisselwerking of interaksie, ‘n kompleks van verhoudinge wat maklik tot ‘n warboel kan ontaard wanneer moeilikhede ontstaan” (Pretorius, 1998: 43).

“A group of individuals in relationship to one another over time develops an emotional field with a virtual life of its own deriving from a conscious and unconscious participation of each member”
(Barron, 1998: 163).

Schreibman en Cunningham (2008) voer aan dat gesinslede se betrokkenheid en interaksie met die gemeenskap, met vriende en ten opsigte van die onderrigsituasie ingeperk word. Jordan (2001: 223) beweer dat outisme nie slegs die individu raak nie, maar ook die gesin waarin hy/sy grootword.

2.2.5 Proses na diagnose

Aanvaarding van die kind se outisme

Volgens die inligtingsreeks van Outisme Suid-Afrika (2004) is ouers se ervaringe uiteenlopend van aard na afloop van die kennisname dat hul kind met outisme gediagnoseer is. Dié inligtingsreeks (uitgegee deur Outisme Suid-Afrika) is saamgestel uit persoonlike ervaringe van ouers met kinders met outisme, en hierdie reeks is insiggewend met betrekking tot die situasie waarin jy as ouer jouself bevind (Outisme Suid-Afrika, 2004: 2). Outisme Suid-Afrika (2004) beklemtoon twee aangeleenthede wat volgens hulle baie belangrik is om altyd in gedagte te hou:

“Firstly, your child’s condition is NOT your fault, and, secondly, you are most certainly not alone” (Outisme Suid-Afrika; 2004: 2).

Omdat ouers moontlik oorweldig kan voel nadat hulle kennis geneem het van hul kind se hindernis, moedig die reeks publikasies van Outisme Suid-Afrika (2004) ouers aan om so veel as moontlik met betrekking tot die hindernis te leer, om beheer te neem van die situasie, te luister na advies van professionele persone, en om hul eie besluite te neem, aangesien die ouer sy/haar kind in die lewe verteenwoordig.

Die vorming van persepsies met betrekking tot outisme

In die verre verlede is die moeder as primêre versorgster verantwoordelik gehou vir die afwykende sosiale en emosionele funksionering van die kind wat nog nie as outisties gediagnoseer is nie. Die moeder is ook daarvan beskuldig dat die kind swak verhoudinge stig en nie homself/haarself aan ‘n ouer kan bind nie. Ongeveer 60 jaar gelede is kinders met outistiese hindernisse uit hul gesinne verwyder en in inrigtings geplaas, wat beskou is as ‘n intervensieprogram met die doel om die kinders se gedrag te wysig (Burkhardt, 2001, in Walhberg et

al., 2001). Volgens Swanepoel (2003) is die ekstreme intervensieprogramme gestaak so onlangs soos twee dekades gelede, en het die Amerikaanse Akademie vir Psigiatrie in 2001 'n verslag oor intervensieprogramme vrygestel wat die fokus op ouerlike ondersteuning plaas eerder as op blamering van die ouer. Deur dié diskriminerende en verwykende historiese oorsig van ouer-kind-verhoudinge aksentueer dié oorsig die waarde van persepsies (kyk 2.2.1) wat ouers oor 'n hindernis kan huldig, en van die moontlike interpretasies van die ouers se ervaringe van hul verhoudinge met hul kind met outisme.

Die volgende aanhalings gee 'n aanduiding van die tipe persepsies van ouers met betrekking tot die aard van hul verhoudinge met hul kind met outisme:

- Die ouer-kind-verhouding verbrokkel omdat die ouers dit moeilik vind om die hindernis te aanvaar en dan in 'n "voortdurende emosionele hartseer ervaring" verval (Miller, 2008).
- Ouers wat sopas uitgevind het van die hindernis moet sin gee aan 'n sogenoemde chaotiese situasie (Swanepoel, 2003).
- Gesinne van kinders met outisme is meer geneig tot emosionele uitinge wat met depressie gepaard-gaan (Kelly et al., 2008).
- Emosies wat deur die ouers na diagnose belewe word, is skok, hartseer, vrees, pyn, skuldgevoelens en 'n gevoel dat hulle 'n kind verloor het (Balfour, 2007).
- Kinders met outisme het 'n gebrek aan sosiale vaardighede, en dit lei dikwels tot 'n ontoereikende liefdesverhouding tussen ouer en kind. Die ouers ervaar 'n emosielose en onbetrokke verhouding omdat dit nie van twee kante kom nie (Plimley, 2007).
- Ouers belewe 'n tydperk van self-verwyt oor hul kind se lewenslange hindernis (Swanepoel, 2003).
- Ontoereikende kommunikasie tussen moeder en kind kan soms lei tot 'n gebrekkige begrip van wie haar kind is. Die moeder kan dus 'n gevoel van verwydering en ongeborgenheid belewe (Plimley, 2007).
- Die aard van 'n hindernis, veral wat betref gedraginge soos self-beserende gedrag, onbetrokkenheid en afsondering van ander, dra by tot die emosionele en sosiale druk wat 'n gesin ervaar (Balfour, 2007).

In die studie (kyk Hoofstuk 4) sal ek en die moeder haar persepsies (belewinge) van die hindernis interpreteer en aandui watter invloed haar persepsies op haar verhouding met haar kind uitoefen.

Die moeder-kind-verhouding in die teenwoordigheid van outisme

Aangesien hierdie studie op 'n moeder en kind fokus, word die moeder-kind-verhouding vervolgens bondig bespreek. Louw, Van Ede en Louw (1998: 215-224) verklaar dat die diep emosionele band wat tussen 'n kind en 'n moeder ontstaan, gekenmerk word deur *geborgenheid*. In 'n geborge verhouding bied die moeder aan die kind die ervaring van 'n persoonswarme, liefdevolle, intieme en konsekwent-betroubare verhouding (ek-jy-verhouding) (Pretorius, 1998: 41). Die moeder en kind se gehegtheid word uitgebeeld deur handeling van beide 'n sosiale en emosionele aard. Die moeder dien as mentor vir fisiese versorging en materiële voorsiening, emosionele en sosiale opvoeding, en persoonlikheidsontwikkeling. Sy help ook met stimulering van haar kind se denkprosesse en begelei die kind se gedrag. Sy bied samewerking aan die skool en die wyer gemeenskap in die voorsiening van onderwys- en leerervaringe (Pretorius, 1998: 41-42). Beide die moeder en die kind se gemoedstoestand, persoonlikheid, temperament en psigo-sosiale gesteldheid beïnvloed hulle gehegtheid en strewe na geborgenheid.

’n Interessante stelling word deur Hobson (1993: 25) gemaak rakende die aard van ’n geborge verhouding. Hy is van mening dat interpersoonlike verhoudinge nie net beleef word nie, maar dat alle betrokkenes aktief daaraan moet deelneem. Dit is noodsaaklik dat ’n wederkerige verhouding geskied om werklike geborgenheid te kan beleef. ’n Moeder skep onbewuste en bewuste drome en verwagtinge van haar ongebore baba. Die moeder moet hierdie aspirasies, drome en verwagtinge aanpas by die ontdekking dat haar kind met outisme gediagnoseer is. Sy moet dus haar bestaande verwysingsraamwerk en onderliggende konstruksie aanpas, en haar instel ten opsigte van wat dit van haar gaan vereis om die moeder te wees van ’n kind met outisme (kyk Bylaag B). Die moeder se lewensverhaal bied ’n aanduiding van die wyse waarop sy haar verhouding met haar kind belewe, veral wat emosionele belewinge betref. Dit wil voorkom dat dit belangrik is dat ’n moeder, en die gesin waarin sy funksioneer, deeglike kennis moet hê van wat outisme as ’n hindernis behels. ’n Deeglike kennis van hierdie hindernis kan ’n betekenisvolle bydrae lewer tot die doeltreffende funksionering van die gesin in die teenwoordigheid van outisme, veral ten opsigte van die wyse waarop die gesinslede die kind gaan hanteer, ondersteun en aanvaar.

2.3 LITERATUUROORSIG MET BETREKKING TOT EMOSIONELE INTELLIGENSIE

In my literatuuroorsig met betrekking tot die konsep *emosionele intelligensie* het ek dit in die vooruitsig gestel dat in die studie die moeder georiënteer sal word met betrekking tot hierdie konsep en versoek sal word om die ⁷emosionele intelligensie komponente in haar lewensverhaal te identifiseer. Dit is afgesien van die doelstelling om ondersoek in te stel na wat dit vir die moeder beteken om ’n seun met outisme te hê. In my studie sluit ek aan by die beskouinge van Bar-On, Maree en Elias (2007) en Shapiro (2003).

Hierdie outeurs verklaar dat ten opsigte van intelligensie dit om die mens as holistiese wese gaan (sosiaal, kognitief, emosioneel, kultureel, moreel, geestelik) eerder as slegs om die kognitiewe vermoë waaroor ’n persoon beskik. Emosionele intelligensie en kognitiewe intelligensie moet dus nie as teenoorgesteldes beskou word nie, maar eerder as interaktief en aanvullend (Shapiro, 2003). Ek streef dus daarna om die holistiese ervaringe en belewinge van die moeder, tydens die proses waar sy tot ekspressie kom van haar emosies en denke, te verstaan. Die moeder se lewensverhaal gaan eers vertel en bespreek word vóórdat die emosionele intelligensie komponente in haar verhaal ondersoek word. Ons sal dus haar belewenisse verder kan ondersoek en beskryf tydens ons gesprekke oor emosionele intelligensie. My mening sluit aan by die beskouinge van Mayer, Caruso en Salovey (2000, aangehaal deur Sternberg, 2001), dat die moeder se vertellinge en haar beskrywing van haar emosies haar opnuut in staat gaan stel om haar ervaringe en belewinge van haar kind met outisme te verwerk.

2.3.1 Omskrywing van emosionele intelligensie

Inleiding

Alhoewel emosionele intelligensie as ’n nuwe studieveld beskou word, wat veral in die Sielkunde bestudeer word (Kunnanatt, 2008), word dié konsep al vir die afgelope 30 jaar bestudeer. Daniel Goleman (1996) was

⁷ Emosionele intelligensie komponente = dit is die plekke in die verhaal waar die moeder haar emosionele intelligensie verwerklik het aan die hand van Bar-On se emosionele intelligensie-model

een van die eerste persone wat die konsep ondersoek het (Bar-On, 2005:43). *Emosionele intelligensie* het 'n gewilde konsep geword, veral in die hedendaagse Sielkunde, tog is dit interessant om te verneem dat die konstruk *emosionele intelligensie* alreeds in die 19de eeu in die menswetenskappe ondersoek is (Bar-On 2005:41).

Symington (2006: 39) meld dat emosionele intelligensie so vroeg as in Darwin (1922) se tyd geïdentifiseer is. Darwin was van mening dat die oorlewing van 'n individu afhanklik is van emosionele bewustheid en uitdrukking. Ook Kunnannatt (2008) het die wese van emosionele intelligensie geïdentifiseer, in Thorndike (1920; 1936), Moss (1927), Hunt (1928) en Vernon (1933) se werke. *Emosionele intelligensie* as konsep is verder verfyn en teoreties ingeskerp in die literatuur wat ons vandag teëkom. Dit blyk uit die literatuur (Baron-Cohen, et al., 1999) dat die verskynsel emosionele intelligensie toenemend ondersoek word en as 'n besondere tipe intelligensie beskou word. Dit gaan dus met betrekking tot die verskynsel *intelligensie* nie slegs om die kognitiewe, nie maar ook om die emosionele. Herbst en Maree (2008) toon aan dat heelwat ontwikkeling in die veld van emosionele intelligensie plaasgevind het. Alhoewel talle ondersoekers hierdie verskynsel bestudeer het, is daar 'n aantal outeurs wat betekenisvolle bydraes tot die kennisveld gemaak het. Dié persone is, volgens my, Daniel Goleman, John D. Mayer, David. R. Caruso, Peter Salovey en Reuven Bar-On. Hulle het hul eie teorieë oor emosionele intelligensie gepubliseer en baie

ander skrywers in die proses geïnspireer om die konstruk verder te ondersoek. Bogenoemde skrywers se definisies van *emosionele intelligensie* oorvleuel meer as wat dit verskil. Daar is nie 'n universele definisie van emosionele intelligensie nie (Herbst en Maree, 2008), maar ek gaan poog om 'n samevatting te gee van aantal definisies:

□ **Emosionele intelligensie : samevattende beskrywing**

- Emosionele intelligensie is die vermoë om jou eie emosies te herken, te verstaan en uit te druk asóók om tussen jou eie en ander se emosies te kan onderskei. 'n Individu se verwysingsraamwerk dra by tot sy/haar gevoelens, gedagtes en gedrag wanneer hy/sy tot ekspressie van sy/haar emosies kom.
- 'n Persoon beskik verder oor die vermoë om ander se emosies te verstaan en om sy/haar eie emosies met hulle s'n te vergelyk. Deur emosies in ander te kan herken, stel 'n individu in staat om hom/haar met ander se situasie te vereenselwig en om ander met empatie en deernis te kan hanteer.
- Elke mens is in beheer van sy/haar emosies en die individu beskik oor die vermoë om dit op 'n effektiewe wyse te bestuur en tot ekspressie daarvan te kom. 'n Persoon kan op emosionele vlak aangespoor word om onmiddellike bevrediging uit te stel en om die voordeel van uitgestelde beloning te geniet. 'n Individu kan ook op 'n emosionele vlak aangespoor word tot probleemoplossing, persoonlike groei en self-gemotiveerdheid.
- Emosies kan bestuur word deur indringende en spanningsvolle gedagtes om te skakel na meer aangename denke. Emosies kan ook gereguleer word om emosionele en intellektuele groei teweeg te bring.


Die konsep *emosionele intelligensie* het talle teoretiese beskouinge opgelewer. So word dit byvoorbeeld genoem dat emosionele intelligensie 'n integrasie impliseer van die mens se kennis, emosionaliteit en vermoë om skerp waar te neem (Gibbs, 1995, aangehaal deur Symington, 2006; Mayer en Salovey, 2005:55 en Davidson, Emmerling en Goleman, 2003:6). Dit dui ook op die vermoë om jou emosies en gemoed op 'n

intelligente wyse te bestuur. Daar word gelyktydig gebruik gemaak van rasonale sowel as emosionele denke. Goleman (1996:28) stel voor dat “hart en hoof” in harmonie moet saamleef om sodoende ‘n gelukkige lewe te kan lei. Vir die doel van die studie word Bar-On (2003) se model van emosionele intelligensie komponente gebruik – om die moeder in staat te stel om die emosionele intelligensie komponente in haar lewensverhaal te identifiseer.

□ Bar-On se emosionele intelligensie-model

Die model van Bar-On word beskryf as ‘n multifaktorale model, waarin hoofkomponente onderskei word (Bar-On en Parker, 2000, aangehaal deur Bouwer, 2007). Die vyf hoofkomponente word beskou as basiese emosionele intelligensie-vaardighede. Dié vaardighede kan verwerklik word binne inter- en intrapersonlike verhoudinge, en deur verbandhoudende subskale kan ‘n persoon se potensiaal vir emosionele intelligensie ontwikkel word (Bar-On, 2003).

Figuur 2.5 Grafiese voorstelling van emosionele intelligensie komponente



Die vyf emosionele intelligensie komponente spruit voort uit Bar-On (2003) se psigometriese skaal met behulp waarvan emosionele intelligensie op vyf vlakke geassesseer kan word. Elke skaal gee ‘n aanduiding van die komponent wat dit beoog om te assesseer.

Skaal 1: Intra-persoonlike skaal

Dié skaal meet 5 subskale:

- 1) **Selfwaarde:** Om met akkuraatheid jouself te verstaan, te aanvaar en waar te neem.
- 2) **Selfbewustheid:** Om van jou emosies bewus te wees en jou emosies te verstaan.
- 3) **Selfgeding:** Om jouself en jou emosies op ‘n effektiewe en konstruktiewe wyse uit te druk.
- 4) **Onafhanklikheid:** Om selfstandig en vry te wees van emosionele afhanklikheid van ander.
- 5) **Selfaktualisering:** Om te streef na persoonlike doelwitte en om jou eie potensiaal te verwerklik.

Skaal 2: Interpersoonlike skaal

Dié skaal meet 3 subskale:

- 1) **Empatie:** Om bewus te wees van ander se emosies, asook om hulle emosies te verstaan.
- 2) **Sosiale verantwoordelikheid:** Om jouself te identifiseer in 'n sosiale groep, en om jou samewerking aan die groep te gee.
- 3) **Interpersoonlike verhoudinge:** Om veelvoudige en vervullende verhoudinge met ander te kan stig.

Skaal 3: Bestuur van spanning-skaal

Dié skaal meet 2 subskale:

- 1) **Spanningtoleransie:** Om jou emosies op 'n effektiewe en konstruktiewe wyse te bestuur.
- 2) **Impulskontrolle:** Om jou emosies op 'n effektiewe en konstruktiewe wyse te beheer.

Skaal 4: Aanpasbaarheidskaal

Dié skaal meet 3 subskale:

- 1) **Realiteitsbewustheid:** Om objektief jou eie emosies te identifiseer, asook die vermoë tot realistiese denke.
- 2) **Buigzaamheid:** Om jou emosies aan te pas en te wysig aan die hand van jou denke in 'n nuwe situasie.
- 3) **Probleemoplossing:** Om persoonlike en interpersoonlike probleme op 'n effektiewe wyse op te los.

Skaal 5: Totale gemoedsgesteldheid-skaal (General mood)

Dié skaal meet 2 subskale:

- 1) **Optimisme:** Om positief te wees en die blink kant van die lewe raak te sien.
- 2) **Geluk:** Om oor die algemeen gelukkig te wees met jouself en ander.

Die waarde van Bar-On se emosionele intelligensie-model in die studie

Gedurende die verkenningsproses waartydens die moeder emosionele intelligensie komponente in die haar lewensverhaal geïdentifiseer het, kan ek die waarde en die bydrae van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model tot die onderhawige studie soos volg bespreek (Primêre vraag. Proses 2). Die volgende bespreking is wel gebaseer op die bevindinge van die studie (kyk Hoofstuk 5) – maar ek as navorsers het dit goedgevind om kortliks die waarde van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model te bespreek, om sodoende die leser attent te maak op dié model se waarde tot die onderhawige studie se narratiewe .

“Ek dink nie ons het met EI grootgeword nie. Ek sou dink dat ek as die moontlik is emosionele intelligensie gekweek en 'genurture' het by myself. Dit sal lekker wees om te dink of te weet dat ek emosioneel intelligent is, maar ek het niks spesifiek in so 'n rigting 'geforce' nie, dis maar wie ek is en voel maar wat ek voel. Ek lewe my so goed ek kan” (Spreekbeurt 111).

- Die moeder se belewing wat aan die hand van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model verken word het die moeder se narratiewe data en lewens-inhoude verryk en verdiep.
- Die intelligente bespreking oor die konsep *emosionele intelligensie* het die moeder gehelp om bykomende insig en begrip te kon verkry jeens haar eie denke, gedrag en emosies, asook hoe om betekenisvolle andere se gesproke denke, gedragsuitinge en emosies in die teenwoordigheid van outisme te verstaan.

- Die moeder het gedurende haar vertelling daarop gewys dat sy van kleins af bewus was wat betref haar eie emosies, denke en gedrag. Sy was ook ingestel op die wyse waarop sy haar emosies, denke en aksies kan beheer en hoe om dit aan te wend as 'n "motiveerder" binne 'n situasie. Dus, in die moeder se verwysingsraamwerk het sy intelligent oor haar onder andere haar emosies gedink en het dié bespreking haar gehelp om haar eie vaardighede en kennis van gevoelens en denke te kan etiketkeer as *emosionele intelligensie*.
- Die konsep *emosionele intelligensie* word kortliks beskryf deur Maree (2004, in Eloff en Ebersöhn, 2004) as 'n "natuurlike" intelligensie (common sense) ten opsigte van die wyse waarop 'n individu interaktief betrokke is by sy/haar emosionele-, persoonlike-, sosiale- en oorlewingsdimensie. 'n Individu beskik oor die vermoë om hom/haar met ander individue te vergelyk (empatie, meegevoel, identifiseer met gevoelens) asook om aan te pas tot sy/haar omgewing (sosio-ekonomiese omstandighede, siekte, 'n hindernis) met bepaalde rolle en verantwoordelikhede (werk, gesin, moederrol). Die toeligting van emosionele intelligensie kan aan die hand van Bar-On (2003) se model spesifiek geïdentifiseer word in die moeder se belewing van outisme (kyk 4.1.1).
- As 'n student en toekomstige berader in die Fakulteit: Opvoedkunde en Departement: Opvoedkundige Sielkunde het ek die waarde van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model in die onderhawige studie deurlopend ervaar. Die bespreking en verkenning van emosionele intelligensie-komponente in die moeder se lewensverhaal het my en die moeder die geleentheid gebied om ander dimensies in haar lewensverhaal te ontdek en ons in staat gestel om kollaboratief te werk in die onderhawige studie (kyk 1.11.3 en 5.3).

2.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n samevattende omskrywing gebied met betrekking tot die twee sentrale konsepte van die studie, te wete *outisme* en *emosionele intelligensie*. Dit is gedoen op grond van 'n deeglike literatuurstudie betreffende dié twee konsepte. Die hoofstuk het gefokus op literatuur oor outisme en is 'n duidelike beeld verkry betreffende die aard en oorsake van 'n outistiese gesteldheid. Ook is die kernhindernisse van 'n persoon met outisme geïdentifiseer verder is die konsep *emosionele intelligensie* veral aan die hand van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model toegelig. In die volgende hoofstuk word die metodologiese struktuur van die studie uiteengesit, met die uiteindelige doel om die moeder se lewensverhaal kollaboratief te genereer en te interpreteer.

HOOFSTUK DRIE

Metodologiese verantwoordings



“Dis vir my 'n heerlike en ongelooflike proses om op 'n 'trippie' te gaan in my outistiese kind se vormingsjare nadat die studie heelwat draade losgewikkel het.” (Spreekbeurt 16)

3.1 INLEIDENDE ORIËTERING

In hierdie hoofstuk bied ek 'n metodologiese verantwoording van my studie:

- Die aard van my studie is kwalitatiewe navorsing.
- Ek onderneem die studie binne die paradigmatas van ⁸interpretivisme en ⁹konstruktivisme.
- Die ontwerp van my studie is narratiewe navorsing.

My begrip van 'n konseptuele raamwerk (teorie; ontologie) is dat dit my in staat gestel het om 'n aantal vrae wat verband hou met die studie te genereer (epistemologie), en die wyse waarop ek die realiteit verken en omskryf word beskou as die metodologie (analise). Daar is dus volgens Denzin en Lincoln (2003, aangehaal deur Anfara en Mertz, 2006) 'n noue verband tussen teorie en metodologie. Meer spesifiek het ek 'n narratiewe navorsingsontwerp gekies om die moeder se ryk *emosionele* belewinge op haar lewensreis saam met outisme te verken en te omskryf. In hierdie hoofstuk beskryf ek die aktiwiteite en prosesse waardeur ek en die moeder haar lewensverhaal (ervaringe en belewinge) in die teenwoordigheid van outisme kon genereer. Ek streef ook daarna om die keuse van metodologie aan die hand van my navorsingdoel en probleemstelling te motiveer.

3.2 METODOLOGIESE PARADIGMA

3.2.1 Kwalitatiewe navorsing

Die studie is gebaseer op 'n narratiewe navorsingsontwerp vanuit 'n kwalitatiewe benadering met betrekking tot interpretivistiese-konstruktivistiese paradigmatas. Narratiewe navorsing is volgens Neuman (2003) gebaseer op naturalistiese fenomenologiemenologie, waarvolgens realiteite beskou word as veelvoudige vlakke wat interaktief op mekaar inwerk (Bouwer, 2007: 42). Dus kan mens aflei dat kwalitatiewe navorsing daarna streef om 'n sosiale verskynsel of fenomeen vanuit die perspektief van die deelnemer te begryp en te verstaan. Ek beskou die aannames van Denzin en Lincoln (1998) as waardevol vir die onderhawige studie, aangesien die moeder waarde heg aan haar ervaringe en belewinge tydens die proses waarin sy haar leefwêreld aan my verduidelik.

“Kwalitatiewe navorsing poog om die prosesse waardeur mense betekenis gee, te verstaan en om te beskryf wat daardie betekenis is. Die klem lê op 'n beter begrip van menslike gedrag en ervaring” (Van der Merwe, in Kriel, 2002: 9).

Cohen, Manion en Manion (2007), Holloway en Wheeler (2007) en Cresswell (2002a) meld dat 'n kwalitatiewe benadering 'n mens in staat stel om omvattende, in-diepte belewinge van die deelnemer (die moeder) se gedagtes, gevoelens en ervarings binne die situasie te kry. Kelle en Erzberger (2004, aangehaal deur Vivar, McQueen, Whyle en Armayor, 2007) beklemtoon dit egter dat met betrekking tot kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing die een nie belangriker is as die ander nie. Inteendeel, beide benaderings genereer

⁸Interpretivisme = proses waartydens die betekenis van die data-inhoude verduidelik word

⁹Konstruktivisme = proses waartydens betekenis gegee word aan deelnemer se ervaringe

verskillende maar bruikbare data betreffende die sosiale realiteit wat ondersoek word. Albei die navorsingsbenaderings streef ook na 'n uitkoms – om begrip te verwerf met betrekking tot die deelnemers se ervaringe. Die aard van die studie word bepaal deur die metodologie wat aangewend word (in Vivar, McQueen, Whyle en Armayor, 2007: 74).

3.2.2 Meta-teoretiese paradigma

□ Inleiding

'n Paradigma is 'n basiese denkwysse en aanname(s) wat kenmerkend is van 'n spesifieke wetenskap en wat 'n navorser gebruik as struktuur vir die studie wat hy/sy wil onderneem (De Vos, 2007:40, in De Vos et al., 2007; Bouwer, 2007: 40).

“A paradigm is a set of assumptions or beliefs about fundamental aspects of reality which gives rise to a particular world-view – it addresses fundamental assumptions taken on faith, such as beliefs about the nature of reality (ontology), the relationship between knower and known (epistemology) and assumptions about methodologies” (Niewenhuis, 2007: 48, in Maree, 2007).

Niewenhuis (2007, in Maree, 2007) omskryf verder dat 'n paradigma 'n navorser in staat stel om 'n duidelike verhaal te genereer oor die beskouinge wat die navorser inhou betreffende 'n fenomeen. Volgens Adams, Collair, Oswald en Perold (2004: 356) en Kriel (2002: 4) bestaan 'n paradigma bestaan uit drie elemente, naamlik:

- Ontologie (Teorie),
- Epistemologie (Metode), en
- Metodologie (Analise).

Die twee terme *ontologie* en *epistemologie* word kortliks apart bespreek, maar dié elemente is die geïntegreerde boustene van die studie.

□ **Ontologie: Wat is die aard van die sosiale realiteit, en wat is al ondersoek?**

Ontologie spesifiseer die aard van die realiteit wat ondersoek word, en wat daaromtrent gekenmerk word (Kriel, 2002: 4).

“Social reality is subjective. Humans react to the knowledge that they are being studied (ontology; nature of the social world)” (Descombe, 2002: 18-19).

Die ontologie van die studie lê in die aanname dat elke moeder se belewing van outisme uniek en persoonlik is. 'n Konstruktivistiese paradigma (kyk volgende hoofopskrif) word gebruik om die eie waarhede, wat die moeder konstrueer oor haar belewing in die teenwoordigheid van outisme, te kan begryp en te kan omskryf. Daar is al uiteenlopende lewenstemas (kyk figuur 4.1) ondersoek betreffende die hindernis genoem *outisme*, maar in dié studie streef ek daarna om die deelnemende moeder se unieke, in-diepte persoonlike realiteit te interpreteer.

□ **Epistemologie: Hoe ontstaan sosiale kennis, en hoe gaan ons dit weet?**

Epistemologie spesifiseer die aard van die verhouding tussen die navorser en die deelnemer (Kriel, 2002: 4).

"Humans react to the knowledge produced by being studied. It is not possible to gain objective knowledge about social phenomena (epistemology; research methods)"

(Descombe, 2002: 19).

Die wêreld bestaan uit mense wat hulle eie aannames, geloofsoortuigings, waardes en waarhede bepaal, en beskou ek die moeder se lewensverhaal as haar persoonlike, subjektiewe kennis. Die moeder se ervaringe met betrekking tot outisme kan op verskeie wyses gekommunikeer word, en dus is haar lewensverhaal 'n bron van subjektiewe kennis wat sy self konstrueer. Ek het beplan om meer te leer oor haar gekonstrueerde waarhede, en saam met haar haar lewensverhaal en die betekenis wat sy daaraan toevoeg te verken, te interpreteer en te begryp (kyk 4.3 en 4.4). Om haar subjektiewe belewenisse te begryp, vereis dat ek en die moeder kollaboratief moet verkeer en saam haar lewensverhaal moet konstrueer.

□ **Metodologie**

'n Navorsingsbenadering word volgens Niewenhuis (2007, in Maree, 2007) as die plan of strategie beskou wat my as ondersoeker motiveer om bepaalde strategieë, deelnemers en ontledingsmetodes te gebruik om my navorsingsvraag te beantwoord. Lieblich, Tuval-Mashiach en Zilber (1998:2) beskou narratiewe navorsing as 'n waardevolle data-insamelings gereedskap – dié ontwerp kan die beantwoording van my navorsingvraag fasiliteer en kan my help om meer van 'n sosiale verskynsel te leer.

□ **Interpretivistiese-konstruktivistiese paradigmata: samevattende beskrywing**

Niewenhuis (2007, in Maree, 2007) meld verder dat die meeste navorsers vanuit 'n interpretivistiese paradigma begin werk en dan later ook 'n konstruktivistiese benadering byvoeg. Hierdie integrasie maak sin wanneer mens in gedagte hou dat waarhede geïnterpreteer word op grond van wat mense as die waarheid konstrueer en glo. Dit is belangrik dat die toepasbaarheid van elke paradigma oorweeg word voordat 'n studie aangepak word, om sodoende seker te maak dat jou studie wel uitvoerbaar is binne die bepaalde paradigma. Laasgenoemde paragraaf is betekenisvol, aangesien dit my as navorser meer bewus gemaak het van wat ek met die studie beoog om te bereik.

□ **Interpretivistiese paradigama**

Die interpretivistiese paradigma poog om te verstaan hoe mense betekenis tot hul ervaringe toevoeg (Niewenhuis, 2007: 56, in Maree, 2007). Menslike gedrag moet telkens geïnterpreteer word in pogings om die sosiale werklikheid vanuit 'n subjektiewe standpunt te begryp. Die navorser is persoonlik betrokke by die studie asook by die interpretasie van data – ek as navorser streef na beter insig in die moeder se belewing van haar situasie. Navorsers wat 'n interpretivistiese paradigma navolg behandel hulle deelnemer(s) en elkeen se gekonstrueerde waarhede op 'n subjektiewe wyse. Dit is onwaarskynlik dat enige twee individue dieselfde sosiale werklikhede op dieselfde wyse sal belewe. Ek as navorser wil verstaan wat dit beteken om die moeder

te wees van 'n kind met outisme, en dus is subjektiewe en persoons-georiënteerde definisies, metodes en strategieë belangrik, en poog ons nie om haar lewensverhaal te veralgemeen nie. Met die interpretasie van haar lewensverhaal word daarna gestreef om dit as sosiale realiteit te verstaan en waar moontlik te ervaar. Die interpretivistiese paradigma word gegrond op die volgende aannames (Niewenhuis, 2007: 59-60, in Maree, 2007):

- *"Human life can only be understood from within."*
- *"Social life is a distinctively human product."*
- *"The human mind is the purposive source or origin of meaning."*
- *"Human behaviour is affected by knowledge of the social world."*
- *"The social world does not exist independently of human knowledge."*

Die onderhawige studie hou verband met Gephart (1999:1) se beskrywing van die interpretivistiese paradigma, aangesien hy dit ook benadruk dat die paradigma gemoeid is met 'n soeke na betekenis-toevoeging deur die individu. Die waarde van 'n interpretatiewe paradigma is dat die moeder deurlopend aktief deelneem en insae het in die studie. Dus word die kans verminder dat ek verkeerde aannames uit haar narratief kan aflei. Die moeder het nie bloot op my instruksie gereageer nie – sy is beskou as die kern en belangrikste bron van inligting en die moeder het betekenis tot die inligting toegevoeg, en hulp verleen in die interpretasie-proses (kyk 4.1).

Konstruktivistiese paradigama

Niewenhuis (2007:50, in Maree, 2007) asook Donald, Lazarus en Lolwana (2002: 374) se uitsprake met betrekking tot 'n konstruktivistiese paradigma binne kwalitatiewe navorsing sluit aan by die gedagte dat ek met die studie wel in voeling is met die moeder wat betref haar unieke lewensverhaal (ideografie) wat ek beoog het om te ondersoek. Dié paradigma het my gelei om die moeder se lewensverhaal te kon ervaar en begryp, deur van haar subjektiewe belewenisse kennis te neem (De Vos, Strydom, Fouché en Delpont; 2007).

3.3 LITERATUUROORSIG MET BETREKKING TOT NARRATIEWE NAVORSING

In my literatuuroorsig met betrekking tot die narratiewe het ek dit in die vooruitsig gestel dat ek deur middel van 'n narratiewe navorsingsontwerp die moeder se vertelling van haar lewensverhaal sou kon fasiliteer.

3.3.1 Omskrywing van narratiewe navorsing

Inleiding

Narratiewe navorsing dui op enige studie wat gebruik maak van narratiewe materiaal om sosiale konstruksie te identifiseer. *Narratiewe navorsing* as konsep het oor die afgelope vyftien jaar opslae gemaak in talle akademiese velde (Lieblich, Tuval-Mashiach en Zilber; 1998: 5). Clandinin en Connelly (2000:2) het verskeie ontwikkelings-invloede geïdentifiseer wat bygedra het tot die snelle ontwikkeling van die narratiewe navorsingspraktyk.

Watkins en Savickas (1990, aangehaal deur Maree, 2007) het 'n bydrae gelewer tot die grondslag van narratiewe navorsing waartydens hulle gepaste strategieë en tegnieke omskryf het. Die data kan ingewin word as 'n verhaal of selfs as blote observasie (Williams, 2004). Polkinghorne (1988, aangehaal deur Cortazzi, 1993) het ook soos die bogenoemde skrywers 'n bydrae gemaak tot die ontwikkeling van narratiewe navorsing, ten opsigte van die wyse waarop eie persoonlike ervaringe en narratiewe geïmplementeer is tot navorsing en tot die praktyk. Polkinghorne (1988, aangehaal deur Cortazzi, 2003) het dit beklemtoon dat narratiewe navorsingstrategieë (as navorsingsinstrument) navorsers in staat stel om mense en verskynsels in die werklikheid te begryp, en om insig te verkry betreffende mense se realiteite. Coles (1989, aangehaal deur Clandinin en Connelly, 2000) verwys na die verhaal as iets wat 'n individu op sy/haar lewensreistog saamdra. Sy opvatting is dat elke mens dit aan sy/haar medemens verskuldig is om na dié se lewensverhaal te luister en dit te respekteer.

□ Narratiewe navorsing: samevattende beskrywing

Alhoewel die konsep *narratiewe navorsingsontwerp* deur talle ondersoekers bestudeer is, het daar 'n aantal outeurs betekenisvolle bydraes tot die kennisveld gemaak het. Dié persone is, volgens my, D.J. Clandinin, F.M. Connelly, C.M. Stuhlmiller, B. Czarniawsaka, J.H. Muller, A. Lieblich, R. Tuval-Mashiach, T. Zilber, C. Watkins, en M. Savickas. Hulle het hul eie teorieë oor narratiewe navorsing (narrative enquiry) gepubliseer en baie ander skrywers in die proses geïnspireer om die konstruk verder te ondersoek. Bogenoemde skrywers se beskouinge van *narratiewe navorsing* oorvleuel meer as wat dit verskil. Daar is nie 'n universele definisie van *narratiewe navorsing* nie, maar ek gaan poog om 'n samevatting te gee van die aard van die narratief:

- Om verhale aan ander te vertel, is deel van 'n individu se lewe. Mense is verhaalvertellers van nature. Verhale is 'n manier om betekenisvolle gebeure en ervaringe te orden.
- Die oortelling van 'n verhaal aan iemand anders word as terapeuties beskou en dit dui op 'n wyse waarop 'n individu sin gee aan sy/haar lewe.
- Verhale word vertel vanuit 'n individu se eie perspektief – die verhaal word dus as uiters persoonlik en intiem beskou – as die individu se belewing van sy/haar lewe.
- Verhaalvertellings kan vir 'n individu as 'n geleentheid dien om te genees en te groei – om deur 'n belangstellende luisteraar gehoor te word, kan verandering en geneesing teweegbring.
- Narratiewe het strukturele eienskappe van tyd en konteks. Die verhaal ontvou deur gebeure wat op mekaar volg – begin, middel en einde. Dus word verhale as konteks-gefokus beskou, en kan stories ook kulturele, spirituele en morele boodskappe kommunikeer.
- Narratiewe besit die krag om menslike gedrag te beïnvloed en stel 'n individu in staat om oor sy/haar lewenservaringe te reflekteer.
- Narratiewe is verhoudingsmatig. Verhale word aan andere vertel en narratiewe ontstaan dikwels in gesprekke; dit neem vorm aan in die interaksie tussen verteller en luisteraar.

3.3.2 Ontwikkeling van 'n narratief

'n Moeder se verhaal, volgens Sax (1997: 115, aangehaal deur Smith en Nyland, 1997), word dikwels stilgehou, omdat daar in sommige kulture van 'n moeder verwag word om haar emosies te onderdruk en selfs te ontken. Sax (1997, aangehaal deur Smith en Nyland, 1997) omskryf die stilgehoue belewenisse as 'n "intense lyding"

van 'n moeder. Sax (1997, aangehaal deur Smith en Nyland, 1997) bevind ook in haar navorsing dat moeders dikwels met emosies worstel waar hulle hulself verwyf en minag, omdat hulle nie voldoen aan die samelewing se vereistes met betrekking tot die perfekte rolmodel-en-versorger nie (kyk 2.2.5).

“Vroue dink dis 'n skande om hulp te soek, as dit by kop en hart dinge kom.” (Spreekbeurt 133)

Bogenoemde uitsprake kan nie veralgemeen word nie, maar ook nie geïgnoreer word nie. Ek kon nie help om te wonder of 'n moeder van 'n kind met 'n gestremdheid nie nog meer emosies verberg en selfverwyf diep in haarself begrawe nie, aangesien die hedendaagse samelewing tog verwagtinge het met betrekking tot watter tipe kind die samelewing wil kweek.

“The lifestory is a selective autobiographical narrative which articulates how the important events of our lives are shaped by, and have shaped, our sense of self”

(Pasupathi, Mansour en Brubaker, 2007: 86).

Verskeie outeurs soos, Pasupathi et al. (2007), Habermas en Bluck (2000) en McAdams (1993) verklaar dat 'n lewensverhaal beskou kan word as 'n verstandelike verhaalboek waartydens 'n persoon episodes rondom 'n lewensverhaal konstrueer met betrekking tot betekenisvolle tydperke, gebeure of temas. 'n Lewensverhaal word as buigsaam en akkomoderend beskou, aangesien nuwe gebeure en betekenis by bestaande konstruksie toegevoeg word. Dus dien dit as 'n verwysingsraamwerk waarin nuwe gebeure geïnkorporeer word. Aangesien elke moeder die kundige is insake haar ervaringe en emosies, is daarteen gewaak om nie oorhaastig afleidinge te maak om hierdie gevoelens in haar te identifiseer nie. Barragar-Dunne (in Smith en Nyland, 1997: 79) omskryf die term *eksternalisering* as 'n geleentheid waarin sy onderskeid kan tref tussen haar verhaal en haar ervaringe van haar kind met outisme.

3.4 MOTIVERING VIR NAVORSINGSBENADERING

Narratiewe navorsing fokus op die verkenning van die betekenis wat die deelnemer aan sy/haar ervaringe toeken (Cresswell, 2002b: 525, in Cresswell, 2002). Laasgenoemde beskouing word verder uitgebrei deur Hatch (2002: 28), wat verklaar dat die narratiewe verband hou met die beginsels van die konstruktivistiese en kritiese-denke paradigma, aangesien die betekenis wat individue aan ervaringe gee (toeken) dikwels via persoonlike narratiewe verwoord word (kyk 3.4.2).

Hatch (2002: 28) beweer dat narratiewe studies gegroepeer word onder kwalitatiewe navorsing, aangesien die fokus daarop gerig is om die deelnemer se lewensverhaal op te teken, te interpreteer en te begryp. Tydens die studie is die omvattende, persoonlike lewensverhaal van die moeder beskou as die meedeling van persoonlike ervaringe wat verband hou met 'n betekenisvolle episode, gebeurtenis of ervaring, wat haar moontlik kan help om haar ervaringe en belewinge te verwerk (Schwandt, 2001b, in Denzin en Lincoln, 2001). In die onderhawige studie is 'n narratiewe ontwerp gekies om die moeder se innerlike realiteit aan die lig te bring en terselfdertyd emosionele intelligensie komponente in die moeder se lewensverhaal te identifiseer.

"I was urged to let each patient be a teacher: Hearing themselves teach you, through their narration" (Coles, 1989, aangehaal deur Clandinin en Connelly, 2000: 12).

Begrip en empatie

Volgens die riglyne van Smith en Nyland (1997: 45) moes ek fokus op wat die moeder probeer vertel, en waak teen wat ek hoop sy sal vertel of ervaar. Dit impliseer dat ek en die moeder moes saamspan om haar vertelling te interpreteer. In narratiewe navorsing verhaal individue hulle persoonlike, eerstehandse ervaringe gewoonlik aan 'n navorser. Cresswell (2002b: 521, in Cresswell, 2002) se beskouing is dat, as jy as navorser op soek is na persoonlike verhale, is narratiewe navorsing geskik, aangesien dié benadering aan die deelnemer die geleentheid gee om van sy/haar ervaringe en belewinge mee te deel; en die navorser in staat stel om die deelnemers se innerlike realiteit te verken en te begryp.

"Stories imitate life and present an inner reality to the outside world; at the same time, however, they shape and construct the narrator's personality and reality. The story is one's identity, a story created, told, revised, and retold throughout life. We know or discover ourselves, and reveal ourselves to others, by the stories we tell"

(Lieblich, Tuval-Mashiach en Zilber; 1998: 7).

Innerlike verandering

Die volgende beskouinge van Smith en Nyland (1997: 4) is 'n betekenisvolle bydrae tot die veld van narratiewe navorsing: Hulle meld dat narratiewe vertellinge 'n "bemagtigings-element" het, aangesien die moeder as die deskundige optree rakende haar lewensvertellinge en ervaringe van haar kind met outisme. Die vertellinge het meer as een doel, volgens Riessman en Speedy (2007:430, in Clandinin, 2007). Dit kan bloot wees om inligting uit te ruil, of dit kan 'n herlewing van 'n ervaring wees, of 'n in-diepte refleksie teweegbring, wat 'n nuwe uitkyk op 'n individu se lewe kan genereer.

"Telling a story about oneself can be an experience of healing and growth, in that being heard by an interested listener can result in change." (Stuhlmiller, 2000:78, in Gilbert, 2000).

"Ek voel beslis meer bemagtig, 'n sterker, dieper vrou as voor die proses begin het. 'n Positiewe, sterker persoonlikheid tree na vore in heelwat situasies deur my ervaar. Dis nogal bevrydend." (Spreekbeurt 115)

Bewuswording

Gedurende die literatuurstudie met betrekking tot die konsep *narratiewe navorsing* het ek veral aanklank gevind by die werke van Robert Coles (aangehaal deur Clandinin en Connelly, 2000). Coles (1989, aangehaal deur Clandinin en Connelly, 2000) het my geïnspireer om meer by die moeder self oor haar ervaringe van

outisme te leer. Die moeder neem dus die rol van leermeester in, deur die skep van 'n lewensverhaal oor wat dit beteken om die moeder te wees van 'n kind met outisme. Johnstone (2003: 644, in Schiffrin et al., 2003) verduidelik dat 'n narratief sosiaal en epistemologies gekonstrueer word, en uit die aard van die saak het die verhaalvertelling die moeder die geleentheid gegee om haar ervaringswêreld te verwoord.

“By telling, people recall what has happened, put experiences into sequence, find possible explanations for it, and play with the chain of events that shapes individual and social life. Story-telling involves intentional states that alleviate or at least make familiar events and feelings that confront ordinary everyday life” (Jovchelovitch en Bauer, 2000:58, in Bauer en Gaskell, 2000).

Die moeder se verhaal van haar lewenspad saam met outisme is van waarde, aangesien haar ervaringe vir my as navorser en vir ander lesers 'n leerskool kan wees van hoe om 'n kind met outisme onvoorwaardelik te aanvaar.

Sterkpunte van narratiewe navorsing

Deur middel van narratiewe navorsing word alledaagse data verkry wat aan individue bekend is, aangesien individue almal verhale het om aangaande hulle ervaringe te vertel. Wanneer 'n individu geleentheid kry om tot ekspressie van sy/haar ervaringe en belevinge te kom, help dit hom/haar om die ervaringe te verwerk en om tot 'n beter begrip daarvan te kom (groei). Soos Cresswell (2002b, in Cresswell, 2002) dit saamvat, is die essensie van narratiewe navorsing dat verhale ons herinner aan die waarhede van ons ervaringe.

Groeipunte van narratiewe navorsing


Cresswell (2002b: 532, in Cresswell, 2002) noem dat die oortelling van narratiewe soms 'n inspannende en moeisame proses is. Hy is verder van mening dat narratiewe navorsing sterk steun op die navorser se persoonlike afleidings en observasies, wat kan lei tot valse of onbetroubare inligting. Clandinin en Connelly (2000) wys ook op die gevaar dat deelnemers 'n verhaal kan namaak of oordryf om intieme en pynlike gedagtes te vermy en om die navorser te beïndruk. Ek het deurlopend gedurende die studie aandag gegee aan bogenoemde navorsingslokvalle en was bewus van die tekortkoming in die narratiewe navorsingsontwerp. Ek het die moeder ten alle tye verseker dat die gesprekke konfidensieel is en dat sy in volle beheer is van watter data sy graag deel wil maak van die studie.

3.5 NAVORSINGSPROSES


“Irrespective of what you want to find out, or what you want to discover, or what facts you want to acquire, there is a process involved – a process of learning and knowing things about the world around us” (Fouché en Delpont, 2007: 71).

Dit is belangrik om ag te neem dat alhoewel die studie aan die hand van twee prosesse verduidelik word, naamlik Proses 1: Generering van lewensverhaal en Proses 2: Verkenning van emosionele intelligensie komponente, is die skeiding slegs denkbeeldig en deursigtig (kyk figuur 3.1). Die twee prosesse het my as navorser in staat gestel om die data met verskillende strategieë in te samel, maar die proses van data-analise en data-interpretasie kan die prosesse nie meer geskei word nie en word die belewinge en emosionele intelligensie komponente geïntegreer. Die emosionele intelligensie komponente kan voorgestel word as 'n as 'n denkbeeldige transparant wat oor die moeder se lewensverhaal geplaas word.

Figuur 3.1 Generering van 'n lewensverhaal en verkenning van emosionele intelligensie



Figuur 3.2 Die navorsingsproses



3.5.1 Navorsingsvraag

Die studie se probleemstelling word in terme van twee prosesse bespreek om optimale data betreffende die moeder se lewensverhaal en emosionele intelligensie komponente te verkry.

PROSES 1: LEWENSVERHAAL

Wat beteken dit om die moeder te wees van 'n kind met outisme?

PROSES 2: VERKENNING VAN EMOSIONELE INTELLIGENSIE KOMONENTE

Wat is die waarde van die verkenning van emosionele intelligensie komponente in die moeder se lewensverhaal?

3.5.2 Seleksie van 'n deelnemer

Inleiding

"Of course, all settings are natural – that is, places where everyday experiences take place. Qualitative researchers study people doing things together in the places where these things are done" (Denzin en Lincoln, 2000:25).

Die seleksie van die moeder as deelnemer aan die studie kan geregverdig word aan die hand van die seleksieproses wat kwalitatiewe navorsers gebruik (Niewenhuis, 2007: 79, in Maree, 2007). Die deelnemer(s) word nie-waarskynlik en doelgerig geselekteer, en die betrokke deelnemer(s) het spesifieke eienskappe waarna ek as 'n navorser soek. Kwalitatiewe studies word dikwels eers onderneem nadat die navorser die sosiale verskynsel geïdentifiseer het wat hom/haar laat besluit het om 'n studie te onderneem. My belangstelling in die tema van die onderhawige studie het vir my duidelike geword nadat ek en die moeder mekaar leer ken het. Ek het 'n doelgerigte keuse gedoen om nie al die moeders in Pretoria van kinders met outisme 'n gelyke kans te gee om deel te neem aan die studie nie (De Vos, Fouché en Delpont, 2007: 135-202, in De Vos et al., 2007). Die seleksieproses word omskryf as *doelgerigte nie-waarskynlike seleksie*. Die moeder is volgens my mening die geskikte kandidaat, aangesien sy die *persoonlikheidseienskappe* besit wat volgens my die meerderheid van die gemeenskap se eienskappe verteenwoordig (Cohen, Manion en Manion, 2007: 42-46).

Die moeder het ingeligte toestemming gegee met betrekking tot die aard en doel van die studie (kyk Bylaag A), en die vertelling van die verhaal het in die privaatheid van haar tuiste plaasgevind. Die narratiewe vertelling het geskied binne 'n veilige, bekende omgewing. Die moeder is dus die geleentheid gebied om

deur haar vertelling uit te gee aan haar belewing en moontlik perspektief te verkry op haar lewenspad saam met haar seun met outisme. Maree (2007: 17) meld dat narratiewe navorsing die navorser die geleentheid gee om persoonlike betekenis (belewinge of belewenisse) te ondersoek, en die deelnemer die geleentheid gee om haar ervaringe en belewinge te verwerk.

□ **Agtergrond van die moeder as deelnemer**

Die deelnemer is die moeder van 'n negejarige seun met outisme, in die grondslagfase by 'n skool vir outisme in Pretoria. Omdat die moedertaal van beide die moeder en die kind met outisme Afrikaans is, het ek besluit om die studie in dieselfde taal te onderneem. Die moeder is die jongste van twee susters en is getroud met haar man wat een van vyf kinders is. Die egpaar ken mekaar van skooldae af en is kort na hul tersiëre opleiding getroud. Volgens die moeder het sy geborge verhoudinge met die gesinslede, asook met haar man se gesin. Die gesin bestaan uit die moeder, die vader en hul twee seuns, van wie die jongste outisties is. Haar seun is in 'n skool in Pretoria wat spesialiseer in outisme as hindernis. Ek en die moeder was kollegas by 'n skool vir kinders met leerhindernisse, en het bevriend geraak, aangesien haar seun in my klasgroep was. Ek en die moeder het gereeld oor outisme gesels waar my belangstelling dan ook gekweek is. Die moeder se biografie word kortliks in haar lewensverhaal in Bylaag A weergegee.

Om die onderliggende doelstellings van die onderhawige studie te kan bereik moes ek as navorser spesifiek oor my en die moeder se vriendskap gaan reflekteer het. Dus, watter effek my en die moeder se vriendskap het op vertrouenswaardigheid (kyk 3.6) van die studie, ten opsigte van die wyse waarop ons die metodologie uitvoer:

Ek beskou my en die moeder se vertrouensverhouding as "gesond" en toereikend, en dit het my en haar as kollaboratiewe span in staat gestel om die data vinnig en effektief in te samel, te verwerk en te interpreteer. Ek en die moeder kon met gemak oor die inhoud en doel van elke aktiwiteit praat, wat volgens my mening, haar gemaklik en veilig laat voel het om persoonlike en dieperliggende belewinge oor outisme met my te kon deel. Ek as navorser voel dat ons vertrouensverhouding en vriendskap die betroubaarheid en geloofwaardigheid (kyk 3.6.3) van die ingewonne data bevorder het (oordraagbaarheid, egtheid, bevestigbaarheid en outentiekheid). Ek dink die data-insameling-prosesse (genereer lewensverhaal en verken emosionele intelligensie komponente) en die data-analise-strategieë was maklik uitvoerbaar, aangesien ek en die moeder nie tyd moes afstaan om eers 'n vertrouensverhouding te vestig nie alvorens ons met die studie kon begin nie. Ons kon dus meer tyd spandeer om die data te interpreteer en op haar interpretasies uit te brei.

Ek is terdeë bewus daarvan dat die vertrouensverhouding en vriendskap met die moeder die onderhawige studie ook kan benadeel ten opsigte van objektiwiteit en my persepsie oor wat dit vir haar beteken om die moeder te wees van 'n seun met outisme. Ek as navorser kan in die lokval trap waar ek te subjektief betrokke en ingestel is op haar belewing van outisme (kyk 1.11.3) – aangesien ek haar persoonlik ken en ook vir haar seun skoolgehou het, en dit kan my persepsie as buitestaander en vertolker van die studie negatief beïnvloed. Omdat ek die studie onder toesig van my studieleier uitgevoer het, en ons as kollaboratiewe span daaraan aandag geskenk het om 'n balans te kry ten opsigte van my subjektiewe betrokkenheid en my geloofwaardige vertolking, wat die waarde van die inhoud van die studie volgens my mening verhoog (kyk 3.6.3).

3.5.3 Data-inwinning en data-vaslegging

Proses 1 : Lewensverhaal

Informele onderhoud

Die onderhoud was die eerste geleentheid om die moeder breedvoerig in te lig oor die doel van die studie. Die onderhoud het gefokus op 'n verkenning van die moeder se ervaringe, op 'n ongestruktureerde wyse. Die motief was nie om antwoorde op vrae te verkry nie, maar eerder om die dieper betekenis van die moeder se ervaringe en belevinge te verken en te omskryf. Mason (1996) verklaar dat slegs individue se ervaringe in 'n onderhoud oorvertel word, aangesien die ondersoeker se werklike belangstelling in die deelnemer se vertelling nie bevredig sal word as slegs hy/sy praat en vrae stel nie.

Herinneringsboek (gebaseer op die 'memory box'-tegniek)

Verskeie navorsingstudies maak gebruik van herinneringsboeke. Viljoen (2005: 9-10) dui belangrike redes aan hoekom 'n herinneringsboek van waarde is. Vir hierdie studie beteken dit:

- Dit kan die moeder help om haar lewensverhaal aan ander te vertel.
- Dit bevat objekte wat haar herinner aan haar kind en hulle lewenspad saam.
- Dit dien as 'n boek wat herinneringe van haar kind saamvat.
- Dit bevat gedagtes, briewe en inligting wat as waardevol geag word vir die pad vorentoe.
- Dit kan help om die verwerkingsproses te vergemaklik.

Die herinneringsboek, wat ons geskep het, sluit in die moeder se eie foto's, collages, briewe en tekeninge. Die proses, om die boek te skep, word deur Maree (2007b: 155) as dinamies, voortdurend en reflekerend omskryf. Dit hou verband met die bespreking in 2.3.3 met betrekking tot Barragar-Dunne (1997, in Smith en Nyland, 2007) se eksternaliseringstegniek, byvoorbeeld metafore. Die boek beeld die volgende aktiwiteite uit:

Metafore

Ons het die boek begin deur gebruik te maak van metafore. Die metafore moedig die gebruik van gesproke en geskrewe taal aan, deur kreatiewe strategieë (Mignot, 2004, aangehaal deur Maree 2007). Die moeder het haar eie metafore gekonstrueer oor (1) haar persepsie van haarself as moeder van 'n seun met outisme, asook (2) haar persepsie van haar seun met outisme.

Collages

'n Collage, volgens Maree (2007b), kan effektief aangewend word as 'n geïllustreerde narratief, omdat sy enige prentjies, materiaal, foto's, geskrewe woorde, simbole en slagspreuke kan gebruik om haarself uit te druk. Die tema van die collage was: *Wat beteken dit om 'n ma te wees van 'n kind met outisme?* Die tema is verder aangevul met sub-temas soos (1) wat is eienskappe van 'n ma?, (2) wat is die eienskappe van 'n kind met outisme?, (3) wat is die belevinge van die moeder van 'n kind met outisme?, ensovoorts.

□ *Staatjies (anekdotes)*

’n Verbale geskiedenis-vertelling het haar gemotiveer om herinneringe en persoonlike ervaringe uit haar verlede te versamel en te interpreteer (Roberts, 2002: 93). Staatjies word belangrik geag en sy is geleentheid gegee om informeel te gesels, sonder om gelei te word deur voorafbepaalde vrae. Sy het verskeie staatjies vertel rondom haar verhouding met haar kind met outisme. Die staatjies het gehandel oor aangename of minder aangename ervaringe. Die doel was om die stemming van haar herinneringe te bepaal, hetsy hulle oorheersend negatief of positief ervaar is. Die staatjies het bygedra tot die ontwikkeling van lewenstemas (kyk figuur 4.1).

□ *Lewenstemas*

Die moeder se vertelling het geskied in die vorm van ’n outobiografie (kyk Bylaag B). Haar vertelling het die verlede, die hede, asook toekomsverwagtinge saamgevat. Dié aktiwiteit het daarop neergekom dat sy haar eie lewensverhaal geskryf het oor wat dit vir haar beteken om die moeder te wees van ’n kind met outisme.

Proses 2 : Verkenning van emosionele intelligensie komponente

Die moeder se lewensverhaal handel oor wat dit vir haar beteken om die moeder te wees van ’n kind wat met outisme gediagnoseer is. Die verkenning en bespreking van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie komponente was van waarde in die interpretasieproses. Die fokus van die proses is op haar verkenning van haar verhaal vanuit ’n emosionele intelligensie perspektief. Die klem het dus nie geval op die herskryf van haar lewensverhaal nie (in die lig van die feit dat sy gevra is om emosionele intelligensie komponente in haar lewensverhaal te identifiseer), maar eerder op ’n bepaling van die rol wat emosionele intelligensie vervul het in die wyse waarop sy haar lewensverhaal gekonstrueer het.

Ons het saam deur haar lewensverhaal gewerk en emosionele intelligensie komponente geïdentifiseer. Die proses het soos volg verloop: Nadat die moeder haar lewensverhaal neergeskryf het, het ek haar ten opsigte van die emosionele intelligensie verskynsel en die komponente daarvan georiënteer. Ons het daarna saam deur haar lewensverhaal gewerk en emosionele intelligensie komponente geïdentifiseer. Dié aktiwiteite is self-reflekerend deurdadig die moeder die geleentheid gekry het om die konstruksie in haar lewensverhaal self te verken en te interpreteer. Ons het dit wel later bespreek of sy haar lewensverhaal sou wou verander na aanleiding van die emosionele intelligensie verkenning. Dit blyk dat sy nie haar lewensverhaal wou verander nie, maar tog het haar belevinge met betrekking tot haar seun met outisme aan die lig gekom. Die volgende komponente van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model

(kyk 2.3.1) is tydens Proses 2 geïdentifiseer:

- **KEN EIE GEVOELENS** Hier gaan dit om die moeder se bewuste verkenning en herkenning van haar emosies met betrekking tot wat dit vir haar beteken om die moeder te wees van ’n seun met outisme. In haar lewensverhaal is kognitiewe belevinge en diepere emosionele belevinge gesamentlik geïdentifiseer. Die verduideliking en omskrywing van Bar-On (2003) se subskale van die intra-persoonlike skaal is vir verkenningdoeleindes gebruik (kyk 2.3.1).
- **HERKEN ANDER SE EMOSIES** Hier gaan dit om die moeder se empatiese verkenning en herkenning van die emosies van haar seun en van die ander gesinslede. Aangesien ons die verhaal saam gekonstrueer het, was

ek en die moeder bewus van mekaar se gevoelens en het ons dit aan mekaar gekommunikeer. Die Bar-On (2003) subskale van die interpersoonlike skaal is vir verkenningsdoeleindes gebruik (kyk 2.3.1).

- **BESTUUR EIE GEVOELENS** Die moeder mag besluite neem oor hoe sy haar emosies gaan bestuur tydens die vertelling van haar lewensverhaal. Sy kies bewustelik watter emosies sy met my wil deel, en hoe sy dit wil kommunikeer. Die Bar-On (2003) subskale van die bestuur-van-spanningskaal is vir verkenningsdoeleindes gebruik (kyk 2.3.1).
- **AANWENDING van EI vaardighede IN VERHOUDINGE** Die moeder pas haar telkens aan tot die aard van haar verhouding met betrekking tot haar seun met outisme, haar gesinslede en ander persone. Dié komponent is meer toekomsgerig en 'n element van watter moeder sy vir hom wil wees sal moontlik openbaar word. Die Bar-On (2003) subskale van die aanpasbaarheidskaal is vir verkenningsdoeleindes gebruik (kyk 2.3.1).
- **SELF-MOTIVERING** Die moeder selekteer die inhoud van haar lewensverhaal en besluit watter betekenis sy aan haar verhaal heg. Haar betekenistoewoeging tot haar verhaal kan optimisties of pessimisties van aard wees, en sy kan self besluit of sy teleurstelling en moeilike situasies met my wil deel. Die Bar-On (2003) subskale van die totale gemoedsgesteldheidskaal is vir verkenningsdoeleindes gebruik. (Kyk 2.3.1).

3.5.4 Addisionele inligting

Waarnemingsnotas

Hierdie notas bevat my persoonlike waarnemings, ervarings en belevings van die aktiwiteite wat ek met die moeder gedeel het. Die notas dien as 'n geleentheid om my refleksies, gedagtes, persepsies en gevoelens jeens die ondersoek in 'n refleksie-joernaal vas te pen (kyk Bylaag C).

Refleksie oor die navorsingsproses

Daar was verskeie uitdagings en beproewings wat die moeder ervaar het, wat nie uit die beskrywing van die studie weggelaat kan word nie. Sy het voor- en afkeure gehad met betrekking tot die formaat waarin sy tot ekspressie wou kom. Die moeder het moontlik ongemaklik gevoel met die inhoud van haar lewensverhaal, maar dit wil tog voorkom dat haar vertelling eerlik en opreg was by die medeling van haar ervarings. Ek en die moeder het albei besige skedules gehad, en tog kon ek kontakssessies reël waartydens ons met mekaar kon kommunikeer. Indien ons nie mekaar kon ontmoet vir 'n kontakssessie nie, het ek sommige van die opdragte mondelings en skriftelik aan haar verduidelik, sodat sy met sekerheid die opdragte kon uitvoer, byvoorbeeld met betrekking tot collages, metafore, staaltjies, herinneringsboek. Dit was dus noodsaaklik dat die proses, waartydens ek inligting moes inwin, aanpasbaar en buigsaam was, om sodoende altyd die moeder te akkommodeer en om elke kontakssessie 'n geleentheid te maak vir optimale inwinning van inligting.

3.5.5 Data-analise

□ Inleiding

Neuman (2003) omskryf data-analise as die identifisering van patrone in rou data. Nadat sodanige patrone geïdentifiseer is, word dit volgens Descombe (2002) aan die hand van bestaande teorie, navorsingsvrae en navorsingsdoelstelling geïnterpreteer (die *betekenis* daarvan word verduidelik). Hier moet gewys word op die betekenisvolle verwantskap tussen data-inwinning en data-analise (De Vos, 2007, in De Vos et al., 2007). Data wat ingewin is, word georden, geanaliseer en geïnterpreteer. Laasgenoemde stellings sluit aan by Kruger, De Vos, Fouché en Venter (2007, in De Vos et al., 2007) se beskouing wat wys op die betekenisvolle verwantskap tussen data-analise en data-interpretasie. Volgens Kruger et al. (2007, in De Vos et al., 2007) sal 'n navorser saam die deelnemer outomaties data interpreteer soos hulle dit analiseer. 'n Navorser en die deelnemer poog daarin om betekenisvolle gevolgtrekkings op grond van ingewonne data te kan maak.

Soos vroeër bespreek (kyk 3.3) word narratiewe vertellinge beskou as natuurlike gebeurtenisse, waartydens 'n individu tot ekspressie kom van sy/haar denke of gevoelens. Gedurende die verduideliking van 'n belewing (interpretasie), deur die individu, het dié interpretasie-proses die uitkoms van insig- en begripvorming tot gevolg, waarby ander individue die werklikhede van die verteller deur sy/haar oë beleef. Die ontleding van die narratief kan as "funksionele analise" beskou word – aangesien daarin gestreef word om te verstaan en te begryp wat die verhaal probeer vertel of probeer bereik (Niewenhuis, 2007: 103, in Maree, 2007). Die navorsingsproses is tydens die studie saam met die moeder uitgevoer, om sodoende 'n betroubare en omvattende beeld van haar belewing te verkry – van wat dit beteken om die moeder te wees van 'n seun met outisme. Volgens Mouton (2002) word data-analise ook omskryf as 'n aksie waarin temas en kategorieë geïdentifiseer word (Iewenstemas, kyk figuur 4.1) waarop die proses van data-interpretasie volg. Die proses van kollaboratiewe data-inwinning en data-analise stel my en die moeder in staat:

"...to make sense of new data, and to get a new perspective on a topic" (Descombe, 2002: 92).

Die temas wat in die moeder se narratief geïdentifiseer is, het hoofsaaklik verband gehou met die emosionele intelligensie-skale van Bar-On (2003). Die moeder se ekspressies, is na my mening, 'n waardevolle bron van inligting waartydens: Proses 1 ek insig kan verkry met betrekking tot wat dit vir haar beteken om die moeder te wees van 'n kind met outisme, en daarmee saam Proses 2 word die moeder se vertelling in verband gebring met Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model waartydens emosionele intelligensie komponente in die moeder se verhaal geïdentifiseer word. 'n Individu se belewing (om betekenis te gee aan) moet geïnterpreteer word (om die betekenis te verduidelik), aangesien die gegenereerde narratiewe slegs die ekspressie is van 'n individu se ervaring (Riessman, 2002, in Huberman en Miles, 2002). Dus, deur eerstens die moeder se ekspressies te interpreteer en tweedens haar belewing in verband te bring met emosionele intelligensie komponente stel my en die moeder in staat om addisionele temas en patrone te identifiseer (Iewentemas, kyk figuur 4.1 en tabel 4.2).

Die moeder en ek het 'n kollaboratiewe poging aangewend met betrekking tot data-inwinning, data-analise en data-interpretasie. Alhoewel ek as navorser my eie ingesteldheid, persepsies en interpretasies ten opsigte van

outisme het, is die wesenlike doel van die studie om die moeder se belevinge te interpreteer, sodat haar belevinge begryp kan word (kyk 2.2.1). Verder het ek daarna gestreef om literatuur-inhoude (na aanleiding van my literatuurstudie) in my data-analise proses te laat meesprek, byvoorbeeld die wyse waarop die moeder outisme ervaar en beleef word in relevante literatuur beskryf.

“...literature is reviewed as a kind of conversation between theory and life, or at least, between theory and the stories of life contained in the inquiry” (Clandinin en Connelly, 2000: 41).

“The aim of analysis is to understand the various constitutive elements of one’s data through an inspection of the relationships between concepts, constructs and variables....or to establish themes in the data” (Mouton, 2002: 108-109).

□ Data-analise-metode


Die proses waartydens die data geïnterpreteer word na aanleiding van die data-analise-metode word in Hoofstuk 4 volledige uiteengesit. Daar word dikwels verwys in die volgende besprekinge na die term *lewenslyn*. Die lewenslyn word beskou as die drie noemenswaardige “hoofstukke” in die moeder se lewensverhaal waarvolgens haar belevinge gegroepeer word en aan die hand van Bar-on se vyf emosionele intelligensie komponente bespreek word. Die eerste “hoofstuk” van belevinge wat in verband gebring is met die emosionele intelligensie komponente is die: Diagnose-proses, die tweede “hoofstuk” is die: Aanvaardingsproses, en die laaste “hoofstuk” die: Toekomspektief.

Die data-analise metode van Creswell (2003:196-197) en McMillan en Schumacher (2001:408) word aangewend tydens die data-inwinning en data-analise prosesse. Die data-analise metode word kortliks ten opsigte van drie prosesse verduidelik:

- Toepassing van die data-analise benadering
- Die proses van data-kodering
- Die wyse waarop data georden word

“The tough intellectual work of analysis is generating categories and themes”
(De Vos, 2007: 338 , in De Vos et al., 2007).

Figuur 3.3 Data-analise-metode (kollaboratief benader)



Verskeie verhaal-inhoude is tydens die studie gegenereer. Ek as navorser het besef dat dit belangrik is om inligting na afloop van elke kontakssessie te verwerk en te orden, voor ek en die moeder dit kon bespreek. Na afloop van die data-inwinningsproses het ek self die ingewonne data georden en die ouditiewe asook geskrewe data getranskribeer, sonder om laasgenoemde te verander. Ek het voorbereid na my en die moeder se kontakssessie gekom waartydens ek en sy kollaboratief deur al die data gelees het om 'n oorsig te kry oor die belewinge wat ingewin is tydens die data-inwinningsproses. Ek en die moeder het die data-inhoude saam geselekteer, wat ons gaan gebruik vir die data-analiseproses, en ek en sy het doelgerig al die verhaal-inhoude bestudeer om 'n oorsig en geheelbeeld te verkry van al die data.

Oor die volgende kontakssessies het ek en die moeder met die koderingsproses begin. Kodering is die leesproses van getranskribeerde data om daaruit betekenisvolle analitiese temas te identifiseer en te kategoriseer (Niewenhuis, 2007, in Maree, 2007). Ek en sy het noukeurig en doelgerig al die verhaal-inhoude gelees, notas in die kantlyn gemaak en kollaboratief temas geïdentifiseer wat ons later op kon uitbrei. Ek en die moeder het meestal narratief gewerk en op haar eie lewenstemas gefokus wat voorkom in haar verhaal-inhoude. Relevante temas is aan die hand van die moeder se verhaal-inhoude gekategoriseer en geïnterpreteer. Ek en die moeder het dié temas in die vorm van lewenslyn georden en dit lewenstemas genoem.

Na afloop van die koderingsproses waartydens ons haar lewenslyn gekonstrueer het, het ek en die moeder saam die lewenstemas en sub-temas hersien om sodoende duplikasies in lewenstemas te voorkom. Ons het die

lewenstemas en die emosionele intelligensie komponente wat aanvanklik alleen deur die moeder geïdentifiseer was saam geverifieer en aanpassings gemaak waar nodig. Die proses waartydens lewenstemas geïdentifiseer was, kan as 'n kollaboratiewe poging beskou word. Die moeder het aanvanklik self haar belevinge in verband gebring met emosionele intelligensie komponente, en ons het daarna dit kollaboratief hersien. 'n Eksterne kodeerder, my studieleier, het die lewenstemas en die emosionele intelligensie komponente wat ek in die moeder geïdentifiseer nagegaan en goedgekeur (Denzin en Lincoln, 2002: 780).

Die moeder het oor verskeie kontakssessies haar beleving van outisme aan my vertolk en ook aan my verduidelik (interpreteer). Gedurende elke kontakssessie het ek en die moeder daarin gepoog om na afloop van elke kontakssessie die vraag van Creswell (2003) te kon beantwoord, naamlik: "Wat het ons hieruit geleer?". Ek en die moeder beskou die lewenstemas en die emosionele intelligensie komponente as betekenisvolle en noemenswaardigste temas vir die studie (McMillan en Schumacher, 1997: 510-511). Ek het daarvan werk gemaak om 'n refleksie-joernaal te skryf, wat my ondersteun het in my poging om die moeder se vertellinge tot die beste van my vermoë te begryp en te verstaan.

3.6 VERTROUENSWAARDIGHEID VAN DIE STUDIE

3.6.1 My rol as navorser

My rol as navorser word hoofsaaklik gebaseer op die doel om die lewensverhaal van die moeder te verken en te interpreteer. Ek en sy het verskeie aktiwiteite saam onderneem, en het ek gepoog om as sensitief, empaties en 'n goeie luisteraar voor te kom. Die moeder se volgehoue, aktiewe deelname was onontbeerlik vir die studie. Alhoewel ek heelwat interpretasie alleen onderneem het, glo ek dat die kollaboratiewe poging saam met die moeder, om die data te interpreteer, van onskatbare waarde was vir die studie. Ek en die moeder het saam haar belewenisse bespreek, en tot gevolgtrekkings gekom – dus het ek nooit alleen afleidings gemaak wat betref haar lewensverhaal nie, maar eerder 'n kollaboratiewe poging aangewend om die studie se bevindinge te formuleer. Die moeder was ten alle tye in beheer van watter van haar ervarings in my studieverslag beskryf moes word – sy het dus besluit watter inligting deel mag vorm van die studie.

"The qualitative researcher: Views social phenomenon holistically; Systematically reflects on who she is in the inquiry; Is sensitive to her personal biography and how it shapes the study; Uses complex reasoning that is multifaceted and iterative" (Marshall en Rossman, 1999:3)

3.6.2 Verhoudingstigting met die moeder

Ek en die moeder het die doel, agtergrond en plan van die studie bespreek. Wat betref die toestemmingsbrief (aangeheg in Bylaag B) is die moeder ingelig met betrekking tot die aard van die studie, en sy is ook in kennis gestel dat sy enige tyd van die studie kan onttrek. Dit was belangrik vir my as navorser om die moeder te

verseker dat sy die belangrikste persoon in die ondersoek is, en dat ons slegs dié inligting, waarmee sy gemaklik en tevrede voel, sou deel maak van die studie.

3.6.3 Vertrouenswaardigheid en kredietwaardigheid van die studie

Dit word algemeen aanvaar dat die gebruik van veelvoudige metodes om data te versamel tot die insameling van betroubare inligting lei (Babbie en Mouton, 2001; Cohen, Manion en Manion; 2007: 42-46). Ek het veelvoudige metodes gebruik om ryk, omskrywende inligting in win. Ek het gebruik gemaak van 'n onderhoud, asook 'n herinneringsboek waarin ons die moeder se outobiografie, staaltjies, collages, metafore en lewenstemas kon boekstaaf. Die kwaliteit van die studie word verbeter deur die twee strategieë vir betroubaarheid en geloofwaardigheid aan te wend. Soos kortliks genoem in Hoofstuk 1 (1.11.3), dui betroubaarheid in kwalitatiewe navorsing op die oortuiging dat die studie waardevol is om te ondersoek, op 'n hoë kwaliteit, op geloofwaardigheid, en op die geldigheid van die strategieë om betroubare en geloofwaardige data in te samel.


Betroubaarheid en *geloofwaardigheid* is die benaminge in kwalitatiewe navorsing vir *geldigheid* en *betroubaarheid* in kwantitatiewe navorsing (Niewenhuis, 2007: 81, in Maree, 2007). Die term *betroubaar* word deur Lincoln en Guba (1985, aangehaal deur Maree, 2007: 81) en Vivar et al. (2007: 68), as sinoniem gebruik vir *agbaarheid*, *bruikbaarheid*, *afhanklikheid* en *goedgekeurde*. Die geldigheid en betroubaarheid van verkreeë inligting word in die volgende besprekings aangedui, aan die hand van die beskouing van Niewenhuis (2007:54 – 60, in Maree, 2007) asook Burell en Morgan (2007:7).

- Vertrouenswaardigheid (betroubaarheid en geloofwaardigheid) dui op die oortuiging dat die studie waardevol is om te ondersoek en van 'n hoë kwaliteit is (Bouwer, 2007: 59).
- Kredietwaardigheid (in kwalitatiewe navorsing) dui op die verskeie strategieë wat geïmplementeer kan word om 'n studie se *kredietwaardigheid* te verseker (McMillan en Schumacher, 2001).

□ Vertrouenswaardigheid


Dit was belangrik dat die moeder geleentheid gekry het om bykomende en uitgebreide interpretasies by bestaande inligting te voeg. Die moeder het die interpretasie van haar vertelling nagegaan en bevestig dat dit reg verstaan en opgesom is. Sy is ook geleentheid gebied om oor haar ervaring van die studie te gesels. Die twee konsepte *betroubaarheid* en *geloofwaardigheid* word as volg geïllustreer onder die sambreelterm *vertrouenswaardigheid*:

Figuur 3.4 Grafiese voorstelling van vertrouenswaardigheid



Patton (2002) het die volgende kernpunte onder die sambreel-konsep *vertrouenswaardigheid* geïdentifiseer en sal die bespreking aan die hand van die kernpunte bespreek word:

Figuur 3.5 Grafiese voorstelling van die kernpunte met betrekking tot vertrouenswaardigheid



▣ **Subjektiewe kennis, egtheid en geloofwaardigheid**

De Vos (2007, in De Vos et al., 2007) verwys na dié kriterium as die geldigheid/geloofwaardigheid (in Engels validity) van 'n studie. Daar is dus sekere vereistes waaraan 'n studie moet voldoen om as *geloofwaardig* beskou te word. *Geloofwaardigheid* het te make met die noukeurigheid van die vrae wat gestel word, die tipe data wat ingesamel word, en die interpretasies en bevindinge wat met betrekking tot die data gemaak word (Denscombe, 2002:100). 'n Lewensverhaal dui op 'n sosiale realiteit wat gekonstrueer en geïnterpreteer word en let dit dus op die unieke, subjektiewe en persoonlike belevinge. Die moeder se beskrywinge en interpretasies van die ervaringe en belevinge in haar lewensverhaal word deur my as navorser gerapporteer, en dus moet ek volgens Terre Blanche, Durrheim en Painter (2006) asook De Vos (2007, in De Vos et al., 2007) die interpretasies akkuraat, geloofwaardig en betroubaar rapporteer. Die inhoud wat weergegee word in die studie sal as geloofwaardig beskou word as ek 'n ware weergawe van die moeder se belevinge kommunikeer. Babbie en Mouton (2001) lê klem daarop dat data wat gegenereer word (tydens 'n studie), bespreek moet word met die deelnemer, om misverstande ten alle koste te voorkom (kyk 3.5.5.). Die studie wat ek onderneem is *kollaboratief* van aard, – die inhoud van die studie is deur die moeder nagegaan en sy is tevrede met wat gekommunikeer word.

▣ **Kristallisasie**

Volgens Strydom en Delpont (2007, in De Vos, 2007) het elke databron sy eie sterkpunte en swakpunte en deur gebruik te maak van *kristallisasie* word die sterkpunte van een prosedure aangewend om te kompenseer vir 'n ander prosedure se swakpunte. Denscombe (2002) meen *triangulasie* gee jou as navorser die gereedskap om 'n sosiale verskynsel uit verskeie oogpunte te kan beskryf. Dus het ek gepoog om verskeie data-inwinningstrategieë te gebruik, om die moeder te help om haar lewensverhaal te genereer (kyk 3.6.4).

Die doel van kwalitatiewe navorsing is om 'n dieper begrip van 'n sosiale verskynsel te verkry. Die doel is nie om terloopse verwantskappe te ondersoek nie. Volgens 'n konstruktivistiese benadering (Niewenhuis, 2007: 81, in Maree, 2007) kan die individu sy/haar beleving van die werklikheid wysig. Kristallisasie het ons gelei tot 'n komplekse en dieperliggende begrip van wat dit beteken om die moeder te wees van 'n kind met outisme. Die veelvoudige metodes van data-inwinning het ons die idee gegee van 'n kristal wat verskeie fasette het, soos Niewenhuis (2007, in Maree, 2007) hieronder aanvoer. My bespreking van die studie met die moeder en haar oriëntering wat betref die aard van die studie het daartoe bygedra dat sy tot ryke en omvattende ekspressie gekom het van haar ervaringe en belevinge.

“Crystallisation will enable us to shift from seeing something as a fixed, rigid to two-dimensional object towards the idea of a crystal, which allows for an infinite variety of shapes, substances, transmutations, dimensions and angles of approach”

(Niewenhuis, 2007: 81, in Maree, 2007).

▣ **Oordraagbaarheid**

Oordraagbaarheid van inligting is volgens Delpont en Fouché (2005) belangrik, sodat die leser homself/haarself kan vereenselwig met die belevinge wat in die studie geïnterpreteer word.

Oordraagbaarheid is die term wat gebruik word om aan te dui hoe die gegengereerde data op ander kontekste en groepe van toepassing is (Patton, 2002). Soos ek alreeds omskryf het, is die doel van die studie nie om data te veralgemeen nie, maar eerder om die in-diepte belewenisse en insigte van die moeder te beskryf, wat moontlik die leser se begrip van die moeder se beleving van die hindernis kan verruim, en moontlik ook empatie by die leser kan wek wat betref die moeder se situasie.

□ ***Betroubaarheid***

Volgens Descombe (2002:100) gaan dit met betrekking tot *betroubaarheid* om die metodes wat aangewend word om data in te win. Die metodologie moet konsekwent en effektief aangewend word om die data noukeurig te kan insamel. Die Suid-Afrikaanse skrywers Babbie en Mouton (2001) omskryf *betroubaarheid* as die kriterium wat handel oor die aard van die bevindinge, en die vraag of die resultate neutraal, realisties en 'n ware refleksie is van die deelnemer se belewenisse (in dié geval die moeder se belevinge). Die bevindinge is dus nie gegrond op die aannames en verwagtinge wat ek as navorser huldig nie, maar op die inhoud van die moeder se lewensverhaal. *Betroubaarheid* fokus op die egtheid, deursigtigheid en ware refleksie waarmee die verhaal-inhoud deur middel van aktiwiteite gegengereer word.

□ ***Outentiekheid***

Patton (2002) en Cohen, Manion en Morrison (2007) meen dat hierdie kriterium veral belangrik is ten opsigte van die toevoeging van kennis tot bestaande, relevante literatuur. Dit gaan hier om die bekendmaking van 'n onbekende realiteit en dus dit aan-die-lig-bring van nuwe kennis. Die studie en wat dit opgelewer het, kan as 'n moontlike springbord dien vir nuwe navorsingsaksies en nuwe insigte met betrekking tot die rol van die moeder by die opvoeding en versorging van 'n kind met outisme.

□ ***Refleksie en diepere begrip***

De Vos (2007, in De Vos et al., 2007) en Patton (2002) beskou self-refleksie as 'n belangrike individuele poging om jou eie benadering en beïnvloeding van die studie te oorweeg (kyk Bylaag C). Dié skrywers bedoel met ander woorde dat 'n navorser oor die vermoë beskik om 'n geldige begrip te vorm wat betref die proses, inhoud, en uitkoms van die studie. Die navorser is vooraf bewus van sy/haar rol as navorser, die invloed wat hy/sy gaan uitoefen en hoe die deelnemer(s) moontlik hulle deelname aan die studie kan belewe. Tydens die studie het ek my persepsies, idees en aannames in 'n refleksie-joernaal neergepen. Dié self-reflekterende handeling het my deurlopend bewus gehou van my rol en invloed as navorser.


□ ***Bydra tot dialoog***

Die narratiewe skryfstyl (kyk 1.3.1 en voetnota 3) was van waarde, omdat dit diepte en die *kollaboratiewe* betrokkenheid van die moeder in die studie beklemtoon het. Denzin en Lincoln (2002) beklemtoon die belangrikheid van 'n dialoog-epistemologie, aangesien dié metode verhouding, instandhouding en etiese verantwoordelikheid teenoor die deelnemer beklemtoon. Soos aangevoer in 1.3.2, word dié opvatting oor die dialoog-metode deur Cresswell (1998) aangevoer dat deur gebruikmaking van 'n dialoog-skryfstyl, empatie, insig en begrip moontlik by die leser tuisgebring kan word.

□ Kredietwaardigheid

Die volgende is 'n opsomming van McMillan en Schumacher (2001) se insigte met betrekking tot *kredietwaardigheid*, aangesien daar verskeie strategieë is wat geïmplementeer kan word om 'n studie se *kredietwaardigheid* te verseker. Die studie wat ek onderneem het, sluit die volgende in:

Figuur 3. 6 Grafiese voorstelling van kredietwaardigheid



□ *Uitgebreide veldwerk*

Die data is ingesamel oor 'n tydperk van vyf maande. Ek het *kristallisatie* en deelnemer-terugvoer as kriteria gebruik om optimale insig in die lewensverhaal van die moeder te verkry.

□ *Veelvoudige genereringstrategieë*

Ek het veelvoudige aktiwiteite gebruik, wat beide verbale en nie-verbale take vereis om die generering van data te optimaliseer.

□ *Supervisie*

Die studie is onder leiding en toesig van my studieleier onderneem, om onder andere die *vertrouenswaardigheid* van die studie te verseker. Die navorsingsproses is deur middel van kollaboratiewe handeling onderneem, aangesien ek deurlopend aan my studieleier gerapporteer het en haar insette benut het, veral ten opsigte van byvoorbeeld literatuurstudie; die aard, inhoud, en omvang van die studie; die data-inwinningstrategieë; die kollaboratiewe interpretasie van die moeder se belevinge; en die bevindinge van die studie.

□ *Deelnemer-opvolging*

Die moeder en ek het kollaboratief gewerk - gegewens en bevindinge is met haar uitgeklaar om 'n gemeenskaplike perspektief op haar lewenservaring en belevinge te verkry. Om saam te werk om 'n bepaalde doelwit te bereik (kollaboratiewe poging) word as 'n sterkpunt van die studie beskou (kyk 5.3).

□ *Deelnemer-terugvoer*

Enige onduidelikhede of onsekerhede het ek en die moeder bespreek en uitgeklaar, om misverstande tydens interpretasie te voorkom.

3.7 SAMEVATTING

Die metodologie van die studie het vereis dat ek die navorsings-aktiwiteite noukeurig moes uitvoer. Na afloop van die studie is ek deeglik bewus van die noukeurige wyse waarop data gegenereer moet word. Daarsonder sou die doel van die studie nie bereik word nie en die probleemvraag daarvan nie beantwoord word nie. Hoofstuk 4 bied 'n uiteensetting van die interpretasies en bevindinge wat ek en die moeder gesamentlik met betrekking tot die studie gegenereer het. In die volgende hoofstuk word die waarde van die emosionele intelligensie-model, aan die hand waarvan emosionele intelligensie komponente in die moeder se lewensverhaal verken is, ook aangetoon.

HOOFSTUK VIER

Bevindinge van die ondersoek



“Die volgende aanhaling vanuit Emily Pearl Kingsley se verhaal maak my rustig as ek daaraan dink en die wyse waarop ek my kind daaglik ervaar en beleef: ‘Say goodbye to the child you wanted, or else your focus will never be with the child you have.’” (Lewensverhaal)

4.1 INLEIDENDE ORIËNTERING

In hierdie hoofstuk word die interpretasie van die verhaal-inhoude wat tydens die studie gegeneer en geanaliseer is doelgerig vertolk. Soos reeds bespreek, is 'n aantal media aangewend om data in te samel (kyk 1.8.3 en 3.5.3), die verhaal-inhoude van die moeder se vertelling is geïnterpreteer, en emosionele intelligensie komponente is aan die hand van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model geïdentifiseer. Emosionele intelligensie komponente is geïnterpreteer in terme van lewenstemas en 'n lewenslyn (kyk figuur 4.1) betreffende die moeder se belewinge op haar reistog met outisme.

4.2 DATA-INTERPRETASIE

4.2.1 Inleiding

Narratiewe data wat ingesamel is gee 'n aanduiding van die feit dat daar deurgaans 'n dialoog tussen my en moeder plaasgevind het. Die mens word beskou as die enigste spesie wat verhale vertel – dit word beskou as 'n natuurlike behoefte van die mens (Priest, Roberts en Woord, 2000: 38). Die gegeneerde verhaal-inhoude kon eers toereikend begryp word aan die hand van die moeder se medeling van haar belewinge van outisme.

Data-interpretasie

“Interpretations involve the synthesis of one’s data into larger coherent wholes”
(Mouton, 2002: 108-109).

Soos reeds genoem, is alle handeling met betrekking tot die data kollaboratief uitgevoer. Czarniawsaka (2004: 15) se beskouing oor die konsep *interpretasie* is relevant tot die studie, aangesien sy in haar beskouing ruimte laat vir gesamentlike ontleding en gemeenskaplike gedagtevorming betreffende die verskynsel wat ondersoek word. In die onderhawige navorsingsproses is die narratief ontwikkel en uitgebrei soos wat die verhouding tussen my en die moeder ontplooi het.

Die interpretasieproses is geheel en al afhanklik van die narratiewe materiaal, en onder geen omstandighede is blinde afleidings of aannames gemaak volgens my mening nie. Die proses word nie as 'n opeenvolging van afsonderlike gebeure beskou nie, maar eerder as 'n voortdurende ontwikkeling van nuwe narratiewe van die moeder se belewing van outisme. Ek en die moeder het die verhaal-inhoude ontleed, en daaruit het betekenisvolle belewinge duidelik geword. Hierdie proses het by my en die moeder refleksie en innerlike groei as uitkoms gehad – ek voel dat ek uiteindelik kon verstaan wat dit vir haar *beteken* om die moeder te wees van 'n seun met outisme.

“Evaluation outcomes are not descriptors of the ‘way things really are’ or ‘really work’ or of some ‘true’ state of affairs, but instead represent meaningful constructions that individual actors or groups of actors form to ‘make sense’ of the situation in which they find themselves.”

(Guba en Lincoln, 1989, aangehaal deur Harrison, 2002: 89).

□ **Temas, sub-temas en emosionele intelligensie komponente**


’n Kollaboratiewe poging is deur my en die moeder aangewend om die gegenereerde narratiewe te analiseer en te interpreteer. Ek en die moeder het drie lewenstemas geïdentifiseer, naamlik 1) diagnose- proses, 2) aanvaardingsproses en 3) toekomspektief. Hierdie drie lewenstemas wat geïdentifiseer is, vorm ’n lewenslyn wat kenmerkend is van die narratiewe ontwerp. In elke proses was daar kern-elemente wat na vore getree het, wat die beskrywing van elke tema verryk het. Die lewenslyn word verder aan die hand van die vyf emosionele intelligensie komponente van Bar-On (2003) bespreek, aangesien ek as navorser hierdeur kan toelig wat dit beteken om die moeder te wees van ’n kind met outisme, en die waarde van emosionele intelligensie komponente in haar lewensverhaal meegedeel kan word.

4.2.2 Die emosionele intelligensie komponente in die moeder se lewensverhaal

Die emosionele intelligensie-model van Bar-On (2003) was nuttig by die identifikasie van emosionele intelligensie komponente. Die vyf komponente, met die subskale van elk, is aangewend om verder data met betrekking tot die emosionele intelligensie-model te genereer. Die moeder het aanvanklik alleen haar emosionele intelligensie komponente geïdentifiseer. Daarna is al die komponente, subskale en lewenstemas tydens die data-inwinning-aktiwiteite kollaboratief geïdentifiseer.

Die volgende twee figure word soos volg voorgestel: Die moeder het haar lewensverhaal in drie prosesse (lewenstemas) gekommunikeer wat ’n lewenslyn vorm. Die moeder kon tot ekspressie kom van haar subjektiewe belevinge in die teenwoordigheid van outisme. Die lewenslyn se drie prosesse word aan die hand van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie komponente beskryf, aangesien Bar-On se emosionele intelligensie komponente die bril is waardeur haar lewensverhaal gelees word.

Figuur 4.1 Lewenstemas



Tabel 4.2 Bar-On se emosionele intelligensie-model (kyk 2.3.1)

El komponent	Subskaal	Begripsomskrywing
KEN EIE GEVOELENS KOMPONENT		
Intra-persoonlike Skaal	Selfwaarde	Om met akkuraatheid jouself te verstaan, te aanvaar en waar te neem.
	Selfbewustheid	Om van jou emosies bewus te wees en jou emosies te verstaan.
	Selfgeldend Onafhanklikheid	Om jouself en jou emosies op 'n effektiewe en konstruktiewe wyse uit te druk. Om selfstandig en vry te wees van emosionele afhanklikheid van ander.
	Selfaktualiseer	Om te streef na persoonlike doelwitte en om jou eie potensiaal te verwerklik.
HERKEN ANDER SE GEVOELENS KOMPONENT		
Interpersoonlike Skaal	Empatie	Om bewus te wees van ander se emosies, asook om hulle emosies te verstaan.
	Sosiale verantwoordelikheid	Om jouself te identifiseer in 'n sosiale groep, en om jou samewerking aan die groep te gee.
	Interpersoonlike verhoudinge	Om veelvoudige en vervullende verhoudinge met ander te kan stig.
BESTUUR EIE GEVOELENS KOMPONENT		
Bestuur-van- spanning-skaal	Spanningtoleransie	Om jou emosies op 'n effektiewe en konstruktiewe wyse te bestuur.
	Impulskontrole	Om jou emosies op 'n effektiewe en konstruktiewe wyse te beheer.
AANWEND IN VERHOUDINGE KOMPONENT		
Aanpasbaarheidskaal	Realiteitsbewus	Om objektief jou eie emosies te identifiseer, asook die vermoë tot realistiese denke.
	Buigsaamheid	Om jou emosies aan te pas en te wysig aan die hand van jou denke in 'n nuwe situasie.
	Probleem-oplossing	Om persoonlike en interpersoonlike probleme op 'n effektiewe wyse op te los.
SELF-MOTIVERINGSKOMPONENT		
Totale gemoeds-gesteldheidskaal	Optimisme	Om positief te wees en die blink kant van die lewe raak te sien.
	Geluk	Om oor die algemeen gelukkig te wees met jouself en ander.

4.3 OPSOMMING VAN RESULTATE

4.3.1 Die lewensverhaal van die moeder met 'n seun met outisme

Die volgende is 'n verkorte weergawe van die moeder se lewensverhaal soos sy dit self weergegee het (nie-relevante inhoud is weggelaat). Die volledige lewensverhaal kan gelees word in Bylaag A.

Die moeder se lewenspad in die teenwoordigheid van outisme was nie altyd maklik nie – woorde kan nie werklik beskryf wat sy in-diepte beleef het nie, tog het sy die grootste deel van haar reistog met 'n ingesteldheid van liefde, geborgenheid, aanvaarding en respek afgelê.

Die volgende aanhaling vanuit Emily Pearl Kingsley se verhaal maak my rustig as ek daaraan dink en die wyse waarop ek my kind daagliks ervaar en beleef: "Say goodbye to the child you wanted, or else your focus will never be with the child you have." , en ek probeer om nie outisme te 'ooranaliseer' nie. Om te trou en kinders te hê, 'n mamma en vrou te wees, was altyd vir my 'n prioriteit. Ek het 'n baie gelukkige kinderlewe gehad. Ek was van altyd af verlief en verlore oor/op my man en het die beste man waarvoor ek ooit kon vra. Geen ouers is voorbereid op die dag wanneer dokters jou seun diagnoseer met outisme nie. Die dag van die diagnose kon my keel nie sluk nie, en my kop wou ontplof; ek kyk, maar sien niks; ek weet nie hoe ek by die huis gekom het nie. Die diagnose het my hartseer gemaak, soos vir huil, maar nie om te tob en depressief te raak nie, want dit was en is my kind en ek is klaar lief gewees vir hom voor ek nog geweet het dat hy outisties is.

My besluit oor sy diagnose was dat ek graag wou verstaan hoe my kind dink en redeneer, en, vir my altans, het ek beheer geneem en besluit om 'n positiewe invloed op my kind en gesin se lewens te hê. Ek het nooit wetenskaplike oorsake gaan soek nie. Dit was nie my skuld nie, dit het ek van die begin af aanvaar. Ek verstaan nou die eerste keer hoekom mense

gedurende moeilike tye gryp na geloof en 'n soeke na antwoorde van God. In sulke tye bevraagteken mens jou geloof. Ek het uiteindelik vrede gekry oor my seun se gestremdheid toe ek 'n boek nou die dag gelees het. Die boek se boodskap was dat God jou liefhet sonder 'n agenda. Ek het besef dat mense dikwels verhoudinge met ander het met sekere verwagtinge en voorwaardes, en dit is presies wat ek besluit het ek gaan verander. Ek het my hele gesin lief vir wie hulle is, sonder om iets terug te verwag en sonder sekere voorwaardes.

Mense vra gedurig hoe dit is om 'n kind te hê met outisme, en ek kan eerlik sê dit is vir ons as gesin nie verterend of depressief nie, maar elke ouer het drome en aspirasies vir jou ongebore kind gehad, daarom dobber, dobber, dobber die behoefte na 'n meer normale kind in my onderbewuste. Maar dit is nie hoe ons hom ervaar wat saak maak nie, maar hoe ons hom aanvaar. Ons gesinsfilosofie is: Wees lief vir jou kind ongeag. Ons wou hom gehad het en hy is perfek in alle opsigte. In my oë is ons seun met outisme oorsams, bederf, geliefd,

geborge, selfvertroude, onvoorwaardelik aanvaar, rustig, tevrede. Maar net kind!! Daar is baie ouers wat nie hul kind se outisme kan verwerk en aanvaar nie. Ek kan dit verstaan. Maar ek dink baie ouers waardeer nie die andersheid van 'n gestremde kind nie. Ouers is geneig om hulself te bejammer oor hul situasie, en verwyt ander, God, hulself oor só 'n kind. Maar wat ouers dan vergeet is, dat solank as wat die fokus op die verliese van jou as ouer is, en hoe jammer hul oor die diagnose is, kan hul fokus nie op die kind wees waar hulle elke dag die hindernis ervaar en beleef nie. Wat my hoop en vertroosting gegee het oor my seun se diagnose, is dat dit nie geneesbaar is nie, maar dit is altyd behandelbaar. Ek as ouer het 'n keuse om 'n verskil in my kind se lewe te maak.

Ek besef dat elke dag wat ek saam met my seun en my gesin kan deel nou belangrik is en elke oomblik saam my gesin moet spesiaal wees. Ons het nou die kans om waarlik gelukkig te wees in die teenwoordigheid van outisme.

4.4 RESULTATE VAN DIE INTERPRETASIES


4.4.1 Interpretasies met betrekking tot die moeder se lewenslyn

Die interpretasies hou verband met drie verskynsels: naamlik, 1) my aanhaling van die moeder se vertelling, 2) my opmerkings as navorser, asook 3) relevante, toeliggende aanhalings uit die literatuur. Die aangehaalde vertelling van die moeder kom vanuit die ingewonne narratiewe, en die simbole in Tabel 4.3 dui op die spesifieke narratiewe waaruit die aanhaling gegeneer is.

Tabel 4.3 Simbole vir ingewonne narratiewe-data

Staaltes	Lewens-verhaal	Metafore	Emosionele Intelligensie Besprekinge	Onderhoud	Collages	Invoergesprek oor beoogde studie
S	L	M	EI	O	C	IG

As daar na die moeder se vertelling wys word 'n simbool toegevoeg aan die spreekbeurt om aan te dui uit watter narratiewe-aktiwiteit die spesifieke beleving vanuit kom, byvoorbeeld:



Vervolgens word ten opsigte van die diagnose-proses, die aanvaardingsproses en die toekomspektief van die moeder 'n inleiding gebied, die beleving van die moeder uitgelig, en emosionele intelligensie komponente in daardie beleving geïdentifiseer.

LET WEL: Die moeder kies bewustelik watter emosies, gedagtes en ingesteldhede sy met my wil deel, en hoe sy dit wil kommunikeer. Dus, die verhaal-inhoude wat vervolgens deel uit maak van die onderhawige studie is afhanklik van die ma se bereidwilligheid om aan my haar belewinge van outisme bekend te maak en verder ook om die betekenis wat sy aan dié belewinge heg aan my te verduidelik.

LET OOK: Daar is verskeie onderwerpe, byvoorbeeld die bespreking rondom skoolplasing, wat onder meer as een komponent bespreek word ten opsigte van al drie lewenstemas. Aangesien daar verskillende emosies, gedagtes en ingesteldhede vertolk word oor 'n bepaalde onderwerp word dié besprekinge as toepaslik geag vir ander komponent(e) ook.

□ TEMA 1: Die diagnose-proses

▪ INLEIDING

Die studie fokus op die belewinge van die moeder van haar kind met outisme. Outisme word as 'n kliniese outisme-spektrum-versteuring beskou, en word 'n individu met 'n outistiese hindernis vanuit 'n mediese perspektief gediagnoseer (kyk 2.2.3). Dit is belangrik om ook die diagnose-proses te omskryf, om sodoende die moeder se belewinge beter te kan begryp. Volgens Du Preez (2004, in Eloff en Ebersöhn, 2004) se verduideliking van die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* (DSM IV) se definisie van hindernisse, word 'n kliniese hindernis beskou as:

"...clinically significant behaviour or psychological syndrome or pattern that occurs in an individual and that is associated with present distress (i.e. painful symptom) or disability (i.e. impairment in one or more areas of functioning) or with a significant increased risk of suffering death, pain, disability, or an important loss of freedom"

(Du Preez, 2004: 57 in Eloff en Ebersöhn, 2004).

Die identifisering van die seun se outisme is onderneem toe die moeder 'n vermoede gehad het dat haar seun se ontwikkeling nie in ooreenstemming is met die ontwikkeling van ander kinders in sy portuurgroep nie, en moes sy die besluit neem om 'n professionele opinie te verkry. Die diagnose-proses het behels dat die moeder haar seun se ontwikkelings-agterstand moes herken, hulp moes gaan soek, en die uitslag van die diagnose moes verneem. Die studie fokus hoofsaaklik op die moeder se belewinge wat in verband gebring word met emosionele intelligensie komponente.

Die diagnose-proses kan ook aan die hand van Kübler-Ross (1997) se model benader word. Dié model stel voor dat individue ooreenstemmende fases beleef betreffende 'n tragedie of die afsterwe van 'n geliefde – in die onderhawige studie moes die moeder die verlies van 'n normale en perfekte kind verwerk. Die diagnose-proses het verskeie emosies by die moeder gewek, onder andere belewinge van skok, verwarring, frustrasie, ongeloof en ontkenning. Dit het dus ooreenstemmende kenmerke met Kübler-Ross (1997) se stadium van ontkenning en isolasie; woede en onderhandeling (Stages of denial and isolation; anger; bargaining). Die moeder het na die diagnose erken dat sy soms haar seun vergelyk het met ander kinders, waartydens sy 'n mate van normaliteit in haar seun gesoek het, met die hoop dat hy nie so erg gestrem is nie. Sy het terselfdertyd besef

dat sy afskeid moet neem van haar droomkind sodat haar fokus gevestig kan wees op haar seun se behoeftes. Dit het dus ooreenstemmende kenmerke met Kübler-Ross (1997) se stadium van depressie (Stages of depression).

Die moeder het besluit om beheer te neem van die situasie deur optimisties en positief ingestel te wees ten opsigte van haar seun se hindernis. Dit het dus ooreenstemmende kenmerke met Kübler-Ross (1997) se stadium van aanvaarding (Stages of acceptance). Haar gesin, haar man en hulle familie is haar ondersteuningsnetwerk en help haar op haar lewenspad in die teenwoordigheid van outisme. Die diagnose-proses is 'n groeiproces: daar is moeilike situasies wat sy moes deurwerk, waardeur sy gegroei het, en dit alles het haar hoop gegee vir haar toekoms saam met haar seun met outisme.

□ Emosionele intelligensie komponente

▪ KEN EIE GEVOELENS KOMPONENT

Hier gaan dit om die moeder se bewuste verkenning en herkenning van haar emosies met betrekking tot die diagnose-proses. In haar lewensverhaal is kognitiewe belevinge en diepere emosionele belevinge gesamentlik geïdentifiseer. Hiervoor is Bar-On (2003) se subskale van die **intra-persoonlike skaal** (kyk tabel 4.2) vir verkenningdoeleindes gebruik. Dié skaal is aangewend om belevinge in die verhaal-inhoude te identifiseer wat betrekking het op die intra-persoonlike dimensie, wat dui op die moeder se bewustheid van haar emosies en die ekspressie van haar belevinge in die tydperk waartydens haar seun met outisme gediagnoseer word.

Alhoewel Balfour (2007) in haar literatuurstudie ouers se beleving van die observasie-proses (waartydens die ouers die kind se verwerkliking van ontwikkelingsstake moes opteken) as angswekkend en spanningsvol beskryf, het die moeder die diagnoses-proses soos volg beleef: “*Ek het nooit uitgeslaan in koue sweet nie. Ek het net gewonder.* (S 35). Uit die moeder se vertelling kan ek aflei dat sy aanvanklik haarself verstandelik (kognitief) voorberei het vir die mediese ondersoek en op die uitslae van die toetse. Alhoewel die moeder baie bewus was van haar gedagtes en haar sintuie, soos genoem in die vorige vertelling, kan ek as navorser aflei dat haar emosies op die stadium 'n onderbewuste rol gespeel het wat eers later na vore tree. Die moeder se eerste reaksie op die diagnose was 'n liggaamlik ervaring, en dit blyk of kognitiewe reaksie van skok klinkklaar is: “*My keel kon nie sluk nie, en my kop wou ontplof; ek kyk, maar sien niks; ek weet nie hoe ek by die huis gekom het nie.*” (L 3 en M1). In die volgende vertelling kom die moeder se emosionele belevinge en bewustheid na vore (skok, ongeloof) wat sy dan ook akkuraat kon kommunikeer. Sy kom verder tot ekspressie van haar eie selfwaarde (om met akkuraatheid jouself te verstaan, te aanvaar en waar te neem) toe sy die spreekkamer verlaat het: “*Die diagnose het my hartseer gemaak, soos vir huil... Dit was skok in 'n mate omdat dit iets was wat ek toe nie veel van geweet het nie. Ongeloof en hardegat, ek dink dit was 'n misverstand tipe gevoel. Ek onthou ook ek het fisiese lamheid ervaar as gevolg van skok en dat ek moes 'cope' met alles wat my meegedeel is.*” (L 3 en E1 150). Uit die volgende ekspressie kan ek aflei dat die moeder, ten spyte van haar intense bewustheid van rou emosies, haarself tog kon losmaak van destruktiewe belevinge soos wanhoop en depressie, en te midde van die hartseer tog hoop vir die toekoms kon hê: “*Ek erken – my seun is outisties. Dit maak my rustig*

as ek daaraan dink: 'Let go of your dream child'. My fokus is nou op my kind en ons toekoms, want dit gaan af lankal nie meer oor jousef nie // 'me less, baby more.' (EI 133).

Uit die vorige toeligting jeens haar ingesteldheid oor haar seun se diagnose kon die moeder haar refleksie oor haar totale belewing van die diagnose-proses soos volg kommunikeer: "Die dag van diagnose is 'n dag waarop geen ouer voorbereid kan wees nie,....dit is die dag wanneer dokters jou seun diagnoseer met outisme." (L). Dit blyk uit hierdie studie en ook uit literatuur-bronne (Swanepoel, 2003 en Sternberg, 2001) dat die diagnose-proses intens-subjektief deur die ouers beleef word – geen ouer kan daarop voorbereid wees nie. Daar is die belewing van agterdog, bewuswording en verwondering oor moontlike probleme met jou kind se ontwikkeling. Uit die moeder se beskrywing van die diagnose-proses kan ek aflei dat, alhoewel dit 'n emosionele tydperk in haar lewe was, haar keuse, om haar emosies te herken en te bestuur, haar gehelp het om die diagnose beter te verwerk en later te aanvaar. "Nuwe situasies bring 'n nuwe stel vars gevoelens wat jy moet deurwerk. Omdat ek angstig word probeer ek myself aftyd te kalmeer deur te sê niks sal my ooit weer vang soos die dag van die diagnose nie. As jy vrede het is dit aansienlik makliker om deur jou eie onsekerhede te werk. My menswees en positiewe groot-word-jare en 'happy' liefdevolle gesin dra ons deur outisme. 'If anything' het emosionele intelligensie het my meer bewus gemaak van hoe ek voel en hoe ek mag voel vorentoe. Dit het verduidelikings by my "unmarked territory" gevoeg." (EI 119 en 113).

Samevattend kan verklaar word dat vanuit die verskeie ekspressies van die moeder kan ek aflei dat sy haar emosies ten opsigte van die diagnose-proses met akkuraatheid waarneem (skok, ongeloof, "hardegat", huil, angstigheid, onseker), dat sy haar emosies bestuur (kalmeer, ondersteuningsnetwerk, "cope") en dat sy die betrokke emosies aanwend om sekere besluite te fasiliteer (deur haar emosies en onsekerhede te werk). Sy het ook besluit dat haar seun se diagnose nie haar lewe en verhouding met haar seun gaan vernietig nie en dat sy daarna gaan strew om hulle verhouding in die teenwoordigheid van outisme te laat floreer: "Ek wil hê ek en my kind moet slaag in ons verhouding." (S 39). Bar-On (2005) se beskouing van emosionele intelligensie kan aan die hand van die moeder se ekspressie toegelig word, naamlik dat sy haar emosies, denke en gedrag kon integreer om sodoende haar huidige situasie te kan aanvaar en verwerk.

▪ HERKEN ANDER SE GEVOELENS KOMPONENT

Hier gaan dit om die moeder se empatiese verkenning en herkenning van die emosies van haar seun en van die ander gesinslede tydens die diagnose-proses. Die subskale van Bar-On (2003) se **interpersoonlike skaal** (kyk tabel 4.2) is aangewend om my en die moeder in staat te stel om kollaboratief belewinge in die verhaal-inhoude te identifiseer wat betrekking het op die interpersoonlike dimensie, wat dui op die moeder se sosiale bewustheid en die wyse waarop sy interpersoonlike verhoudinge verwerklik in die tydperk waarin haar seun met outisme gediagnoseer is.

Balfour (2007), Barlow en Durand (2002) en Hart (1993) beskryf die belewinge van ouers voor die aanvang van diagnose as agterdog en bekommernis met betrekking tot hul kind se gebrekkige ontwikkeling. Die ouers raak toenemend bewus van die probleem en begin stelselmatig ondersoek instel rondom moontlike oorsake van hul kind se gebrekkige ontwikkeling: "Wel, ek het hom vergelyk met sy broer en ander kinders van sy

ouderdom, ek het nooit uitgeslaan in koue sweet nie. Ek het net gewonder.” (§ 35). Bloch, Weinstein en Seitz (2005) fokus op ouers wat dikwels onrealistiese verwagtinge koester na afloop van ’n diagnose, en op ouers wat nie voorbereid is op die uitdagings wat ’n kind met outisme inhou nie. Uit die moeder se laaste vertelling kan ek as navorser aflei dat die moeder voor die diagnose ’n realistiese verwagting ingehou het wat betref haar seun se ontwikkeling – sy kon haarself tog losmaak van belewinge soos wanhoop, ongeloof en depressie te midde van die afwesigheid van ouderdomsgepaste ontwikkelingstake by haar seun. Vanuit die laasgenoemde vertelling van die moeder blyk dit vir my dat sy nie onrealistiese verwagtinge vir haar seun koester nie en in die volgende vertelling toon sy empatie ten opsigte van haar seun se emosies wat haar bewus gemaak het van ’n dieperliggende probleem. “As gevolg van verbale frustrasies het hy van ouderdom twee begin aggressief raak omrede hy homself nie kon uitdruk nie en het hy homself neergegooi.” (§ 37 en © 57).

Cosser (2005, aangehaal deur Balfour, 2007) beskryf die belewinge van ouers betreffende die diagnose-proses as frustrerend en tydrowend, aangesien die diagnose-prosedure nie altyd eenvoudig en akkuraat is nie. Die volgende toeligting dui daarop dat die moeder tydens die diagnose-proses nie slegs bewus (verstaan eie emosies) en selfgeldend (druk emosies konstruktief uit) moes wees ten opsigte van haar eie emosies nie, maar ook ten opsigte van die emosies van haar seun (empatie). “Toe het ek hom na Dokter geneem. Ek het nie van die man gehou nie, maar hy het my seun dadelik gediagnoseer met Asperger, op twee en ’n half, of eerder nader aan drie jaar. Toe neem ek hom na die neurospesialis vir ’n tweede opinie. Hy het my seun eers getoets vir Petit mal, maar weereens het hulle hom gediagnoseer as klassiek outisties.” (§ 37 en © 57). Die moeder se beleving van die diagnose kom ooreen met dit wat in die literatuur meegedeel word met betrekking tot die diagnose-tydperk wat verskeie ouers moes deurmaak. Balfour (2007), Steenkamp en Steenkamp (1992), Koegel, Rincover en Egel (1982) meld dat dit tussen twee en nege jaar kan neem voor ’n korrekte diagnose gemaak kan word, nadat verskeie ondersoekte gedoen is.

Samevattend kan verklaar word dat die moeder ’n noemenswaardige bewustheid toon jeens haar seun se emosies. Sy is bewus van sy behoefte aan kommunikasie en ekspressie wanneer sy haar seun se buie en aggressie interpreteer as ’n moontlike ontwikkelingshindernis. Die moeder se realistiese denke (observeer ontwikkelingsagterstand) en sosiale verantwoordelikheid (gee haar samewerking aan dokters) vir haar seun se welstand tree na vore wanneer sy hom vir mediese ondersoekte neem. Die moeder handhaaf betekenisvolle verhoudinge met ander, en sy het haar met ’n sosiale groep van dokters en terapeute geïdentifiseer wat uiteindelik ’n akkurate diagnose kon maak “Hy het al van vroeg af vir arbeids- en spraakterapie gegaan wat ek glo hom baie gehelp het.” (§ 35). Die moeder gee haar samewerking om haar seun se diagnose te aanvaar en hom te ondersteun.

▪ **BESTUUR EIE GEVOELENS KOMPONENT**

Gedurende die diagnose-proses moes die moeder besluite neem oor (1) die aksie wat sy gaan neem betreffende die ontwikkelings-agterstand wat haar seun toon, en (2) hoe sy haar seun se diagnose gaan verwerk en aanvaar. In ons beskouing tot dusver is die belangrikheid van die moeder se besluitneming beklemtoon, met betrekking tot die wyse waarop sy haar emosies bestuur het tydens die diagnose-proses. Die Bar-On (2003) subskale van die **bestuur-van-spanningskaal** (kyk tabel 4.2) is vir verkenningdoeleindes gebruik,

en dié skaal is aangewend om belewinge te identifiseer wat betrekking het op die bestuur-van-spanning-dimensie, wat dui op die moeder se vermoë om emosionele belewinge te kan bestuur en reguleer in die tydperk waartydens haar seun met outisme gediagnoseer word.

Soos reeds genoem is, staaf die literatuur dat die diagnose-tydperk, wat verskeie ouers moes deurmaak, tussen twee en nege jaar kan duur, voor 'n korrekte diagnose gemaak word (Balfour, 2007; Steenkamp en Steenkamp, 1992; Koegel, Rincover en Egel, 1982). Die moeder het haar seun se verwerking van ontwikkelingstake soos volg opgesom en die diagnose-proses kortliks beskryf. "Dit was nie soseer outistiese eienskappe nie, maar eerder 'n 'late bloomer'. My seun het nie gekruip nie en hy het baie laat begin praat. Hy het nie in woorde begin praat wat dan woordeskate word nie. Dit was baie beperk. Ek het hom laat toets vir doofheid en blindheid met verskeie siftingstoetse // maar dit was nie die probleem nie. Daar was nooit 'n klinkklare bewys dat dit outisme was nie." (§ 35 en © 57). Siklos en Kerns (2007) verduidelik waarom die diagnose-proses tydsaam is; dié outeurs meld dat outisme 'n komplekse hindernis is wat impliseer dat veelvoudige assesseringsmetodes aangewend moet word deur bekwame en ervare dokters om 'n akkurate diagnose te kan maak – en die kombinasie van akkurate toetse en bekwame persone is moeilik om te verkry.

"Weet jy elke mens skep sy eie 'ek kan' of 'ek kan nie' situasies na aanleiding van wat moontlike oorsake is en wat die gevolge gaan wees, dit is 'n besluit wat jy neem. Ek het 'rescue remedy' gebruik en die situasie deurgewerk. Ek het gedink hoe ek gaan optree as iets gebeur. Mens glo my nie altyd nie want hulle verwag seker 'n floute en dan 'n 'scene', maar dis nie hoe ek 'operate' nie. Ek is funksioneel en vinnig." (EI 152). Vanuit hierdie ekspressies kan die gevoelens en gedagtes van die moeder afgelei word. Ek as navorser kan aflei dat na afloop van die diagnose die moeder 'n realistiese besluit geneem het (voorbereid is op die uitdagings wat 'n kind met outisme inhou) waarvolgens sy oplossings vir hul nuwe situasie sou moes vind, veral ten opsigte van die wyse waarop sy haar seun se hindernis gaan hanteer, bestuur en aanvaar. Dit wil vir my voorkom of sy haar rol en beleving as moeder van 'n kind met 'n hindernis moes herdefinieer. Die moeder het die diagnose van haar kind fisiek en emosioneel ervaar (skok, ongeloof, "hardegat", huil, angstigtheid, onseker) en in detail omskryf, en dit kan daarop dui dat sy haar emosies erken – wat dui op die subskale selfwaarde en selfbewustheid (kyk tabel 4.2). Sy verduidelik hoe sy na afloop van die diagnose-proses 'n besluit geneem het om beheer te neem oor haar belewinge en oor haar verdere lewenspad: "Ek was hartseer, maar nie om te tob, of depressief te raak en in my emosies te dwaal nie, // want dit was, én is, my kind en ek is klaar lief gewees vir hom voor ek nog geweet het dat hy outisties is." (C 39, L en S 27). Uit hierdie ekspressies kan ek as navorser die moeder se bewustheid van haar emosies herken, aangesien sy oor die verlies aan 'n normale kind treur – en ook gelyktydig besluite moet neem om haar emosies oor haar seun se hindernis te bestuur. Uit die laaste stelling kon ek ook verder buigsamheid (om nie te tob of depressief te raak nie) en aanpasbaarheid (klaar lief vir hom gewees) ten opsigte van die moeder se denke opmerk wanneer sy tot ekspressie kom van haar emosies en gedagtes. Uit die vorige en die volgende vertelling blyk dit vir my dat die moeder met insig haar emosies met betrekking tot die diagnose geïdentifiseer het, en het sy tot 'n besluit gekom hoe sy haar emosies met betrekking tot die moeder-kind-verhouding van nou af gaan beheer en bestuur: "Ek het my kind se diagnose met kalmitte en 'n positiewe gesindheid aangepak, want ek wil hê ek en my kind moet slaag in ons verhouding. Ek het dadelik begin oplees en navors oor outisme. Ek het baie gelees, veral die boekies van Outisme SA en dit het my insig, kennis en die

vaardighede gegee hoe om my kind te hanteer // die inligting is verstaanbaar, inneembaar, verwerkbaar vir enige gesin/ma wat se kind pas gediagnoseer is. Toe ek weet wat outisme is, kon ek 'n 'game plan' uitwerk. Ons vat dinge dag vir dag want outisme is nie 'n skaduwee oor ons toekoms nie." (§ 39, C 4, © 65, 67 en 69 en L). Hierdie laaste refleksie van die moeder dui op die verband wat bestaan tussen haar emosies, haar besluite en die opgawe om die diagnose te aanvaar en om haar verhouding met haar seun te laat slaag. Die moeder se selfgesprek is opmerklik op 'n intra (self) vlak asook op 'n inter (ander) vlak, waar sy die uitkoms van haar emosies, gedagtes en ingesteldheid bestuur en aanwend in haar verhouding tot haarself en ook tot haar gesin (Bar-On, 2003).

Samevattend kan verklaar word dat die moeder haar beleving van die diagnose-proses effektief en konstruktief bestuur deur beheer te neem van die nuwe, uitdagende situasie en deur dadelik hulp en ondersteuning vir haar seun en haar gesin te soek, sodat hulle konstruktief as eenheid kon funksioneer in die teenwoordigheid van outisme. Die moeder se pro-aktiewe aksie het daarop neergekom dat sy soveel as moontlik kennis bekom het betreffende haar seun se hindernis, deur middel van boeke en ondersteuningsnetwerke. Hierdie self-bemagtiging het haar in staat gestel tot die effektiewe bestuur van haar emosies en tot 'n positiewe gemoedsingesteldheid (Bar-On, Maree en Elias, 2007 en Smith en Nyland 1997).

▪ AANWEND IN VERHOUDINGE KOMPONENT

Die diagnose-proses het beteken dat die dinamiek van die gesin radikaal verander het. Weens die diagnose moes interpersoonlike verhoudinge in die gesin herdefinieer word betreffende die betekenis wat elk van die gesinslede aan outisme gee. In my ondersoek het ek gefokus op die aanpassing wat die moeder moes maak ten opsigte van die aard van haar verhouding met haar seun met outisme. Die self-motiveringskomponent (kyk tabel 4.2) by die moeder het neergekom op 'n gemoedsgesteldheid van optimisme en geluk. Sy is toekomsgerig en wil 'n moeder vir haar seun wees. Die Bar-On (2003) subskale van die **aanpasbaarheidskaal** (kyk tabel 4.2) is vir verkenningsdoeleindes gebruik, aangesien dié skaal aangewend kon word om kollaboratief belevinge te identifiseer wat betrekking het op die aanpasbaarheidsdimensie, wat dui op die moeder se vermoë om verandering te hanteer in die tydperk waarin haar seun met outisme gediagnoseer is.

Swanepoel (2003) en Mash en Wolfe (2002) meld dat sommige ouers verligting vind in die etiket *outisties* na so 'n tydsame diagnose, aangesien dit die eerste stap is om van 'n chaotiese situasie sin te maak. "Ek erken - my seun is outisties. Ouers is skoon verlig as hulle kinders se kondisie 'n naam kry." (EI 133 en 137). Alhoewel ons in die hedendaagse menswetenskappe poog om die etikettering van 'n kind te vermy (byvoorbeeld outistiese kind), blyk dit dat 'n akkurate diagnose aan die ouers moontlike verligting bied, asook sekerheid en struktuur, en die wete van wat met betrekking tot die kind verwag kan word (voorspelbaarheid).

Op grond daarvan kan die moeder haar verhouding met haar seun meer effektief bestuur. 'n Akkurate diagnose kan ouers help om die hindernis te begin verwerk en stelselmatig te begin aanvaar; die diagnose kan ouers help om toereikende inligting te bekom (kyk 2.2) oor die aard en etiologie van die hindernis. "Ek het die diagnose gekry, gegaan vir 'n tweede opinie wat dit vir my bevestig het. Ek het dadelik begin oplees en navors oor outisme. Ek het baie gelees, veral die boekies van Outisme SA en dit het my insig, kennis en die vaardighede gegee

hoe om my kind te hanteer // Die inligting is verstaanbaar, inneembaar, verwerkbaar vir enige gesin/ma wat se kind pas gediagnoseer is.” (C 4).

Die diagnose kan ouers help om betekenisvolle ondersteuningsnetwerke te identifiseer, en die diagnose kan die gesin help om die gesinslid wat met outisme gediagnoseer is te verstaan, te begryp en te ondersteun. “Ek het die diagnose begin aanvaar, myself begin omring met mense/ondersteuningsnetwerke/onderwysers/terapeute wat 'n verskil sou maak en die weg met ons as gesin sou baan.” (C 5). Ek kon uit die moeder se vertelling aflei dat sy haarself bemagtig het deur inligting te bekom – deur boeke te lees (inligtingsreeks van Outisme Suid-Afrika) en haarself met kundiges te omring. Dus, het verskeie inligtingsbronne het die moeder gehelp om te fokus op haar seun se beleving en ervaring van outisme.

Vanuit gesprekke en die volgende vertelling van die moeder kon ek as navorser aflei dat sy beskermd, ingestel en optimisties is betreffende die wyse waarop sy met haar seun met outisme en die ander gesinslede verhouding stig. “Ek en my seun het 'n baie hegte verhouding. Hy het my gekies om hom te versorg. Alhoewel hy baie lief vir sy pa is, is ek die skaduwee wat aan hom vas is en sy 'bulletproof' baadjie.” (C 93). In haar vertelling kon ek deurlopend haar bewustheid van haar eie emosies herken –sy bestuur haar emosies konstruktief en dink doelgerig na oor die lewenspad saam met haar seun.

Samevattend kan verklaar word dat ek uit die moeder se vertelling kon agterkom hoe sy by die nuwe situasie aanpas en hoe sy oor die teenwoordigheid van outisme voel en dink. Volgens Outisme Suid-Afrika (2004) se inligtingsreeks is dit belangrik dat die ouers omvattende inligting bekom ten opsigte van die hindernis, aangesien outisme 'n radikale impak het op die gesin, familie, vriende, onderwysers en die wyer samelewing. In die veld van positiewe sielkunde het Salovey, Mayer en Caruso (2005: 159, 162, in Snyder en Lopez, 2007) die volgende stelling aangevoer, naamlik dat 'n individu geseën word met die vermoë om emosies en die betekenis van emosies te begryp. Dus, die verkryging van inligting en kennis met betrekking tot outisme en die herkenning en begryping van die emosies wat daarmee gepaardgaan, kan dien as 'n bron van inspirasie en aanpassing tydens die proses van aanvaarding (Salovey, Mayer en Caruso, 2005, in Snyder en Lopez en Outisme Suid-Afrika, 2004).

▪ SELF-MOTIVERINGSKOMPONENT

Die moeder het die inhoud van haar verhaal geselekteer en besluit watter betekenis sy aan die diagnose-proses wou heg. Die Bar-On (2003) subskale van die **totale gemoedsgesteldheidskaal** (kyk tabel 4.2) is vir verkenningsdoeleindes gebruik. Dié skaal is aangewend om kollaboratief beleving in haar verhaal-inhoud te identifiseer wat betrekking het op haar seun en op haar ingesteldheid ten opsigte van sy hindernis. Hierdie beleving dui op die moeder se vermoë om haarself met betrekking tot die toekoms positief in te stel.

In die volgende vertelling van die moeder beklemtoon sy die waarde van die selfbestuur van emosies en besluite, om soodoende haarself te kan bemagtig en positief in te stel: “Vroue dink dis 'n skande om hulp te soek, as dit by kop en hart dinge kom, maar jy moet bereid wees om hulp te gaan soek, tot jy beter voel oor jouself, almal kan nie alleen deur 'bad times' werk nie.” (E 133 en S 35). Uit dié vertelling kan ek aflei dat sy die belangrikheid van 'n ondersteuningnetwerk beklemtoon. In dié verband wys Bar-On, Maree en Elias (2007) op die

belangrikheid van gedragsverandering by 'n persoon met betrekking tot die bewustelike erkenning van jou eie emosies, en om dit doeltreffend aan betekenisvolle ander te kommunikeer. Die term *motivering* word volgens Bar-On, Maree en Elias (2007) gebruik in samehang met aksies soos gedragsverandering, kognitiewe funksies soos besluitneming, ingesteldhede in die vorm van doelwitte en ook die bestuur van emosies (self-bestuur en bemagtiging). Hieruit kan een aflei dat *motivering* verstandelik, emosioneel en sosiaal verwerklik word.

Hecimovic en Gregory (2005, in Zager, 2005) beklemtoon die waarde van ondersteuningsnetwerke wat ouers kan help om 'n hindernis te aanvaar, onder andere deur middel van die verwerwing van vaardighede en kennis, om te kom tot ingesteldhede wat vir ouers hoop gee vir 'n lewe saam met 'n kind met 'n hindernis, byvoorbeeld outisme. In die verband blyk dit dat die moeder waarde heg aan positiewe denke en 'n positiewe ingesteldheid. Sy druk haar emosies en denke op 'n konstruktiewe wyse uit, en sy heg waarde aan 'n ondersteuningsnetwerk. Sy is egter baie selektief met betrekking tot wie sy in haar lewe toelaat: "Bygesê, ek het nooit my ore uitgeleen vir depressiewe en oor-analitiese ouers of sogenaamde 'know it all' nie. Ek het baie gelees oor outisme en hy het al van vroeg af vir arbeids- en spraakterapie gegaan wat ek glo hom baie gehelp het." (C5 en S35). Ek kan aflei dat die moeder se innerlike motivering voortspruit uit haar doelbewuste besluite (Bar-On, Maree en Elias, 2007) en ingesteldheid (Bar-On, 2003) om haar seun se hindernis te aanvaar. In die volgende vertelling kommunikeer die moeder haar voorneme om nie na kritiek en negatiewe aanmerkings van ander ouers te luister nie: "Ek sou sê dit wat my gemotiveer het, is liefde vir 'n kind wat nie gekies het om anders te wees nie. Dit is vir my genoeg motivering. Almal het hom aanvaar en is gek na hom, dit maak die hele spul makliker." (E1 154). Soos vroeër bespreek is Bloch, Weinstein en Seitz (2005) se fokus op ouers wat dikwels onrealistiese verwagtinge koester na afloop van 'n diagnose, en op ouers wat nie voorbereid is op die uitdagings wat 'n kind met outisme inhou nie. Uit die vertelling van die moeder kon ek as navorser aflei dat sy in 'n vroeë stadium na afloop van die diagnose-proses besluit het dat sy haar drome en aspirasies vir 'n normale kind moet herdefinieer en vervang met drome en aspirasies vir 'n kind met outisme.

Die moeder het uit verskeie bronne inspirasie en motivering geput, onder andere uit haar verhoudinge met ander – soos haar man, familie, terapeute en vriende. Haar man se positiewe ingesteldheid het haar gehelp om die diagnose te aanvaar en om met oplossings vir probleem-situasies vorendag te kom: "Dit het ons as ouers gedwing om al ons vooropgestelde idees te laat vaar en met nuwe insig en visie die kind se opvoeding te benader. Wat 'n ongelooflike voorreg is dit nie om jou grense te verskuif en 'n juweel te ontdek! 'It is not CURABLE, BUT IT IS AND WILL ALWAYS BE TREATABLE'. As dit jou as ouer nie hoop gee nie, wel dan is jy die een met die werklike probleem." (C 9 en 23 en L). Die moeder is positief ingestel wat betref hul situasie, sy wysig haar emosies, gedagtes en gedrag om hul nuwe situasie beter te kan bestuur. Die dryfkrag van motivering en aanpasbaarheid kan ook verder geïdentifiseer word in haar volgende vertelling: "Ek het besluit dat ek graag wou verstaan hoe my kind dink en redeneer, en, vir my altans, het ek beheer geneem en besluit om 'n positiewe invloed op my kind en gesin se lewens te hê." (S 37 en L).

Soos voorheen genoem, bestaan die diagnose-proses uit die stadiums van "vermoede", "diagnose" en "afskied" van haar droomkind. Ek kon as navorser aflei dat na afloop van die diagnose die moeder oor die verlies van haar droomkind moes treur en van hom afskied moes neem, aangesien sy die verwagtinge en drome wat sy

aanvanklik vir haar kind gekoester het nou moet herdefinieer en vervang met nuwe drome binne die beperking van outisme: “Say goodbye to the child you wanted, or else your focus will never be with the child you have’. ‘Love without an agenda.’ Agendas skep verwagtinge, en met jou outistiese kind is dit nie altyd uitvoerbaar nie – teleurstelling maak aanvaarding moeiliker! Waarom die kans vat? ‘LOVE, LOVE, FOOD, LOVE.’” (L1 en C 36). Maar die belangrikste besluit wat die moeder in dié tyd geneem het, was dat sy haar gevoelens sou beheer en haarself sou motiveer om die nuwe situasie dag-vir-dag aan te pak: “Omdat ek angstig word probeer ek myself altyd te kalmteer deur te sê niks sal my ooit weer vang soos die dag van die diagnose nie.” (EI 119).

Samevattend kan verklaar word dat uit die gesprekke met die moeder ek kon aflei dat sy nie verheug was oor haar seun se diagnose nie, maar sy het ’n doelbewuste keuse geneem om positief, optimisties en aanpasbaar te wees en die beste lewe vir haar seun te bied binne haar vermoë. Sy stel dit dat sy gekies het om gelukkig en geborge te wees in haar lewe in die teenwoordigheid van outisme. “Omdat ek angstig word, probeer ek myself altyd te kalmteer deur te sê niks sal my ooit weer vang soos die dag van die diagnose nie. As jy vrede het, is dit aansienlik makliker om deur jou eie onsekerhede te werk.” (EI119). Laasgenoemde vertelling in samehang met die ander spreekbeurt van die moeder dui op “motivering” wat sy in haar lewe geïdentifiseer het tydens die diagnose-proses. Die moeder se sogenoemde “motivering” hou met die vyf komponente van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model, naamlik dat sy haar eie emosies herken en verstaan om sodoende ander se emosies te verstaan en haarself met ander se situasie te vereenselwig en om hul met empatie en deernis te kan hanteer (haar seun se diagnose). Probleemoplossing, persoonlike groei en self-gemotiveerdheid kan op ’n emosionele vlak aangespoor word (fokus-verskuiwing, ondersteuningsnetwerke en aanvaarding van haar seun se hindernis), en emosies kan bestuur word deur indringende en spanningsvolle gedagtes om te skakel na meer aangename denke (nie oor-analities nie, maar optimisties en positief). Emosies kan ook gereguleer word om emosionele en intellektuele groei teweeg te bring.

TEMA 2: Die aanvaardingsproses

INLEIDING

Kübler-Ross (1997) beskou die fase van aanvaarding as ’n proses waarin ’n individu tot verhaal kom oor sy/haar verlies. Die individu kan steeds emosies van hartseer beleef, maar het tot ’n omkeerpunt gekom waar rustigheid en vrede ervaar word met betrekking tot die realiteit van die verlies – die individu vind ’n weg vorentoe in die teenwoordigheid van ’n trauma. Volgens Ellis (1989) is die geboorte van ’n kind met ’n hindernis ’n traumatiese verlies van ’n normale kind, vir die ouers sowel as vir die sibbe en familie. Die aanvaardingsproses met betrekking tot ’n kind se hindernis kan gefasiliteer word deur ’n professionele spanterapeute en dokters te selekteer en deur persoonlike aanvaardingstrategieë te verwerklik (kyk 2.2.5).

Gray (1994) identifiseer bepaalde strategieë wat individue ondersteun om ’n hindernis soos outisme te aanvaar, te bestuur en te hanteer (kyk 2.2.4). Gray (1994) beskou die aanwending van ondersteuningsnetwerke, byvoorbeeld terapie, medikasie, skole, ensovoorts, as een van die belangrikste strategieë om ’n kind se hindernis te leer aanvaar. Die gesin as eenheid benodig ondersteuningsnetwerke van

vriende en familieleden om hulle as gesin te ondersteun. Geloof in 'n Oppermag vervul 'n betekenisvolle rol om innerlike vrede en aanvaarding te bereik. Dunn, Burbine en Tantleff-Dunn (2001) beskou geloof as 'n wyse waarop belangrike waarhede in 'n individu se lewe ontdek word, om só 'n situasie beter te kan hanteer (coping strategy). Volgens Gray (1994) gee geloof betekenis en doel aan 'n individu se lewe wanneer hy/sy met moeilike omstandighede en stres gekonfronteer word.

Talle gesinne het ook die opgawe om dit te aanvaar dat nie-ondersteunende vriende, familie, dienste, ensovoorts, hulle aan die gesin van die kind met 'n hindernis kan onttrek. Die opgawe sluit in dat die gesinslede hulle moet afsluit van mense met negatiewe persepsies van hul kind se hindernis, om sodoende nie hul gesin se funksionaliteit te laat benadeel nie. Laastens word die individualisering van die persoonlike aktiwiteite en belangstelling van die gesinslede ten opsigte van ontspanning, loopbaanontwikkeling en stokperdjies ook as belangrik geag. Die gesin moet steeds as individue funksioneer in die teenwoordigheid van outisme en moet steeds daarna streef om elkeen se eie potensiaal te verwerklik.

“Successful coping or emotion regulation is determined by the range of strategies available, the ability to select strategies that meet the demands of particular stressors, and the ability to implement these strategies” (Salovey en Sluyter, 1997: 170-171).

Met betrekking tot die lewenstema: *Diagnose-proses* (kyk figuur 4.1) kon ek uit die moeder se vertelling aflei dat haar belewing van skok, verwarring, frustrasie, ongeloof en ontkenning van korte duur was (Kübler-Ross: “Stages of denial and isolation; anger; bargaining”). Tydens haar vertelling betreffende die lewenstema: *Diagnose-proses* beklemtoon die moeder dit dat sy nie die gedagtes van verlies en depressie oor haar seun se diagnose vir te lank kon huisves nie. Sy beskou haar besluit om haar seun se outisme dadelik te aanvaar nie as ontvlugting of ontkenning van emosies nie, maar eerder as 'n oorlewingstrategie, omrede sy wou slaag in hul verhouding en nie verwyrt wou word deur haar gesin omdat sy nie haar seun se hindernis kon aanvaar nie (Kübler-Ross: “Stages of depression and acceptance”).

□ Emosionele intelligensie komponente

▪ **KEN EIE GEVOELENS KOMPONENT**

Dit gaan hier om 'n bewuste verkenning en herkenning van kognitiewe belewinge en diepere emosionele belewinge in die proses van aanvaarding. In die lewensverhaal van die moeder word verhaal-inhoude geïdentifiseer wat betrekking het op die **intra-persoonlike skaal** (kyk tabel 4.2), wat dui op die moeder se bewustheid van haar emosies en die ekspressies betreffende haar seun se hindernis.

Vanuit die moeder se vertelling kan ek as navorser aflei dat aanvaarding van 'n kind se hindernis moontlik kan lei tot 'n meer positiewe en realistiese ingesteldheid ten opsigte van die kind met outisme se behoeftes en beperkinge. Die moeder beskou haar ingesteldheid met betrekking tot haar seun se diagnose, en verder ook haar beskouing betreffende terapeute en dokters as 'n belangrike deel van hul gesin se lewe, maar die belangrikste aspek wat betref die aanvaarding van haar seun se diagnose, is haar positiewe en optimistiese ingesteldheid met betrekking tot haar rol as moeder – om haar seun se behoeftes te bevredig en om vir hom 'n

toekoms te kan skep. Die volgende vertelling van die moeder dui op haar keuse vir positiewe kognitiewe en emosionele belewing: “Oso dit of nie, maar ek was selfversekerd en ingelig, nooit pateties of desperaat nie.” (€I 162).

Sy het ook doelbewus 'n ondersteuningsnetwerk gekies wat haar met die aanvaarding van die hindernis ondersteun het: “Almal op my pad was positief en betrokke by outisme. Dit hang af hoe jy hulp soek. Vriendelike, spontane mense is 'n plesier om mee te werk. Niemand wil regtig luister na 'n depressiewe pateet nie, al is dit hulle werk.” (€I 162). Die moeder het vertel dat gedurende haar eie bewuswordingsproses (van haar seun se beperkinge) daar 'n klemverskuiwing plaasgevind het van haar eie behoeftes na die behoeftes van haar kind. Haar opvatting is dat emosionele belewinge soos selfbejammering, hartseer of depressiewe gedagtes nie gekoester kan word nie. “‘Get over yourself’. Dit gaan al lankal nie meer oor jouseff nie. Ek sou graag wou sien dat ouers die klem van hulself sal haal en dit volhartig skuif na hulle ‘kids’, ongeag 'n sindroom of nie. Normale kinders kry net so swaar as daar nie genoeg liefde, respek en aanraking in hulle gesinne is nie.” (€I 133 en 37). Bar-On, Maree en Elias (2007) omskryf volwasse emosionele bekwaamheid as die vermoë om doeltreffend te kan optree om in 'n sosiale situasie 'n bepaalde doelwit te bereik. Dus, die individu beskik oor die vermoë en die vaardighede om 'n bepaalde doelwit te bereik. Uit die moeder se vertelling het ek afgelei dat sy na die doelwit streef (1) om haar seun se hindernis te aanvaar, en (2) om saam 'n toekoms te bou waarin sy en haar seun kan selfaktualiseer. Die moeder maak 'n keuse om haar emosies, denke en ingesteldheid te herdefinieer, om sodoende haar seun met outisme in sy ontwikkelingsjare beter te kan akkommodeer en te kan hanteer.

Die moeder het met eerlikheid erken dat sy met tye hoop gekoester het dat haar kind eendag weer normaal sal wees: “Om 'n outistiese kind te hê is nie verterend nie, maar om 'n behoefte na 'n meer normale kind dobber, dobber, dobber in jou onderbewuste. Dit is amper soos 'n troosprys.” (M 3). Maar die besef dat haar kind met outisme gediagnoseer is, het gelei tot 'n paradigmaterskuiwing wat betref haar gevoelens, gedagtes en ingesteldheid, waar sy nie langer hoop vir “normaliteit” koester nie en eerder hoop vir “aanvaarding” en “uniekheid”. Die moeder toon in haar vertelling kennis van die outisme-versteurings-kontinuum (kyk bladsy 29) en van die wyses waarop kinders met outisme van mekaar kan verskil. Sy toon dankbaarheid vir haar seun se diagnose in vergelyking met ander kinders se gesteldhede: “Ek is altyd op soek na 'n kenmerk of uitval wat hom minder outisties maak en meer normaal as ander outistiese kinders. Selfs na aanvaarding dobber dit in my onderbewussyn. Ek dink elke dag hoe dankbaar ek is dat my kind nie gestremd lyk of bewegings maak nie. Dit is seker sekerlik van my, maar ek is bevoorreg met my seun se gestremdheid, teenoor sommige ander moeders se kinders.” (C 1 en S 45).

Uit die volgende vertelling is dit duidelik dat die moeder haar eie gevoelens en gedagtes herken en ook kan identifiseer met ander ouers se gevoelens en gedagtes. Die empatiese en intra-persoonlike bewustheid wat sy toon vir haar situasie en ander ouers s'n het by haar positiwiteit en dankbaarheid gewek ten opsigte van haar seun se hindernis: “Bygesê, ek is altyd bewus/bang/versigtig om my uit te laat, want daar is mammas wat veel meer moet verwerk as ek, met outistiese kinders wat woede-uitbarstings kry, nie eet nie, nie praat nie, nie aangeraak wil word nie, of wat bykomend gestrem is, addisioneel tot hul kind se outisme.” (C 33).

Bar-On, Maree en Elias (2007) beskou die vaardighede van emosionele intelligensie as nie slegs 'n emosionele funksie nie, maar ook as 'n vaardigheid met betrekking tot ingesteldheid. Deur gevoelens, gedagtes, vaardighede en ingesteldhede te integreer, word 'n individu in staat gestel om intelligent te dink oor emosies. Die moeder moes haar gevoelens, gedagtes, ingesteldheid en doelwitte vir die toekoms identifiseer, om sodoende die aanvaardingsproses te vergemaklik. Die moeder verduidelik dat aanvaarding 'n daaglikse proses is. Aanvaarding is dus vir haar 'n deurlopende proses waartydens sy haar seun se hindernis moet verwerk en die emosies wat daarmee gepaardgaan moet erken: "Nuwe situasies bring 'n nuwe stel, vars gevoelens wat jy moet deurwerk. Omdat ek angstig word, probeer ek myself altyd te kalmere deur te sê niks sal my ooit weer vang soos die dag van die diagnose nie. As jy vrede het, is dit aansienlik makliker om deur jou eie onsekerhede te werk." (EI119). Elke moeder sal dus haar situasie van om met 'n gestremdheid saam te lewe anders hanteer, maar die moeder van my ondersoek vertel die volgende: "Ek het nie outisme geooranaliseer nie, dalk is ek te dom gewees om van alles 'n 'break down' te maak. Dit sou my beslis laat 'break down' het. Ons tweetjies het al moeilike tye gehad, maar hy het regtig gegroei en ek het hoop vir hom. Hy't baie potensiaal." (© 19 en IT 8).

Samevattend kan verklaar word dat hierdie moeder haar eie emosies goed ken, waarneem en aanvaar – in die daaglikse proses om haar seun se hindernis te aanvaar. Die moeder is duidelik bewus van haar emosies en het verder 'n realistiese idee van wat dit beteken om 'n lewenspad in die teenwoordigheid van outisme daaglik te reis. Die diagnose-proses was vir haar 'n traumatiese ervaring, en, om haar seun se hindernis sover moontlik te aanvaar, het vereis dat sy haar emosies effektief bestuur en konstruktief uitdruk. In die aanvaardingsproses is die moeder gemotiveer om persoonlike doelwitte te bereik, en om in die teenwoordigheid van outisme haar potensiaal te verwerklik.

▪ HERKEN ANDER SE GEVOELENS KOMPONENT

Dit gaan hier om die empatiese verkenning en herkenning van emosies in haar seun en in ander. Sosiaal-bewuste verhaal-inhoude is geïdentifiseer wat dui op die moeder se bewustheid van ander se emosies en van **interpersoonlike** verhoudinge (kyk tabel 4.2) tydens die proses waarin sy tot aanvaarding kom betreffende haar seun se hindernis.

Een van die sigbare tekens van aanvaarding by die moeder is waargeneem tydens die skoolplasing van haar seun, wat haar 'n sin van bevryding gegee het. Die skoolplasing het haar die geleentheid gegee om vryelik en openlik te erken dat haar seun met outisme gediagnoseer is en dat sy behoeftes eerste kom. Die keuse van 'n skool het haar gehelp om sy hindernis te aanvaar en hoop gegee vir hul lewenspad saam vorentoe. "Ek kan onthou, mense wil jou eerstens jammer kry, tot hulle jou 'approach' verstaan en dan gee hulle raad en hulp, na aanleiding van wie en wat hy is in die outistiese milieu. Maar ek was deurlopend selfversekerd." (EI 168). Die keuse van 'n skool word hoofsaaklik bepaal deur die kind se funksioneringsvlak en die ouers se aspirasies (Narayan et al., 2005). Ouers se keuse van 'n geskikte skool word telkens gegrond op die voortbouing van die kind se ontwikkelende vaardighede wat deur dokters en terapeute ondersteun word. "Hy is wat hy is, sy lewenspaadjie word anders uitgekap as 'mainstream' kinders s'n." (© 65). Die identifikasie van 'n geskikte skool vir die kind dra by tot die ouers se aanvaarding van die hindernis, aangesien die skool in die hindernis

spesialiseer en aan die ouers emosionele ondersteuning bied gedurende die aanvaardingsproses (Outisme Suid-Afrika, 2004). Die proses, om 'n geskikte dokter, terapeut en skool te vind wat die ouers kan bekostig en by wie hul kind aanklank vind, is langdurig (Cosser, 2005, aangehaal deur Balfour, 2007). "Om die regte mense en skool vir hom te kies was die moeilikste deel van my seun se grootword. Die soeke na 'n geskikte skool het my gedreineer. Ek het gevrees dat hy nie deur die regte mense gehelp en gevorm sou word nie. Maar toe die spesifieke skool my nooi vir 'n tweede onderhoud, was ek rustig." (© 65). Die gesin se keuse, om die seun in 'n skool vir kinders met outisme te plaas, beteken vir haar dat haar kind die ondersteuning en hulp ontvang wat hom sal help om sy potensiaal te verwerklik: "Hy't baie potensiaal." (IG 8).

Steenkamp en Steenkamp (1992) ag 'n skool wat spesialiseer in 'n kind se hindernis as waardevol betreffende die kind se ontwikkelingsvaardighede, selfbeeld-uitbouing en benadering tot leermetodes en hulpbronne. Ten opsigte van die laaste stelling is dit egter belangrik dat daar gelet word op die belangrikheid van inklusiewe onderwys in Suid-Afrika. Dit dui dus daarop dat daar 'n noemenswaardige fokus en ingesteldheid is met betrekking tot die wetlike reg van alle individue met hindernisse om te kan deelneem aan alle aktiwiteite en geleenthede tot onderrig en opleiding. Bar-On, Maree en Elias (2007) beklemtoon die betrokkenheid van ouers en die gesin by 'n skool, veral ten opsigte van die onderrig van emosionele intelligensie, sosiale vaardighede en waardes. Dus, skoolplasing is die eerste stap tot erkenning dat die kind 'n hindernis het, en die skool dien as 'n waardevolle ondersteuningsstelsel en agent tot aanvaarding van haar seun se hindernis. In Suid-Afrika is daar slegs 'n paar skole wat in outisme spesialiseer. Ouers kan bykomende belewinge van frustrasie en moedeloosheid ervaar, aangesien daar 'n lang wagperiode is wat betref plasing van 'n kind, en daarby word skoolfonds as onbekostigbaar beskryf (Swanepoel, 2003). "Ek is beslis 'n 'control person'. Ek en my man het dadelik besluit hoe ons ons seun gaan hanteer, opvoed en laat onderrig. Ek het alles met kalmte en positiewe gesindheid aangepak, want ek wil hê ek en my kind moet slaag in ons verhouding." (S 39). Die moeder deel mee dat die volgende haar gehelp het om haar kind se hindernis te aanvaar: "As jou outistiese kind in 'n gespesialiseerde skool is, is daar nie 'n stigma nie, en het jy 98% aanvaar en deurgewerk wat gebeur het. Party ouers kom nooit by daardie punt uit nie. Vandat hy in die skool is, is daar gelukkig 'n groep mense wat sy sewe so positief beïnvloed en rigting gee." (C 21 en © 79).

Wat ondersteuningsstelsels betref, kan gesinne 'n ineenstorting ervaar, aangesien familie en vriende hulself onttrek van die gesin, weens 'n tekort aan begrip en aanvaarding van die kind se hindernis (Tway, Connolly en Novak, 2007; Cosser, 2005, aangehaal deur Balfour, 2007). Volgens Kanner (1943, aangehaal deur Mash en Wolfe, 2002) gebeur dit dat, deur foutiewe beriggewing in ongeakkrediteerde media en bronne, of in gesprekke tussen mense, dat oningeligte opinies gevorm word van hoe hulle dink 'n kind met outisme voorgestel moet word (Hart, 1993). Verdere aannames wat gemaak kan word, is dat hierdie kinders onaanvaarbare gedrag toon as gevolg van ontoereikende opvoeding en ouerskap, wat lei tot versteurde vriendskapsverhoudinge of die verbrekking van vriendskappe, as gevolg van uiteenlopende persepsies en foutiewe aannames oor outisme. Uit my studie het dit duidelik geword watter effek 'n hindernis op mense se persepsies van 'n individu kan hê. Maar soos reeds genoem, demonstreer die moeder volgens my as navorser volwasse emosionele bekwaamhede, aangesien sy nie toelaat dat ander se skewe persepsies van outisme haar uitkyk beïnvloed nie. Die moeder hanteer sosiale verwydering positief, en toon begrip vir mense se vreemde

reaksies ten opsigte van haar seun se gedrag: “As my kind in die middel van ‘n winkel se klere-afdeling ‘n ‘tantrum’ gooi en al die skoene en klere van die rakke aftrek, kyk mense my aan en hulle gesigte spreek boekdele dat die kind nie normaal is nie. Ek aanvaar dit so. Ek het lankal vrede gemaak met my kind se outisme.” (S 33).

Volgens Sternberg (2001) dui die term *waarde* op ‘n vooropgesette bepaling of groepe bepalinge van wat vir ‘n individu belangrik is en wat nie. ‘n Individu se waarde(s) beïnvloed hoe hy/sy mense, die wêreld en selfs omstandighede gaan beleef en interpreteer. Geloof kan beskou word as ‘n waarde, aangesien dit ‘n vooropgesette beskouing is van hoe ‘n individu homself en ander moet hanteer. King et al. (2008) verklaar in dié verband dat dit belangrik is dat ouers duidelikheid verkry met betrekking tot hul waardesisteen, aangesien dit gaan bepaal hoe hulle hul probleemsituasie hanteer. Geloof en vertroue in ‘n Oppermag (of die gebrek daaraan) kan die huweliksband versterk of verswak tydens die diagnose-proses en ook later tydens die aanvaarding van die hindernis (Balfour, 2007). Die waardes, gesindhede, geloofsbeskouinge en persepsies van die gesinslede kan ook as faktore beskou word wat die ouers se reistog tot aanvaarding affekteer (Balfour 2007; Gray, 2006). Die gesin se lewensgehalte is relevant tot die kind se gesteldheid, aangesien outisme verskeie vlakke van gestremdheid impliseer (kyk 2.2.2) wat die lewe van die kind en sy gesin kan affekteer (Mungo, Ruta, D’Arrigo en Mazzone, 2007:2). In die volgende toeligting van die moeder kan die verband tussen geloof as waarde en interpersoonlike verhoudinge herken word: “Ek verstaan nou die eerste keer beter hoekom mense gedurende moeilike tye gryp na geloof en ‘n soeke na antwoorde van God. In sulke tye bevrage teken mens jou geloof. Ek het uiteindelik vrede gekry oor my seun se gestremdheid toe ek ‘n boek nou die dag gelees het. Die boek se hoodskap was dat God jou liefhet sonder ‘n agenda. Ek het besef dat mense dikwels verhoudinge met ander mense het met sekere verwagtinge en voorwaardes, en ek dink dit het verander. Ek het my hele gesin lief vir wie hulle is, sonder om iets terug te verwag en sonder sekere voorwaardes.” (IT 18 en 2).

Samevattend kan verklaar word dat ek uit die vertelling van die moeder kon aflei dat sy ingestel is op ander se gevoelens en denke en dat dit vir haar belangrik is hoe mense voel. Die moeder kies doelbewus watter individue sy by haar ondersteuningsnetwerk wil insluit, aangesien dié mense waarmee sy haar omring ooreenstemmende gedagtes, persepsies, waardes en ingesteldhede oor outisme moet hê – sy assosieer haar byvoorbeeld nie met ouers wat nie hul kinders se outisme aanvaar nie, maar sy is steeds ingestel op hulle emosies en het sy empatie vir hul situasie en hul kind se hindernis. Die moeder beklemtoon die waarde en belangrikheid van ‘n ondersteuningsnetwerk en sy stig betekenisvolle verhoudinge met familie en sosiale groepe, byvoorbeeld dokters, terapeute, onderwysers en ander ouers. Die moeder gee haar samewerking om haar seun se diagnose te begryp, dit te aanvaar en doeltreffend te hanteer.

▪ **BESTUUR EIE GEVOELENS KOMPONENT**

In die voorafgaande bespreking is die belangrikheid van die moeder se eie besluitnemingsproses beklemtoon met betrekking tot die wyse waarop sy tydens die aanvaardingsproses haar emosies gaan bestuur. Sy identifiseer die lewens-inhoude wat betrekking het op die **bestuur van spanningskaal**, (kyk tabel 4.2) wat dui op haar vermoë om emosionele belewinge te kan bestuur en te kan reguleer in die proses waartydens sy tot aanvaarding kom betreffende haar seun se outisme.

In die vorige afdeling het ek verwys na die begrip *waarde*. Volgens Sternberg (2001) verwys die konsep *self-waarde* na die mate waarin 'n individu hom/haarself as waardevol ag. Die konsep word verder deur Sternberg (2001) uitgebrei wanneer hy dit stel dat 'n individu se self-waarde ook sy/haar opinies van 'n ander beïnvloed. Ek kon uit die moeder se vertelling aflei dat, vanaf die tydperk van die diagnose van die hindernis, tot die tydperk van aanvaarding daarvan, daar 'n onbestendige en voortdurende verandering in self-waarde by haar plaasgevind het. Alhoewel die moeder nie haarself blameer vir die hindernis nie, kon haar self-waarde 'n onsekere fase beleef het. "Ek het nooit wetenskaplike oorsake gaan soek nie. Dit was nie my skuld nie, dit het ek van die begin af aanvaar." (L). 'n Professionele span terapeute en dokters kan 'n individu help om perspektief oor 'n probleemsituasie te kry. 'n Professionele span kan 'n gesin in staat stel om 'n ondersteuningsnetwerk te vestig, wat die gesinsfunksionering en gesinsgeluk bevorder, deur hul self-waarde in verband te bring met hulle huidige situasie. Ming (2006) voer aan dat 'n ouer met 'n positiewe self-beeld spanning en emosies meer effektief beheer en bestuur binne die gesinsituasie. Dus, 'n positiewe ingesteldheid met betrekking tot outisme dra by tot die betekenisvolle verwerking van gesinsverhoudinge: "Dit help ook natuurlik dat my 'memories' sofied en meestal positief is. Slegte ervarings is geblik en begrawe. Dis tyd en energiemors om hulle te laat voortleef in jou brein soos 'n gewas wat jou tap!" (C 18 en 20 4). Bar-On, Maree en Elias (2007) verklaar dat gedragsverandering, kognitiewe funksies soos besluitneming, ingesteldhede met betrekking tot doelwitte en die bestuur van emosies 'n individu intrinsiek kan motiveer. Die feit, dat die moeder op positiewe gedagtes gekonsentreer het en nie op negatiewe ervarings gedwaal het nie, het haar bemagtig om haar emosies en denke konstruktief te bestuur.

Aan die hand van bogenoemde literatuur (Sternberg, 2001) oor *self-waarde* en die moeder se verhaal-inhoude kon ek die waarde herken van reflektiewe "evaluasies" van haar self-waarde as die moeder van 'n kind met outisme. Dus, die moeder bestuur haar emosies, denke en ingesteldhede deur haar oop te stel vir kommunikasie en die terugvoer van betekenisvolle andere met betrekking tot die wyse waarop sy haar seun met outisme kan akkommodeer nie. "Kommunikasie met jou sewensmaat, boetie, juffrou en terapeute. Hou die kanale altyd oop. As iets vir hom/jou/julle werk, hou aan om dit te doen, indien nie, probeer dadelik iets anders." (C 26). Verder ag die moeder dit ook belangrik en waardevol om haar self-waarde te herstel deur 'n positiewe gesindheid te handhaaf wat betref haar gevoelens oor haar kind se hindernis. Die gesindheid van vergifnis gee die moeder die geleentheid om haar emosies en gedagtes te her-evalueer, wat haar moontlik kon verhoed om die situasie te aanvaar: "VERGEWE JOUSELF DAAGLIKS: Ons is nie perfek nie, dink positief en hoe jy jou situasie wil verbeter. Gaan gereeld deur jou inligting en papiere vir pithos, bevestiging en hulp deur elke nuwe stadia soos jou outistiese kind groter word. Jy moet ook nog veertig jaar plus lewe. Gebruik alles en almal wat jou die beste kwaliteit binne outisme gaan gee." (C 26).

Kinders met outisme kommunikeer hul vrese op verskillende maniere. Die vrese wat hulle beleef is uniek in elkeen se verwysingsraamwerk en daar is nie 'n universele vrees geïdentifiseer nie (Miller, 2008; Shulman, 2004; Rhode, 2004, in Rhode en Klauber, 2004). Aangesien die onderwerp 'n bewustelike herkenning is van haar seun se vrese (empatie) en sy haar seun se vrese moet "bestuur" en probeer "voorkom" word die bespreking onder dié komponent aangevoer. Beide die ouers is baie beskermend wat betref die gesin se veiligheid en emosionele welstand. Die moeder erken dat sy haar gesin beskerm deur beheer te neem van hul

dagprogram en elke situasie vooraf analiseer om angswekkende ervaringe vir haar kind met outisme te voorkom: "Ek dink so; my beskermende kant is sterker as die 'Diepkant ingooi' en sien wat gebeur. Ek dink ek is tog geneig om te veel vir my seun te doen om potensiele situasies te vermy." (© 73).

Outistiese vrese gaan dikwels ook gepaard met verandering in roetine of omgewing, wat dié kinders onveilig en onseker laat voel. Plimley (2007) en Lam en Aman (2007) sluit aan by Outisme Suid-Afrika (2004:6) en Hart (1993: 8) se uitsprake wanneer hulle meld dat kinders met outisme ook angstigtheid en verwarde reaksies toon wanneer hulle in aanraking kom met onverwagte klanke, smake, blikke van ander se oë, reuke en tasting van teksture in hul omgewing. Die moeder beklemtoon dit dat, om 'n veilige en voorspelbare omgewing vir haar seun met outisme te skep, dit hulle as gesin help om beter te funksioneer. Sy is verder van opinie dat geborge verhoudinge die belangrikste aspek is in die aanvaardingsproses en in die optimale funksionering van die gesin in die teenwoordigheid van outisme: "Liefde is die belangrikste 'tool' in my boks. My seun is geneig om angstig te wees as dinge onvoorspelbaar is. Ek is baie oplettend en hoor beter, want alles wat angstigtheid kan veroorsaak moet uitgesny word nog voor dit gebeur het." (© 73).

Samevattend kan verklaar word dat dit uit die vertelling van die moeder blyk dat sy haar gevoelens en gedagtes bestuur betreffende die wyse waarop sy die diagnose van haar seun aanvaar. Volgens haar verhaal-inhoude let sy op en is sy bewus van potensiele spanningsvolle en angswekkende situasies vir haar seun, en het sy met verloop van tyd geleer hoe om dié situasies te vermy en hoe om sy vrese met voorspelbare roetines te akkommodeer. Dit blyk dat die moeder haarself bemagtig deur haarself te omring met inligting en ondersteuningsisteme wat haar in die proses van aanvaarding ondersteun.

▪ AANWEND IN VERHOUDINGE KOMPONENT

Die aanvaardingsproses van die moeder het as uitkoms dat sy die **aanwend in verhoudinge-komponent** (kyk tabel 4.2) beter kan verwerklik. Met ander woorde sy is realiteitsbewus (sy kan objektief haar eie emosies identifiseer), sy is buigsaam (sy kan haar emosies aanpas by haar denke in 'n nuwe situasie, naamlik haar seun se outisme) en sy kan persoonlike en interpersoonlike probleme op 'n meer effektiewe wyse oplos.

'n Kind met outisme verg dat die gesin hul funksies as gesin moet herdefinieer en dit kan spanning in die gesinsverhoudinge as uitkoms hê (American Psychiatric Association, 2001). 'n Onakkurate aanname wat deur Faux en Nehering (2007) geïdentifiseer word, is dat die gesinslede outisme gewoonlik negatief beleef. "Ek en my gesin en familie het baie hegte verhoudinge, selfs na die diagnose." (© 93). Volgens Cuskelly en Gunn (2006) kan die emosionele invloed van outisme veral opgemerk word in die verhoudinge tussen sibbe in die teenwoordigheid van outisme. Die verhoudinge kan positief of negatief beleef word deur elke kind. Die sib sonder die hindernis kan óf goeie begrip demonstreer vir die hindernis, óf hy/sy kan die sib met outisme verkwalik vir die situasie waarin hulle hulself as gesin bevind. Die moeder beskryf die twee broers se verhouding as geliefd en geborge: "Hy is die beste ouer boetie wat ek ooit voor kon vra. Baie deernis. Hy maak plek vir sy boetie in sy normale lewe. Sy boetie is vir hom 'weird and wonderful.'" (C103 en C 28). Die spanningsvolle situasies en belewinge kan volgens Schrieve et al. (2007) gewysig word deur die gesin vir gesinsterapie te neem.

Alhoewel die aanvaardingsproses vir elke ouer persoonlik en uniek is, word die rol van 'n professionele span beklemtoon, om die optimale ontwikkeling van al die gesinslede te verseker en om die ouers tot aanvaarding van die diagnose te fasiliteer (Swanepoel, 2003; American Academy of Pediatrics, 2001). Die meeste ouers beskou die hulpverleningsproses as betekenisvol, aangesien elke professionele persoon 'n bydrae lewer tot jou kind se ontwikkeling binne die beperkinge wat outisme inhou (Karande, 2006). "Ek het die diagnose gekry...dit aanvaar, myself begin omring met mense, ondersteuningsnetwerke, onderwysers, terapeute wat 'n verskil sou maak en die pad baan met ons as gesin. Vandat hy in die skool is, is daar gelukkig 'n groep mense wat sy fewe positief beïnvloed en rigting gee." (© 85 en © 5). Dit blyk uit die literatuur en uit die moeder se vertelling dat 'n ondersteuningsnetwerk op 'n betekenisvolle wyse daartoe bydrae dat die ouers hul kind se hindernis verwerk. Met ander woorde, dat dit hulle help om meer objektief, buigsam en optimisties te wees wat betref hul kind se hindernis: "My seun in my oë is oorlams, bederf, geliefd, geborge, selfvertrou, onvoorwaardelik aanvaar // hy is 'n rustige, tevrede kind! Ek was hartseer, maar nie om te tob, depressief te raak en in my emosies te dwaal nie // want dit was, en is, my kind en ek is klaar lief gewees vir hom voor ek nog geweet het dat hy outisties is." (© 4, © 39, £ en § 27).

Balfour (2007) deel mee dat die diagnose van outisme in 'n kind onmiddellike finansiële komplikasies meebring. Gesondheidsdienste asook terapie kan 'n groot uitgawe wees waarvoor ouers aanvanklik nie voorbereid was nie. Dit blyk uit die moeder se verhaal-inhoud dat sy en haar gesin moes leer om sonder sekere luukshede klaar te kom. As moeder en vrou vir haar man moes sy haar gevoelens en gesindhede wat betref die uitgawes vir haar seun met outisme verwerk: "Outisme kan 'n duur besigheid word. Medikasie is duur en ongelukkig moet dit chronies gebruik word. Spraak- en taal terapie is ook 'n noodsaaklikheid aangesien dit een van my seun se agterstande is. Versorging soos byvoorbeeld 'n 'babysitter' en 'kiddies care' as die res van die gesin 'gym' is alles vir ons finansiële laste. Tot op dese kan ons dit gelukkig bekostig. Geld maak nie my fewe meer gelukkig nie, as ons sekere dinge nie kan bekostig nie, dan kom ons daarsonder klaar. My seun weet dat geld vir versorging, huis, kos, skool eerste belangrik is, daarna kan die bederfies intree." (© 83).

Volgens Baron-Cohen (2005, in Hopkins, 2005) is daar nie 'n spesifieke medikasie vir die behandeling van outisme nie. Vroeë identifisering en diagnosering is belangrik, volgens Fombonne (2006) en Baron-Cohen (2005, in Hopkins, 2005). "Ek dink altyd hy was nog klein toe outisme gediagnoseer is, dus, ons kan werk aan sy paadjie vorentoe." (© 91). Volgens Fortunato, Sigafos en Morsillo-Searls (2007) moet 'n kind met outisme dadelik behandel word na afloop van die diagnose, aangesien 'n intervensie-program ouers die geleentheid bied om inligting in te samel oor dié hindernis en ook om gedurende die proses 'n ondersteuningsnetwerk te vestig. Daar is verskeie intervensie-programme vir kinders met outisme wat in samehang met medikasie gevolg kan word. Volgens bogenoemde outeurs moet medikasie liefers nie alleen gebruik word sonder die oorweging van intervensie of terapie nie. Uit die toeligting van die literatuur en die moeder se verhaal-inhoud kon ek as navorser die kombinasie van medikasie en terapie identifiseer. Medikasie en die professionele insae van 'n interdisiplinêre span van professionele persone is van die dienste en middele wat die moeder kan aanwend

om haar seun op sy lewenspad vorentoe te help. Die moeder is van mening dat die aanvaardingsproses impliseer dat hulle as gesin beter moet funksioneer.

Die voorgeskrewe medikasie vir haar seun se hindernis moet ook die gesinsfunksionering vergemaklik: “Medikasie is manna uit die hemel vir ‘n meer normale gesinslewe. As jou kind se dokter dit reg voorskryf en verduidelik hoe dit vir jou unieke kind gaan werk, is dit waarskynlik die grootste guns vir jou kind en almal rondom hom.” (C 41). Die moeder is verder van mening dat die gebruik van medikasie nie slegs hul gesinsfunksionering en gesinsverhoudinge bevorder nie, maar, die belangrikste van alles, dit help haar seun om optimaal te funksioneer: “Hy is reeds anders, hy hoef nie nog uit te staan en dit te ‘embrace’ nie. Help eerder om dinge so normaal en in perspektief te hou as wat jy as mamma moontlik kan. Hulle sal nie dankie sê nie, maar jy sal dit in 75-95% van alles wat hulle doen kan sien.” (C 42). Na aanleiding van die moeder se vertelling is die volgende duidelik: “Outisme was nie vir ons ‘n doodsvoornis nie, dis steeds ‘n kwaliteit, vol lewe, jy gebruik net chroniese medikasie om alles te laat ‘gel.’” (C 7). Barlow en Durand (2002) beklemtoon ‘n individuele behandelingsbenadering vir elke individu met outisme, en daarom kan ek as navorser aan die hand van die moeder se vertelling die stelling maak dat ‘n individuele behandelingsbenadering die gesinsdinamiek moet ondersteun, byvoorbeeld terapie in samehang met medikasie.

‘n Belangrike besluit wat ouers van ‘n kind met outisme moet neem is met betrekking tot die skool waarin hulle die kind gaan plaas. Die alternatief vir ‘n gespesialiseerde skool is tuis-onderrig of privaatskool – maar volgens Cosser (2005, aangehaal Balfour, 2007) se ondersoek word tuis-onderrig as spanningvol deur ouers beleef, aangesien die verhouding tussen die ouer die kind skade kan ly. “Die wete dat ek alles in my seun se lewe vir hom kan wees, maar nie sy juffrou nie. Ek kon nie my onderwyservaringe versoen met my ma-wees kant vir hom nie. Dit sal ons verhouding skade doen. Wel, ek is rustiger en meer betrokke as net die mamma, want ek hoef nie oor die skolasties aspek te bekommer nie. Dit is nie ‘n rol wat my seun vir my insien nie, dus, verligting omdat ek nie die leer deel van my kant af hoef te forseer nie.” (E1 176 en 180). Cosser (2005) meld na sy ondersoek dat sommige privaatskole nie aan die vereistes voldoen wat betref die beperkinge wat outisme inhou nie, veral betreffende die ontwikkeling van die kind se vaardighede. Die moeder het haar ervaringe gedeel ten opsigte van haar soeke na ‘n geskikte skool vir haar seun: “Dit was die moeilikste deel van my seun se grootword, om ‘n skool vir hom te kies. Die hese geskikte skool soek het my gedreineer. Ek het elke aand die dag se soektog na skole op die toonbank uitgepak, voor- en nadele oorweeg en dit tot op die been geanaliseer (over analyse) saam met my man. Ek het sleg geslaap, gedroom, en toe die skool na my toe terugkom vir die tweede toetsing was ek rustig.” (E1 174).

Samevattend kan verklaar word dat dit blyk uit die verhaal-inhoude dat die moeder realistiese, akkommoderende en optimistiese ingesteldhede getoon het teenoor haar kind en gesin tydens die diagnose- en aanvaardingsprosesse. Haar ingesteldheid en bewustheid van haar eie belewing van haar seun se hindernis en die eise wat die hindernis inhou, het nie hul verhouding afgebreek nie, maar dit het selfs moontlik hul verhouding versterk en begrip vir haar seun se belewing van die hindernis teweeggebring. Die moeder is nie rigied in die wyse waarop sy haar seun se hindernis belewe nie; sy glo dat hul verhouding slaag omdat sy

op haar seun se behoeftes en belewinge fokus en met hom kan empatiseer. Uit die moeder se toeligtinge kon ek aflei dat sy te midde van die probleemsituasie genoeg vertrou en selfvertroue gehad het om tot ekspressie te kom in haar verhoudinge met haar man, haar ouers, vriende en vriendinne en haar seun se dokters.

▪ SELF-MOTIVERINGSKOMPONENT

Die totale gemoedsgesteldheidskaal (kyk tabel 4.2) van Bar-On (2003) is aangewend en die moeder se verhaal-inhoude is geïdentifiseer wat betrekking het op haar ingesteldheid teenoor haar seun se hindernis – veral wat betref haar optimisme (haar vermoë om positief te wees en die blink kant van die lewe raak te sien) en die feit dat sy geluk belewe ten spyte van haar seun se hindernis.

‘n Kind met outisme het ‘n radikale invloed op die gesin (Plimley, 2007; Sternberg, 2001). Daar word soms ongegronde aannames gemaak dat so ‘n gesin, wat met outisme belas is, gewoonlik ‘n ongelukkige gesin is (Nachsen en Minnes, 2005). “Outisme was nie vir ons ‘n doodsvonnis nie, dis steeds ‘n kwaliteit, vol lewe. Ons gesin staan nie elke dag op en dink: ‘Nog ‘n dag saam met ‘n outistiese kind; hoe gaan ons dié dag hanteer?’ nie.” (M 7 en EI 117). Volgens Adams, Edelson, Grandin en Rimland (2004) beteken die diagnose van ‘n kind met outisme ‘n traumatiese ervaring vir die ouers, aangesien hulle verlies en rou ervaar met betrekking tot hul kind en die soort lewe wat hulle in die voortuitsig gestel het. ‘n Kind met outisme is onlosmaaklik deel van die gesin. Die moeder deel mee dat die hindernis aanpassing verg wat bepaalde veranderinge in die gesinsfunksionering teweegbring. “Min mense weet ons moes drie mure in ons huis uitbreek sodat hy genoeg hardloopplek het.” (IT 12). Hieruit kan afgelei word dat die aanvaardingsproses van ‘n kind met outisme ook gepaardgaan met opofferinge en aanpassings wat die gesin moet maak om die gesinslid met outisme te akkommodeer. Dié tipe aanpassings word positief deur die moeder ervaar, aangesien dit bygedra het tot verbetering van hul situasie.

Die moeder se opvatting oor die lewe is dat elke dag optimaal benut moet word om gelukkig te kan lewe, en die gesin baat daarby om daaglik georganiseerd, voorspelbaar en roetine-vas te lewe. Soos voorheen genoem, baat die moeder en haar seun daarby om roetine-vas te lewe om outistiese vrese te verminder. Die sogenoemde outistiese vrese gaan dikwels ook gepaard met verandering in roetine of omgewing wat dié kinders onveilig en onseker laat voel. Dus wil dit voorkom of die neurologiese hindernis verskeie aspekte van kognitiewe funksionering en prosessering van inligting beïnvloed, wat dié kinders angstig en verward laat voel (kyk bladsy 43). Om jou emosies (geluk, hartseer, woede, ang, frustrasies, ensovoorts) elke dag te herken, te erken en te verwerk is ‘n gesonde resep om jou gesin bymekaar te hou. Die wete, dat jou kind met outisme gediagnoseer is, dwing jou as ouer om vooropgestelde idees te vervang met realistiese en praktiese handeling en gewoontes. “Ek is mal oor my seun se unieke geaardheid en sy soms anderste belewing van die lewe. Dit plaas telkens ‘n nuwe ‘spin’ op my eie en my gesin se uitkyk op die lewe. My seun het klassieke outisme wat nie oorsleuel met ander outistiese spektrum-afwykings nie, wel...altans nog nie. Hy is nie gestrem nie en dit maak ‘n mens se situasie heelwat anders as ander mammas en gesinne.” (© 105).

Volgens Bar-On, Maree en Elias (2007) kan motivering versterk word deur die gedragsverandering wat deur middel van opleiding (coaching) teweeggebring word. Intensionele verandering dui op die behoefte om te

verander met die hulp van introspeksie en opleiding. Volgens die moeder se vertelling word haar motivering ook versterk deur die verwerwing van kennis en vaardighede asook die positiewe ingesteldhede van terapeute en dokters wat kundiges is op die vakgebied van die hindernis. 'n Professionele span van terapeute en dokters het die moeder gehelp om haar kind se hindernis te aanvaar en om hom te ondersteun met betrekking tot die hindernis. "Elke persoon se inset is uniek en geleerd, dit help jou om oor die tyd vir jouself 'n goeie 'game plan' uit te werk. Jy moet hul se hulp skaaf om by jou gesin se behoeftes aan te pas." (EI 166). Dit is betekenisvol om te verneem dat die moeder met eerlikheid en opregtheid erken dat haar innerlike motivering om die hindernis te aanvaar 'n besluit is wat sy daagliks moet neem en dat dit haar uitkyk op die lewe verander het: "My seun is outisties. Dit het ons as ouers gedwing om al ons vooropgestelde idees te verban en met nuwe insig en visie na kind grootmaak te kyk. Wat 'n ongelooflike voorreg is dit nie om jou grense te verskuif en 'n juweel te ontdek nie." (C 19). Die moeder se motivering om haar seun se hindernis te aanvaar spruit voort uit haar behoefte om sy behoeftes en emosies bo haar eie te stel. Soos voorheen genoem, verskuif sy die klem van haarself na haar seun: "Ek dink baie ma's waardeer nie die andersheid van 'n gestremde kind nie. Baie ma's bejammer hulself oor hul situasie, en verwyt ander, God, hulself oor so 'n kind, maar dit is nou anders met my seun in my lewe." (IT 16). Die klemverskuiwing wat in die moeder se verhaal-inhoud geïdentifiseer is, kan in verband gebring word met al die skale van die emosionele intelligensie komponente van Bar-On (2003). Die moeder het genoegsame kennis van haarself op die intra-persoonlike skaal verwerf om met selfvertroue haar fokus te skuif na die behoeftes van haar ontwikkelende seun. Die ontwikkeling van haar seun se emosionaliteit bring verder mee dat sy haar denke, emosies en ingesteldheid moet bestuur en aanpas om sy emosionele ontwikkeling te kan fasiliteer.

Swanepoel (2003) meld dat die huwelike in die meeste gesinne ook deur 'n kind met outisme beïnvloed word. Die huweliksband kan versterk of verbreek word na afloop van die diagnose van 'n kind met outisme. Ook kan dit gebeur dat die aard van die kind se gedrag en temperament 'n invloed op die ouers se huwelik kan hê (Glass, 2001). Frustrasie en ongelukkigheid in die huwelik kan soms toegeskryf word aan 'n ouer wat voel dat hy/sy alleen verantwoordelik is vir die kind wat met 'n hindernis gediagnoseer is (Cossier, 2005, aangehaal Balfour, 2007). Uit die literatuur en uit die moeder se vertelling kon ek agterkom dat die konsepte van *kameraadskap* en *kollaboratiewe span* in hierdie konteks belangrik is. Die moeder het by verskeie geleenthede beklemtoon dat sy nie alleen die situasie kan aanpak nie en dat haar man en haar gesin haar steunpilare en toevlug is in moeilike tye. Ek kon verder aflei dat die moeder haar man se ingesteldheid ten opsigte van die hindernis waardeer en dat dit haar motiveer om 'n "goeie" moeder vir haar seun te wees. Die aanvaarding en geborgenheid wat sy in haar huwelik beleef wil sy graag ook in haar verhouding met haar seun verwerklik en ook in hul as gesin as eenheid: "Aanvaarding is seker die mees bemagtigende besluit wat jy kan neem - jy moet leer om 'n lewe om outisme te bou. My familie: ek sou dit nooit sonder hul se kon doen nie. My man se ondersteuning en my ouer seun se hulp is vir my van onskatbare waarde. My seun is mal, mal, mal, mal vir sy pa. Soos hy ouer word, het hy 'n heldeverering vir sy pa ontwikkel. Sy boetie maak plek vir hom in sy 'normale' lewe en aanvaar hom vir wie hy is // 'wierd and wonderful'. Elkeen het sy pertinente rol in my seun se lewe. Die pad was beslis makliker om te stap omdat my man soveel begrip en deernis vir ons seun se situasie het. Ons as gesin is verdraagsaam, hulpvaardig, onselfsugtig, toegewy en aanvaardend." (S 41, C27 en 28 en EI 182).

Samevattend kan ek verklaar dat ek uit die moeder se vertelling aflei dat die aanvaardingsproses met betrekking tot haar seun se hindernis haar opnuut hoop, vrede en geborgenheid laat beleef het, aangesien sy die uniekheid en andersheid van haar seun met outisme respekteer en geniet. Ek kon dus uit haar vertelling haar innerlike motivering herken – haar gedagtes, gevoelens en gedrag was op die fasilitering van haar kind se ontwikkeling gefokus. Volgens die moeder het hul gesin as eenheid 'n doelbewuste keuse gedoen om positief, optimisties en aanpasbaar te wees in die teenwoordigheid van outisme; saam het hulle gekies om gelukkige en geborge verhoudinge met hul gesinslid met outisme te verwerklik.

□ **Tema 3: Toekomspektief**

□ **INLEIDING**

Volgens Ebersöhn en Eloff (2006: 62) beskik 'n individu oor die vermoë om op grond van innerlike krag geluk te skep – sekere intra-persoonlike take word met die individu se selfaktualisering in verband gebring. Die strewe na selfaktualisering vereis dat 'n individu intra-persoonlike take soos self-bewustheid, self-aanvaarding, introspeksie, ensovoorts kan begryp en verstaan en kan toepas in sy/haar persoonlike situasie.

“What people need then are effective skills that enable them to know themselves; to accept themselves; to understand how they perceive themselves in particular life situations; to be aware how they feel, think, make decisions; and how they receive, process, evaluate and enjoy information” (Ebersöhn en Eloff, 2006: 63).

Wat elke individu van sy/haar keuses, voorkeure, waardes, drome, bekommernisse en gevoelens weet dra by tot die dryfkrag vir die inisiëring en bestuur van betekenisvolle verhoudinge met ander (Ebersöhn en Eloff, 2006: 63). Die moeder se toekomspektief saam met haar seun met outisme word dus gevorm op grond van haar intra-persoonlike kennis van haarself, asook op grond van haar opvattinge van watter moeder sy vir hom wil wees en watter rol sy in haar seun se lewe wil vervul.

Seligman (2002, aangehaal deur Eloff en Ebersöhn, 2006) beskou 'n individu se toekomspektief as die uitkoms van sy/haar verlede en hede asook sy/haar verbintenis met ander. Elke individu se subjektiewe beleving van sy/haar verlede dra in 'n mate by tot sy/haar beleving van huidige omstandighede. Tevredenheid en voldaanheid (contentment) met betrekking tot 'n persoon se interpersoonlike verhoudinge kan bydra tot 'n positiewe ingesteldheid wat toekomsverwagtinge betref (optimisme, hoop en motivering). Dus, die moeder se positiewe toekomspektief kan moontlik die uitkoms wees van haar vergenoegde uitkyk op haar seun se diagnose, van haar ondersteuningsnetwerk en van haar behoefte om 'n “goeie” ma en vrou vir haar gesin in die teenwoordigheid van outisme te wees.

□ **Emosionele intelligensie komponente**

▪ **KEN EIE GEVOELENS KOMPONENT**

Hier gaan dit om die moeder se bewuste verkenning en herkenning van haar emosies met betrekking tot haar toekomspektief saam haar seun met outisme. Die moeder se vertelling is aan die hand van

Bar-On (2003) se subskale van die **intra-persoonlike skaal** verken (kyk tabel 4.2), om sodoende die verhaal-inhoude te identifiseer wat betrekking het op haar bewustheid van haar emosies en haar ekspressie van haar toekomspektief.

Ouers belewe 'n mate van kommer wat betref die toekoms van hulle kind met hindernisse – veral met betrekking tot die vraag wat van die kind gaan word wanneer hulle afsterwe. Om hul kind teen stigmas en verwerping deur ander te beskerm, is 'n uitputtende bekommernis – die vraag of ander die kind ooit sal aanvaar en of die kind ooit 'n positiewe selfkonsep sal vorm (Cosser, 2005, aangehaal deur Balfour, 2007 en Ethier, 1999, aangehaal deur Balfour, 2007). Die verhaal-inhoude van die moeder stem ooreen met bevindinge wat in die literatuur aangedui word, wat betref 'n moeder se bekommernisse oor die toekoms van 'n kind met 'n hindernis. Vanuit Sternberg (2001) se toeligting oor lokusse van kontrole kan ek aflei dat die moeder dus 'n interne lokus van kontrole openbaar – aangesien sy verantwoordelikheid neem vir haar seun se ontwikkeling en toekoms te midde van die beperking van outisme. Die moeder demonstreer ook 'n eksterne lokus van kontrole (ook genoem attribusie) – sy weet dat die omgewing, sosiale agente en tyd vanselfsprekend 'n invloed op haar en haar seun se lewens gaan hê en sy kan hom derhalwe gereedmaak vir dié beïnvloeding. Ek kon as navorser uit die onderhawige temas (diagnose-proses, aanvaardingsproses en toekomspektief) aflei dat die moeder intens intern gemotiveer is om haar seun se onafhanklikheid optimaal te ontwikkel. Die moeder se bewustheid van watter emosies sy kan reguleer (interne lokus) en watter faktore buite haar beheer is (eksterne lokus/attribusie) stel haar in staat om in harmonie met haar denke, emosies en ingesteldheid te leef: “Ek dink so baie oor ons verhouding, veral oor wat van hom gaan word oor veertig jaar, sulke goed. Ek was nooit bekommerd oor wie of wat my seun was en nou is nie, soms vang ek myself dat ek wonder hoe dit oor vyf en tien jaar met hom sal gaan. Ek wil kwaliteit en 'n wonderlike lewe vir hom hê vorentoe.” (IT 8 en C 40). Die moeder se fokus het dus geskuif na die behoeftes en ontwikkeling van haar seun. Alhoewel ek as navorser haar toekomspektief as algeheel positief beskou, blyk dit dat sy 'n mate van kommer, kwesbaarheid en angs beleef oor wat na haar afsterwe van haar seun gaan word.

Die term *sosiale identiteit* (motivering om die selfbeeld te handhaaf en/of te verhef) word volgens Bar-On, Maree en Elias (2007) in verband gebring met 'n individu se ingesteldhede en motivering om hom/haarself innerlik te bestuur en te bemagtig. Dié innerlike motivering kan by die moeder herken word waar sy deur haar vertellinge daarna streef om haar sosiale identiteit te ontwikkel – sy demonstreer die behoefte om haar ideale self uit te bou en te ontwikkel deur haar sterk- en groeipunte te identifiseer en te wysig. Verder streef die moeder daarna om as individu én ook as moeder van 'n seun met outisme te selfaktualiseer: “Ek voel beslis meer bemagtig, 'n sterker, dieper vrou as voor die proses begin het. 'n Positiewe, sterker persoonlikheid tree na vore in heelwat situasies deur my ervaar. Dis nogal bevrydend. Maar, ek bly wie ek is. Oop en eerlik oor myself en my kind met outisme.” (EI 115 en C 75).

Samevattend kan verklaar word dat dit vir my voorgekom het dat die moeder goeie insig toon in haar eie emosies (die herkenning en ekspressie van emosies), wat betref haar ingesteldheid teenoor die hede én die toekoms. Sy kon met insig onderskei tussen verskeie emosies, byvoorbeeld haar besorgdhede. Die moeder kon

met genoegsame begrip haar gevoelens, gedagtes en gedrag interpreteer wanneer sy tot ekspressie gekom het van haar belewing, en veral van haar emosionele belewing van haar seun met outisme.

▪ HERKEN ANDER SE GEVOELENS KOMPONENT

Die moeder toon ook empatie wat betref die emosies van haar seun en van die ander gesinslede. Die verhaal-inhoude het betrekking op die moeder se sosiale bewustheid en op die wyse waarop sy in die toekoms **interpersoonlike** verhoudinge (kyk tabel 4.2) wil verwerklik.

Hoop en drome vir 'n kind met outisme verander, aangesien onrealistiese verwagtinge met betrekking tot die kind dikwels met teleurstelling gepaardgaan (King et al., 2006; Ethier, 1999, aangehaal deur Balfour, 2007). In die onderhawige studie is die teleurstelling van die moeder duidelik as haar seun met outisme gediagnoseer word, "Say goodbye to the child you wanted, or else your focus will never be with the child you have." (L) en sy as moeder afskeid moet neem van haar drome van 'n normale kind. Sy beklemtoon in haar vertellinge haar begrip en empatie vir haar seuns en haar man: "Ek kan net die beste ma wees waartoe ek in staat is. Ek steek nie weg of hou moederskap-talente terug om eendag as 'n troefkaart uit te ruk nie. Ek staan elke dag op met 'n lied in my hart en ek is lief vir my mense en my seun is een van hulle!" (EI 170). Die moeder is daarop ingestel om gelukkige en betekenisvolle verhoudinge te hê met almal wat saam die lewenspad stap in die teenwoordigheid van outisme. Die moeder verwys telkens na haar persoonlike standpunt dat geluk 'n keuse is en dat sy in die hede lewe – bedoelende dat haar toekomspektief positief is, maar die hiër en nou is waar haar aandag is: "Ek wil nie eendag spyt wees dat ek soveel gegee het dat ek myself verloor het nie. Ek is 'happy', snaaks, ingelig, betrokke, kwaai, gedissiplineerd, kameraad, vertrouensing en 'mamsie' // alles in die regte hoeveelheid. Dit werk tot nou toe, waarom aan die wenresep wil verander?" (EI 190).

Vanuit die vertellinge van die moeder blyk dit dat sy buitengewoon empaties ingestel is wat betref ander se emosies. Sy is in voeling met haar eie emosies, denke en persepsies, en kan ook haarself vereenselwig met ander ouers se negatiewe belewinge en moeilike omstandighede in die teenwoordigheid van outisme: "Ek dink dit moet moeilike wees vir ander ma's. Ek wil graag die navorsing saam jou doen want ek hoop my storie kan ander ouers help." (IT 23).

Samevattend kan verklaar word dat dit vir my as navorser voorkom dat die moeder daarop ingestel is om ander se emosies te verstaan en dat sy soms haar eie emosies met ander s'n te vergelyk. Die moeder kom tot die besef dat persepsies verskil, veral ten opsigte van haar positiewe ingesteldheid teenoor ander ouers se negatiewe persepsies van nie-aanvaarding en selfblaaam. Die moeder is nie-veroordelend wat betref ander se uiteenlopende persepsies, en toon begrip vir die ouers wat nog nie hul kind se hindernis verwerk en aanvaar het nie. Deur positiewe en negatiewe emosies in ander te herken, is sy daartoe in staat om haar met ander se situasies te vereenselwig en om ander met empatie en deernis te hanteer. Die moeder beklemtoon dit dat haar kennis van haarself en haar emosies haar daartoe in staat stel om betekenisvolle verhoudinge met ander te kan stig.

▪ BESTUUR EIE GEVOELENS KOMPONENT

Die Bar-On (2003) subskale van die **bestuur-van-spanningskaal** (kyk tabel 4.2) is vir verkenningsdoeleindes gebruik, en dit het gedui op die moeder se vermoë om emosionele belewinge te kan bestuur en te kan reguleer. Hierdie moeder is inderdaad daartoe in staat om haar emosies op 'n effektiewe en konstruktiewe wyse te bestuur en te beheer.

Sy is realisties in haar verwagtinge, optimisties oor hul toekoms en seker van haarself en van die moeder wat sy graag vir haar seun wil wees. Haar bereidwilligheid om haar seun se hindernis te aanvaar, en die bestuur van haar belewinge rondom die hindernis, blyk uit die volgende: “Een ding van my seun is dat hy nie sommer gaan verander nie, maar ons sal moet. Hulle leef in hier en nou. Weereens as jy afreeds jou besluite geneem het oor hoe jy outisme gaan aanpak, raak die ‘surprise’ op jou pad nietig. Ons kan dinge dag vir dag vat, want my seun is nie ‘n skaduwee oor ons toekoms nie. As jy mooi daaroor dink, kan ons almal doen met beter en meer effektiewe beplanning.” (IT 14 en © 65 en 76). Barlow en Durand (2002) verwys na die handhawing van konsekwentheid in die lewe van ‘n kind met outisme as ‘n wyse om veiligheid, voorspelbaarheid en sekuriteit in sy/haar lewe in te bou. Die moeder handhaaf hierdie konsekwentheid deur haar beskouing dat haar seun roetine in sy lewe moet ervaar. Dit sal vermindering van outistiese vrese as uitkoms hê. Dit kom daarop neer dat die moeder bepaalde faktore in haar seun se lewe wil bestuur om geluk en tevredenheid by hom te bewerkstellig. Sy glo dat om roetine en reëls in haar seun se lewe in te bring, dit kan bydra tot die vermindering van spanning en negatieweiteit by hom. “Outistiese kinders leef byna uitsluitlik in hul hede met min begrip of belangstelling vir die toekoms. Ons as volwassenes sal die helfte minder stres hê as ons sekere take met die uitgangspunt aanpak.” (© 15). Dit blyk dus dat die moeder onder andere die wêreld deur die oë van haar seun probeer beskou.

Die wyse waarop die moeder haar gevoelens en gedagtes bestuur, blyk uit die volgende: “Jy moet as moeder gereeld deur jou inligting en papiere gaan vir pitkos, bevestiging en hulp deur elke nuwe stadium soos jou outistiese kind groter word.” (© 26). Dit was vir my betekenisvol om in die literatuur te verneem dat ouers se hoop meestal aan die hindernis self gekoppel word – die hoop dat die kind se hindernisse nie sal vererger nie en dat hy/sy ‘n mate van onafhanklikheid sal bereik (King et al, 2006; Either, 1999). Die moeder beskou die onafhanklikheid, wat haar seun reeds toon, as ‘n belangrike mylpaal, aangesien dit haar ook gemoedsrus sal gee as hy in sekere opsigte homself kan versorg. Sy wend dus emosies, vaardighede en kennis aan om haar seun te help ontwikkel: “Ek wil hê my seun moet gelukkig en selfversorgend wees binne die limitasies van outisme. Daarom probeer ons hom so goed as moontlik voorberei op hoe dit sal wees as hy groter is. Dis moeilik, want toekomsprospektief is nie deel van hulle verwysingsraamwerke nie.” (© 76).

Samevattend kan verklaar word dat die individu oor die vermoë beskik om sy/haar emosies te reguleer (Bar-On, Maree en Elias, 2007). Die moeder het inderdaad in haar vertelling gedemonstreer dat sy haar emosionele belewinge op ‘n effektiewe wyse kan bestuur en tot ekspressie kan kom van wat sy voel en dink. Daaruit blyk dit dat haar fokus op haar seun ingestel is – op sy behoeftes en emosies. Sy demonstreer haar besorgheid oor haar seun se welstand deur vroegtydig angswekkende situasies te antisipeer en aksie te neem om hierdie situasies te voorkom en/of effektief te bestuur.

▪ AANWEND IN VERHOUDINGE KOMPONENT

Die Bar-On (2003) subskale van die aanpasbaarheidskaal (kyk tabel 4.2) is vir verkenningsdoeleindes gebruik, aangesien dié skaal aangewend is om kollaboratief belevinge te identifiseer wat betrekking het op die aanpasbaarheidsdimensie, wat dui op die moeder se vermoë om verandering te hanteer. Uit die moeder se vertelling en ons gesamentlike interpretasie daarvan het dit geblyk dat die moeder se *aanpasbaarheid* by haar nuwe situasie (die diagnose van haar seun se outisme) sekerlik haar uitstaande persoonlikheidskenmerk is. Sy is realiteitsbewus (haar herkenning van gevoelens en gedagtes is objektief en realisties), buigsaam (sy pas haar emosies by die nuwe situasie aan) en toon die vermoë om probleme op 'n effektiewe wyse op te los.

Sternberg (2001) omskryf die gehegtheidsteorie (attachment theory) as 'n nuttige verwysingsraamwerk om die ontwikkeling van verhoudinge te verklaar. Daarvolgens is die moeder-kind verhouding en die band wat hulle vorm die eerste verhouding waarin 'n individu hom/haar bevind. Onvoorwaardelike liefde is vir die moeder en die kind belangrik. Aansluitend hierby blyk dit uit die moeder se vertelling dat sy baie waarde heg aan liefde in 'n hegte verhouding – onvoorwaardelike liefde en aanvaarding is vir haar belangrik: *“Liefde sonder vooropgestelde idees. Anders stel jy jouself bloot aan potensiele ‘futile outcomes’ – jy kan nooit weet waartoe ‘n situasie met ‘n outistiese kind gaan nie.”* (C 38). Uit die moeder se verhaal-inhoude blyk dit dat sy buitengewoon ingestel is op haar verhouding met haar seun en op die hindernisse wat hulle saam moet oorkom. Sy is terdeë bewus van die feit dat sy met betrekking tot haar seun verskeie rolle het om te vervul: *“Ons tweetjies het al moeilike tye gehad, maar hy het regtig gegroei en ek het hoop vir hom. Hy’t baie potensiaal. Op die oomblik dink ek meestal daaraan hoe om hom te beskerm en te omvou as om net te versorg, maar alles vul mekaar op die ou end tog aan.”* (IC 8 en EI 158).

Die moeder vervul 'n rol as mentor deur hom te help om sy potensiaal te verwesenlik, en gelyktydig neem sy 'n beskermingsrol ook in, en elkeen van die rolle vereis emosionele regulering van die moeder. Ek is van mening dat die moeder hier die rol van kampvegter (social advocate) aanvaar – sy poog om die kritiek en negatiewe ingesteldhede van ander individue oor outisme uit die weg te ruim: *“Waarom jouself konstant blootstel aan pyn en klein kappies van ander as jy die een is wat die gesin bymekaar moet hou en saam met hulle vorentoe aan ‘n sewe wil hou. Elke ma moet elke dag dink wat sy vir haar kinders gaan beteken. DIS DIE LEWEN.”* (C 30 en EI 158).

Samevattend kan verklaar word dat die moeder haarself effektief kan uitdruk en aanwend in 'n verhouding. Sy herken geredelik haar eie emosies, en haar denke en verwagtinge met betrekking tot haar seun se beperkinge is realisties. Sy is aanpasbaar en buigsaam in haar denke en gedrag en akkommodeer haar seun se behoeftes en emosies deur potensieël angswekkende situasies te antisipeer en te voorkom. Sy is ekstreem ingestel op haar seun se welstand en beklemtoon haar rol as beskermer deur haar van bepaalde sosiale groepe te distansieer wat nie haar kind positief beskou nie.

▪ SELF-MOTIVERINGSKOMPONENT

Die moeder en ek het saam dié verhaal-inhoude geïdentifiseer wat betrekking het op die **totale**

gemoedsgesteldheid-dimensie, en dit het gedui op die moeder se vermoë om te midde van die huidige situasie haarself met betrekking tot die toekoms positief in te stel.

Hier kan aangesluit word by die literatuur-toeligting van Bar-On, Maree en Elias (2007) asook Sternberg (2001) met betrekking tot die konsepte *motivering* (gedragsverandering, besluitneming, doelwitte en self-bestuur) en *lokus van kontrole*. Die moeder integreer haar denke, emosies en ingesteldhede in 'n poging om die beste moeder te wees vir haar seun met outisme. Uit die volgende vertelling van die moeder blyk haar entoesiasme, optimisme en hoop vir 'n toekoms saam in die teenwoordigheid van outisme: "Ek leef nou daarby waarin ek graag my seun en my hele gesin wil liefhê en aanvaar sonder enige agendas of verwagtinge. 'I do not have a standard child: I can view this issue as a wonderful uniqueness in my child, or I can view this issue as a disability. Or I can view it as both. The perspective of standard though, is not an option'." (IT 20 en C 22). Die moeder erken dat sy vele teleurstellings en moeilike tye saam haar seun beleef het, maar sy maak 'n doelbewuste keuse om positief te bly en 'n goeie verhouding met haar seun te vestig: "Mens onthou nie alles nie. Jy bank meestal die ondervindings en ervarings as verlede tyd, want aanbeweeg is sóóóó belangrik." (C 6).

Die moeder se persepsie van "ma-wees" vir haar seun met outisme word soos volg deur haar gekommunikeer, en in haar vertelling kon ek as navorser haar totale gemoedsgesteldheid en lewenshouding met betrekking tot haar situasie herken – eenvoudig, voorspelbaar, hiër en nou: "Ek is die beste ma wat ek dink ek kan wees. Ek kan seker moederskap/eetgewoontes/sosiale aangeleenthede meer wetenskaplik benader en 'n sessie oral inwerk. 'But, where is the fun in that?' dan is ek op die ou end manloos, kindloos en word alleen oud, dit is juis wat ek probeer verhoed." (EI 200). Die subskaal geluk en optimisme kan waargeneem word in die pret/genot element wat die moeder in haar vertelling uitbeeld – dit wil voorkom of sy nie *alles* wil "beheer" en "voorspel" nie, maar steeds die lewe saam haar gesin te geniet.

Samevattend kan verklaar word dat vanuit die verhaal-inhoude van die moeder dit vir my opvallend is dat die moeder se totale gemoedsgesteldheid gebalanseerd is (geestesgesondheid) en van optimisme, positiwiteit en geluk spreek. Dit blyk dat die moeder 'n doelbewuste keuse geneem het om 'n positiewe gesindheid aangaande die toekoms in te neem. Die moeder beleef vergenoegdheid en geborgenheid betreffende haar gesin en die betekenisvolle ander in haar lewe.

4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het ek gepoog om my data-analise en data-interpretasie te beskryf in terme van die wyse waarop data-inwinning benader is. Die moeder se lewensverhaal is aan die leser gekommunikeer – wat dit vir haar *beteken* om die moeder te wees van 'n kind met outisme. Die lewenslyn is in drie temas opgedeel, naamlik (1) diagnose-proses, (2) die aanvaardingsproses en (3) toekomsperspektief. Onder elk van die temas is Bar-On (2003) se vyf emosionele intelligensie komponente in die moeder se verhaal-inhoude geïdentifiseer. Daar is telkens gepoog om die bevindinge van hierdie studie in verband te bring met bevindinge soos in relevante literatuur gerapporteer. In Hoofstuk 5 word die studie se tekortkominge aangedui en ook aanbevelinge gemaak betreffende toekomstige relevante navorsing.

HOOFSTUK VYF

Samevatting, beperkinge van die studie en aanbevelings



“Ek voel beslis meer bemagtig, 'n sterker, dieper vrou as voor die proses begin het. 'n Positiewe, sterker persoonlikheid tree na vore in heelwat situasies deur my ervaar. Dis nogal bevrydend.”

(Spreekbeurt 114)

5.1 INLEIDENDE ORIËNTERING

In Hoofstuk 5 poog ek om die inhoud van die studie kortliks saam te vat. Ek wys verder op die beperkinge van die studie, op enkele etiese oorwegings met betrekking tot die studie, en ek maak enkele aanbevelings in verband met verdere navorsing, opleiding en die praktyk.

5.2 SAMEVATTING VAN HOOFSTUKKE

5.2.1 Hoofstuk 1

Oriëntering, probleemstelling, konseptualisering en metodologiese oorsig

Hoofstuk 1 skets die agtergrond betreffende my motivering en rasionaal vir die studie. My bestudering van 'n bepaalde sosiale verskynsel (die moeder se belewing met betrekking tot haar seun se outisme) is onderneem aan die hand van 'n narratiewe navorsingsontwerp binne die interpretivistiese en konstruktivistiese paradigmatas. In hierdie hoofstuk word die probleem van die studie in die vorm van 'n aantal navorsingsvrae geformuleer. Die konsepte *outisme* en *emosionele intelligensie* is gedefinieer, omskryf en toegelig.

Verder is die metodologie van die studie aangedui. In hierdie hoofstuk is ook aangedui dat die studie in twee prosesse verdeel is, waarin eerstens die moeder se lewensverhaal gegenereer is, en tweedens die moeder die geleentheid gegee is om self die emosionele intelligensie komponente in haar lewensverhaal te identifiseer. Aangesien ek tydens die studie met emosionele konstruksies en sensitiewe inhoudes gewerk het, bespreek ek ook in Hoofstuk 1 die etiese aspekte wat in gedagte gehou moet word om veilige en vertroulike deelname te verseker.

5.2.2 Hoofstuk 2

Literatuurstudie oor outisme en emosionele intelligensie

My literatuurstudie het op die aard en oorsake van *outisme* gefokus, en op wat dit vir die moeder en haar gesin beteken om 'n kind met outisme in hulle midde te hê. Hierdie hoofstuk is verder uitgebrei deur aan die hand van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model die konsep *emosionele intelligensie* te verken. My literatuurstudie het verder gefokus op die invloede wat outisme op die gesin het wat betref gesinsfunksionering en interpersoonlike verhoudings, asook wat betref gesinslede se aanvaarding van die hindernis. Met betrekking tot die konsep *emosionele intelligensie* is meer spesifiek gefokus op die komponente en subskale van emosionele intelligensie. Bogenoemde twee konsepte is dus in verband met mekaar gebring – ek wou die moeder se belewing van haar kind se outisme in verband bring met die emosionele intelligensie komponente in haar lewensverhaal.

5.2.3 Hoofstuk 3

Metodologiese verantwoording

In Hoofstuk 3 is die metodologie van my studie verantwoord in terme van die kwalitatiewe navorsingsontwerp waartoe die studie hom leen. My studie kom neer op 'n narratiewe navorsingsondersoek binne die interpretivistiese en konstruktivistiese paradigmas. Omdat ek dit in die vooruitsig gestel het dat ek met die studie ryk data sou genereer betreffende 'n moeder se ervaring van haar lewenspad saam met 'n seun met outisme, het ek besluit om verskeie aktiwiteite en data-inwinning-strategieë aan te wend, om sodoende veelsydige en in-diepte data te kan inwin.

Ek het my keuse van 'n metodologie gemotiveer aan die hand van die doel van die studie. In hierdie hoofstuk het ek die wyse waarop ek te werk gegaan het om die studie se data te orden, te analiseer en te interpreteer ook verduidelik. Ek was deurgaans daarvan bewus dat die inhoud en data-inwinning-strategieë van die studie op persoonlike en emosionele belevings sou fokus, en ek het daarom die moeder die sekerheid gegee dat haar lewensverhaal konfidensieel gehou sal word. Ek het die moeder voor die aanvang van die studie geken en ek het ook daarop gelet dat die studie aan die kriteria van geloofwaardigheid en kredietwaardigheid sou moes voldoen.

5.2.4 Hoofstuk 4

Navorsingsresultate en bevindinge

In hierdie hoofstuk het ek verslag gedoen oor die moeder se bydrae tot die studie (lewensverhaal en identifisering van emosionele intelligensie komponente). In hierdie hoofstuk word die leser die eerste keer bekend gestel aan die moeder se lewensverhaal wat hulle kan lees. Die lewenstemas wat kollaboratief geïdentifiseer was word kortliks bespreek, asook 'n opsommende tabel van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model word ook verskaf. Die moeder se belevings word aan eerstens aan die hand van die lewenstemas vertolk, en tweedens word die moeder se belevings omskryf en in verband gebring met Bar-On (2003) se emosionele intelligensie komponent (kyk figuur 4.1). Die drie geïdentifiseerde lewenstemas is verder ook in verband gebring met relevante feitlikhede wat via my literatuurstudie aan die lig gebring is, en daar is verder gefokus op die belevings van die moeder betreffende haar seun se outisme.

5.3 BEPERKINGE EN BYDRAE VAN DIE STUDIE

Ek is terdeë bewus daarvan dat hierdie studie deur 'n aantal beperkings gekenmerk word. In die volgende bespreking maak ek van die geleentheid gebruik om noukeurig te reflekteer oor dié studie se groeipunte – en ek as navorser het bepaalde keuses geneem jeens my verantwoording ten opsigte van die metodologie (benadering, ontwerp, paradigma, data-insameling, data-analise, data-interpretasie ensovoorts). Die ondergenoemde beperkings, wat as volg bespreek word, beskou ek as “alternatiewe moontlikhede” wat betref die studie se uitkomst. Dus, deur ander keuses te geneem het ten opsigte van hoe om die studie te benader of uit te voer kan waarskynlik lei tot 'n alternatiewe lewensverhaal en 'n nuwe tipe reis saam die moeder in die

teenwoordigheid van outisme:

- In die studie het ek as navorser besluit om die studie te beperk tot bloot die moeder se belewinge en interpretasies van outisme. In 'n opvolgstudie beveel ek aan om ook die gesin as 'n geheel te betrek – waardeur 'n navorser nog meer waardevolle en in-diepte belewinge sou kon inwin met betrekking tot die funksionering van die gesin in die teenwoordigheid van outisme.
- Nadat ek oor die beperkinge van die studie gereflekteer het, het ek besef dat alhoewel ek in dié studie slegs die moeder se belewinge oor outisme beskryf het kan ander rolspelers se belewinge oor outisme van onskatbare waarde kan wees. Ek kan dus aanbeveel dat 'n opvolgstudie die inter-afhanklike sisteme ook verken word: die gesin, betekenisvolle vriende en die gesin se familie, die skool in samehang met ouers van kinders met 'n hindernis, en ook terapeute en dokters.
- Die data-inwinning-strategieë wat aangewend is tydens die studie het ryk, omvattende belewinge en beskouinge van die moeder opgelewer. Die belewinge was hoofsaaklik verken aan die hand van emosionele intelligensie komponente. In 'n volgende studie sal ek aanbeveel dat 'n alternatiewe data-analise metode aangewend word waartydens die veelvoudige temas en konstrunkte vanuit die moeder se data, verder geïdentifiseer en verken word.
- Die moeder kies bewustelik watter emosies, gedagtes en ingesteldhede sy met my wil deel, en hoe sy dit wil kommunikeer. Dus, die verhaal-inhoude wat vervolgens deel uit maak van die onderhawige studie is afhanklik van die ma se bereidwilligheid om aan my haar belewinge van outisme bekend te maak en verder ook om die betekenis wat sy aan dié belewinge heg aan my te verduidelik.
- Een van die sterkpunte van die onderhawige studie volgens my mening was die kollaboratiewe benadering tot die navorsingsproses. Ek en die moeder het saamgespan om 'n bepaalde doelwit te bereik naamlik (1) generering van 'n lewensverhaal oor wat die beteken om 'n moeder te wees van 'n seun met outisme, (2) om emosionele intelligensie komponente te verken in haar lewens-inhoude. Die kollaboratiewe poging tot data-insameling, data-analise en data-interpretasie was insiggewend en verrykend.

5.4 AANBEVELINGS

Ek wil die volgende aanbevelings maak wat betref moontlikhede vir verdere navorsing, die opleiding van beraders en leerondersteuners, en die hulpverleningspraktyk.

5.4.1 Aanbevelings met betrekking tot verdere navorsing

Verdere navorsing hou die volgende moontlikhede in:

- Meervoudige deelnemers, soos byvoorbeeld gesinslede, onderwysers, opvoedkundige sielkundiges, ensovoorts.
- Soortgelyke ondersoek uitgevoer aan die hand van ander metodologieë (benadering, ontwerp, paradigma, data-insameling, data-analise, data-interpretasie ensovoorts).
- Soortgelyke ondersoeke kan ook met betrekking tot ander hindernisse onderneem word.
- Gedurende dié studie word die klem geplaas op die betekenis wat die moeder heg aan outisme. Sy kom tot ekspressie wanneer sy in haar lewensverhaal vertel wat dit beteken om moeder vir 'n seun te wees

met outisme. Emosionele intelligensie-komponente is verken in haar verhaal-inhoude. Ek kan aanbeveel dat 'n emosionele intelligensie psigometriese medium aangewend word in 'n opvolgstudie om sodoende 'n ryker en omvattende bepaling te verkry van die moeder se emosionele intelligensie profiel (Bar-On EQ-I YV™).

- Om nie slegs te fokus op emosionele aspekte wanneer narratiewe navorsing onderneem word nie, maar om ook die waarde van die kognitiewe, sosiale, morele, geestelike, en fisiese dimensies in ag te neem.
- Opvolgstudie wat gebaseer is op 'n longitudinale studie waarin die gesin en ander ondersteuningsnetwerke in die teenwoordigheid van outisme ondersoek word.
- Die studie se hoofokus was op die moeder se belewinge van outisme. Uit my refleksie betreffende die beperking van die studie kan ek 'n aanbeveling maak dat 'n opvolgstudie die “veralgemening” van moeders se belewinge ondersoek. Dus, die identifisering van 'n verteenwoordigende groep moeders met kinders met outisme, waartydens hulle belewinge ten opsigte van outisme ondersoek word, gekategoriseer, geïnterpreteer en moontlik veralgemeen kan word.
- Die studie se hoofokus was op die moeder se belewinge van outisme – en kan ek na afloop van die studie ook aanbeveel dat die doelstelling van 'n opvolgstudie ook die verskeie prosesse tot aanvaarding en verwerking van outisme sal ondersoek.

5.4.2 Aanbevelings met betrekking tot ondersteuning en welstand

My aanbevelings met betrekking tot ondersteuningsnetwerke is dat ouers, die gesin, familieledede en geliefdes toegang moet hê tot 'n beradingsprogram wat fokus op opleiding en begeleiding – dus moet al die betrokke persone toereikend en deurlopend ondersteun word (veral gedurende die proses tot aanvaarding en verwerking) om 'n kind met 'n kind hindernis reg te behandel, op te voed en te laat onderrig. Verder sou dit van waarde wees as Opvoedkundige Sielkundiges opgelei word om Bar-On (2003) se emosionele intelligensie meetinstrument, naamlik die Bar-On EQ-I YV™, te gebruik en aan te wend in intervensieprogramme. Ek wil verder voorstel dat onderwysers in alles skole of instansies 'n opleidingskursus sal onderneem waarin hulle vaardighede bekom en met kennis toegerus word om alle leerders met enige soort hindernis in samehang met hul ouers doeltreffend te kan ondersteun.

5.4.3 Aanbevelings vir die praktyk

Die studie was vir my as navorser (en as suster van 'n broer met 'n hindernis) van onskatbare waarde – dié moeder se belewinge en persepsie van outisme het my geïnspireer om my beskouing te wysig teenoor ondersteuningsnetwerke en om 'n positiewe ingesteldheid tot die aanvaarding van outisme. Ek as navorser het ook geleer dat dit tot voordeel sal strek van die kind met hindernisse, as sy/haar ouers, onderwysers en professionele persone by die behandeling en ontwikkeling van die kind met outisme betrek word, en besondere aandag gewy word aan sy/haar kommunikatiewe, sosiale en gedragsvaardighede. Die gebrek aan hierdie vaardighede kan beskou word as *beperkende eienskappe* wat met outisme gepaardgaan. 'n Interdisiplinêre span van professionele persone sou die kind se gedrag en unieke leerprofiel kon evalueer om sinvolle en bereikbare doelwitte en verwagtinge te stel wat die ontwikkeling van die kind met outisme betref.

5.5 BEANTWOORDING VAN NAVORSINGSVRAE

5.5.1 Primêre navorsingvrae

Wat beteken dit om die moeder te wees van 'n kind met outisme?

Dit blyk dat die moeder veelvoudige en intense belewinge ten opsigte van haar seun met outisme verwerklik het. Om die moeder te wees van 'n kind met outisme beteken vir haar om haar kind onvoorwaardelik lief te hê, om hom te aanvaar vir wie hy is, en om hom te ondersteun wat betref die beperkinge wat die hindernis vir hom inhou. Dit beteken dat sy haar vooropgestelde idees en verwagtinge opsy moes skuif en op haar seun se behoeftes en talente fokus – sy het die fokus en klem van haarself as moeder na haar kind toe oorgeplaas en hom verseker dat sy elke tree saam met hom is op die lewenspad in die teenwoordigheid van outisme. Dit beteken om positief, gemotiveerd, voorbereid, onselfsugtig, bereidwillig, buigsaam en kundig te wees, op grond waarvan sy haar seun se veiligheidsgevoel kan verseker en aan hom 'n kwaliteit lewe kan bied waarin hy sy potensiaal optimaal kan verwerklik (optimaal = die beste, die gunstigste).

Wat is die waarde van die verkenning van emosionele intelligensie komponente in die moeder se lewensverhaal?

Die komponente van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model is geïdentifiseer in haar verhaal-inhoude (ken eie gevoelens; herken ander se gevoelens; bestuur van gevoelens; aanwend tot verhoudinge; en self-motivering). Die waarde van die verkenning van emosionele intelligensie komponente in die moeder se lewensverhaal is dat dit onder andere haar van die woordeskat voorsien het om haar emosies, denke en gedrag te kan interpreteer en om 'n beskrywing te kan gee van haar belewinge met betrekking tot haar kind se hindernis. Die bespreking oor emosionele intelligensie komponente het die moeder verder gehelp om bewus te word (en om tot ekspressie te kom) betreffende haar gevoelens, gedagtes en ingesteldhede jeens haar seun se hindernis. Die moeder kon in die onderhawige studie tot uiting kom in terme van haar vermoë om effektief en konstruktief haar belewinge van outisme te bestuur deur beheer te neem van die nuwe, uitdagende situasie en deur dadelik hulp en ondersteuning vir haar seun en haar gesin te soek, sodat hulle konstruktief as eenheid kon funksioneer in die teenwoordigheid van outisme. Die moeder se ingesteldheid en vermoë om haarself met haar seun se emosies te vereenselwig word ook vertolk tydens die besprekinge, en stel die besprekinge haar in staat om verder tot ekspressie te kom dat sy besef sy kan nie onrealistiese verwagtinge aan haar kind stel nie, en moet sy fokus daarop om haar seun met outisme onvoorwaarlik lief te hê en te aanvaar. Verder kon die moeder na aanleiding van die bespreking oor emosionele intelligensie haar eie kennis en vaardighede identifiseer en aan my kommunikeer. Die waarde van identifisering van emosionele intelligensie komponente in die moeder se lewensverhaal is dat dit haar inspireer en motiveer om pro-aktief te dink en op te tree – sy het nie gedwaal op negatiewe ervarings nie maar eerder gekonsentreer op positiewe gedagtes en ingesteldhede. Die bespreking van emosionele intelligensie komponente het die moeder in staat gestel om haar self te bemagtig ten opsigte van die wyse waarop sy haar emosies effektief bestuur wat bydra tot 'n positiewe gemoedsingesteldheid betreffende haar seun se hindernis. Die verkenning van emosionele intelligensie komponente het die moeder verder in staat gestel om as mentor op te tree vir haar seun en hom te help om sy potensiaal te verwesenlik.



5.5.2 Sekondêre navorsingsvrae

In 'n poging om te begryp wat dit beteken om die moeder van 'n kind met outisme te wees, sal ek die volgende vrae probeer beantwoord:

Wat beteken outisme vir die moeder?

Outisme beteken vir haar dat haar kind op 'n *ander manier* funksioneer, kommunikeer, leer en tot ekspressie kom. Sy uniekheid en andersheid skep vir haar die geleentheid om die lewe en kind-grootmaak vanuit 'n ander oogpunt te kan sien – sy moet meer roetine-vas, planmatig en akkommoderend wees in haar daaglikse lewe. Die moeder belewe haar seun se outisme as 'n hindernis, soos wat die literatuur hierdie spesifieke hindernis beskryf, máár sy beleef haar seun met outisme as uniek, kompleks en individualisties. Haar seun se hindernis het haar persepsie van die lewe verander en innerlike groei en optimisme in haar teweeggebring.

Wat beteken emosionele intelligensie verkenning vir die moeder?

Die verskynsel *emosionele intelligensie* beskou sy as vaardighede waarmee sy grootgeword het, maar waarvoor sy nooit 'n naam geken het nie. Sy beskou emosionele intelligensie as 'n aantal vaardighede en 'n bepaalde kundigheid wat haar in staat stel om haar eie emosies te ken en te bestuur, om ander se emosies te herken en om dié bepaalde kundighede in verhoudinge aan te wend. Sy verstaan ook die behoefte van ander om ervaringe en belewinge te deel, maar as dit kom by haar kind se hindernisse fokus sy op realistiese en positiewe gedagtes en nie op die onaangename emosies en hartseerstories van ander ouers nie. Sy het die besprekinge met betrekking tot emosionele intelligensie as bevrydend en in 'n mate as bemagtigend beleef, aangesien sy nou die verskillende aspekte daarvan in haar gevoelens, gedagtes, en gedrag kan identifiseer. Dit het haar in staat gestel om oor haar eie lewe te reflekteer, om die funksionering van haar gesin in die teenwoordigheid van outisme bestuur, en om haarself te motiveer om positief en optimisties te bly.

Watter temas kom voor in die moeder se lewensverhaal oor haar kind met outisme?

Die belewinge van die moeder is bespreek aan die hand van 'n lewenslyn (diagnose-proses; aanvaardingsproses; en toekoms-perspektief) waartydens die komponente (ken eie gevoelens; herken ander se gevoelens; bestuur van gevoelens; aanwend tot verhoudinge; en self-motivering) van Bar-On (2003) se emosionele intelligensie-model verken was. Die komponente wat in haar lewens-verhaal geïdentifiseer is, en haar lewensverhaal het temas in die vorm van 'n lewenslyn voorsien ten opsigte waarvan sy haar belewinge kronologies kon interpreteer.

Hoe beïnvloed outisme die gesinsdinamiek en interpersoonlike verhoudinge in die gesin?

Vanuit die moeder se beskouing beïnvloed 'n hindernis die interaksie tussen die gesinslede en die funksionering van die gesin minder as wat dit die houdinge en persepsies van die gesinslede met betrekking tot die hindernis beïnvloed. Dit blyk dat die gesinslede die teenwoordigheid van outisme as 'n geleentheid gebruik om mekaar te ondersteun, aan te vul en mekaar te leer ken. Die individualisering van persoonlike aktiwiteite en belangstellings word deur die moeder beklemtoon en aangemoedig. Daar is klem op die vervulling van elkeen se behoeftes, en op aanpassing by die voorkeure en afkeure van die seun met outisme. Dit lyk of die gesin as reisgeselskap besluit het om die seun se hindernis, beperkinge en andersheid te aanvaar en te akkommodeer, eerder as om dit te ignoreer en so die kind te isoleer.

5.6 REFLEKSIE

5.6.1 Refleksie-paragraaf van die moeder oor die studie

Dit was vir my lekker om betrokke te kon wees by jou skripsie. Dit is 'n baie interessante onderwerp, en dit was beslis iets waaraan ek wou deelneem – ek het so gelag, want my man het een oggend 'n opmerking gemaak dat hy ook graag wil deel neem, hoekom kry net “ek” die kans om te vertel hoe wonderlike verhouding ek het met ons kind en nie hy nie. Die studie het baie drade losgewikkel. Emosionele intelligensie het 'n varser, nuwe uitkyk oor wat ek kan vermag 'If I can put my mind to it'. Ek voel beslis meer bemagtig, 'n sterker, dieper vrou as voor die proses begin het. 'n Positiewe, sterker persoonlikheid. Dit sal lekker wees om te dink of te weet dat ek emosionele intelligent is, maar ek het niks spesifiek in so 'n rigting geforce nie, dis maar wie ek is en voel maar wat ek voel. Ek lewe my so goed ek kan.

5.6.2 Refleksie-paragraaf van my studieleier oor die studie

Skielik voel ek soos 'n regisseur wat agter die skerms van redigering uitkruip, die stil stem agter die skerms. Daar is telkemale iets wat my terugvoer na narratiewe navorsing, meestal gegrond op 'n intuïtiewe gewaarwording dat die rigting is om te volg. Aan die einde van hierdie uittreksel uit 'n lewensverhaal staan ek weereens verstom oor die gawe van stories, dat in ons almal se stories of lewensverhale iets sigbaar en amper tasbaar kan word. Dankie vir die voorreg om deel te mag wees hiervan.

5.6.3 Refleksie-paragraaf van my as navorser oor die studie

Die studie het my as navorser in staat gestel om te reflekteer oor my reistog saam die moeder in die teenwoordigheid van outisme. Die moeder was baie entoesiasies, opgewonde en bereidwillig om deel te neem aan die studie, en was ek aangenaam verras om deurlopend die positiewe gesteldheid van die moeder te kon beleef om haar belewinge met my te deel. Haar optimistiese en realistiese uitkyk oor haar seun se hindernis het my gehelp om my beskouing van my broer se hindernis beter te begryp en hom met meer insig te hanteer. Die moeder se verhaal-inhoude het ook my eie moeder gehelp om haar eie seun se hindernis, en ook leerders met hindernisse by die skool, beter te verstaan en hul met empatie en deernis te behandel. Om 'n navorsingstudie te onderneem beteken dat ek as navorser nie alles kan beheer of voorspel nie. Ek het telkens moedeloos en ongemotiveerd gevoel omdat ek akademiese inhoude nie altyd korrek kon verwoord en uitdruk nie – ek het soms gevrees dat ek die ongelooflik inspirerende momente van die moeder nie sou kon kommunikeer nie. Ek beskou dié studie as 'n akademiese en persoonlike leerkurwe in my lewe wat 'n bydrae gemaak het ten opsigte van my persepsie van enige hindernis.

5.7 SAMEVATTING

Met die studie het ek gefokus op die identifikasie van emosionele intelligensie komponente in die lewensverhaal van die moeder. Die moeder se narratief was dus die kruis en fokuspunt van die studie.

In die lig van die bevindinge van die studie kan ons tot die gevolgtrekking kom dat elke moeder 'n unieke lewensverhaal het om te vertel van haar lewenspad in die teenwoordigheid van outisme. Die moeder se verhaal het die feit duidelike gemaak dat die kind se hindernis nie gaan verander nie, en dat die ouers se persepsies, ingesteldhede en belevinge van die hindernis wel kan verander. Die moeder se verhaal bied 'n lewensles van positiwiteit en aanvaarding – om onvoorwaardelik lief te wees vir die kind en die pad saam hom te stap.

BRONNELYS

Primêre en Sekondêre bronnelys



“ASA - Autism South Africa. Die inligting is verstaanbaar, inneembaar, verwerkbaar vir enige gesin / ma wat se kind pas gediagnoseer is.” (Spreekbeurt 4)

PRIMÊRE BRONNE

- Adams, J. B., Edelson, S.M., Grandin, T. & Rimland, B. (2004). Advise for Parents of Young Autistic Children. *Centre for the Study of Autism*. [Online]. Available at: <http://www.autism.org>. (Accessed on 6 February 2009).
- Adams, O., Collair, L., Oswald, M & Perold, M. (2004). Research in Educational Psychology in South Africa. In Eloff, I. & Ebersöhn, L. (Eds). *Keys to Educational Psychology*. Cape Town: UCT Press, 354-373.
- Aguinis, H. & Henle, C.A. (2002). Ethics in Research. In Rogelberg, S.G. (Eds). *Handbook of Research Methods in Industrial and Organizational Psychology*. Oxford: Blackwell Publishers, 24-56.
- Alvarez, A. & Reid, S. (1999). Autism and Personality: Findings from the Tavistock Autism Workshop.
- American Academy of Pediatrics. Committee of Children with Disabilities. (2001). The Pediatrician's Role in the Diagnosis and Management of Autistic Spectrum Disorder in Children. *Pediatrics*. 107(5), 31-49.
- American Psychiatric Association (2000). *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders: Text revision (DSM-IV-TR)*, 4th Edition. Washington, DC: APA.
- Anfara, V.A. & Mertz, N.T. (2006). *Theoretical Frameworks in Qualitative Research*. Thousand Oaks: SAGE Publications.
- Asprey, A. & Nash, T. (2006). The Importance of Awareness and Communication for the Inclusion of Young People with Life-limiting and Life-threatening Conditions in Mainstream Schools and Colleges. *British Journal of Special Education*. 33(1), 10-18.
- Autism South Africa (2004). *Could this patient in front of me be manifesting Autistic Spectrum Disorder? Information for doctors. – No 1 & 3*. Johannesburg: Autism South Africa.
- Babbie, E. & Mouton, J. (2001). *The Practice of Social Research*. Cape Town: Oxford University Press.
- Balfour, L.J. (2007). *A Needs Assessment of Parents on how to Raise an Autistic Child*. Unpublished Master's Dissertation. Pretoria: University of Pretoria.
- Banks, J.A. (2004). *Handbook of Research on Multicultural Education*, 2nd Edition. San Francisco: Jossey-Bass.
- Barlow, D.H. & Durand, V.M. (2002). *Abnormal Psychology: An Integrative Approach*, 3rd Edition. Canada: Wadsworth.
- Bar-On, R. (2003). How Important is it to Educate People to be Emotionally and Socially Intelligent, and can it be done? *Perspectives in Education*, 21 (4), 3-15.
- Bar-On, R. (2005). The Impact of Emotional Intelligence on Subjective Wellbeing. *Perspectives in Education*, 23 (2) 2, 41-62.
- Bar-On, R. Maree, J.G. & Elias, M. (2007). *Educating People to be Emotionally Intelligent*. Sandton: Heinemann.
- Baron-Cohen, S. (2005). Autism. In Hopkins, B. (Eds) *The Cambridge Encyclopaedia of Child Development*. Cambridge: Cambridge University Press, 398-401.
- Baron-Cohen, S., Ring, H.A., Wheelwright, S., Bullmore, E.T., Brammer, M.J., Simmons, A. & Williams, S.C.R. (1999). Social Intelligence in the Normal and Autistic Brain: An fMRI study. *European Journal of Neuroscience*, 11, 1891-1898.
- Barragar-Dunne, P. (1997). Therapy Utilizing Narrative, Drama, and Dramatic Play. In Smith, C. & Nyland, D. (Eds). *Narrative Therapies with Children and Adolescents*. New York: The Guilford Press.
- Barron, J.W. (1998). *Making Diagnosis Meaningful. Enhancing Evaluation and Treatment of Psychological Disorders*. Washington: Edwards Brothers Inc.
- Bodine, R.J. & Crawford, D.K. (1999). *Developing Emotional Intelligence. A guide to Behaviour Management and Conflict Resolution in School*. Illinois: Research Press.
- Bodish, J.W., Symons, F.J., Parker, D.E. & Lewis, M.H. (2000). Varieties of Repetitive Behaviour in Autism: Comparison to Mental Retardation. *Journal of Autism Development Disorder*. Vol. 30 (3), 237-243.
- Bolte, S., & Poustka, F. (2005). Are we Facing an Epidemic? *Autism News of the Orange Country and the Rest of the World*, 2(1), 17-35.
- Bouwer, B. (2007). *Fasillitering van Emosionele Intelligensie by Leerders met Verbale Leergestremdhede*. Ongepubliseerde Meestersverhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Bregman, J.D. (2005). Definitions and Characteristics of the Spectrum. In Zager, D. (Eds). *Autism Spectrum*

Disorders: Identification, Education and Treatment. 3rd Edition. London: Lawrence Erlbaum Associates Publishers, 3-46.

- Briesmeister, J.M. & Schaefer, C.E. (1998). *Handbook of Parent Training*. 2nd Edition. New York: John Wiley and Sons Incorporated.
- Burkhardt, S. (2001). Counselling Issues for Parents of Children with Autistic Spectrum Disorder. In Walhberg, T., Obiakor, F., Burkhardt, S. & Rotatori, A.F. (Eds). *Autistic Spectrum Disorder: Educational and clinical interventions*. Amsterdam: Elsevier Science Limited, 211-233.
- Christians, C.G. (2000). Ethics and Politics in Qualitative Research. In Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (Eds). *Handbook of Qualitative Research*, 2nd Edition. California: SAGE Publication, 133-155.
- Clandinin, D.J. (2007). *Handbook of Narrative Inquiry: Mapping a Methodology*. United Kingdom: SAGE Publications.
- Clandinin, D.J., & Connelly, F.M. (2000). *Narrative Inquiry*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.
- Cohen, L., Manion, L. M., & Morrison, K. (2007). *Research Methods in Education*. 6th Edition. London: Routledge Falmer.
- Cohen, S. (1988). Psychosocial Models of the Role of Social Support in the Etiology of Physical Disease. *Health Psychology*. 7(3), 269-297.
- Cortazzi, M. (1993). *Narrative Analysis*. London: The Falmer Press.
- Cresswell, J.W. (1998). *Qualitative Inquiries and Research Design: Choosing among five Traditions*. London: SAGE Publications.
- Cresswell, J.W. (2002a). *Educational Research, Planning, Conducting, and Evaluating Qualitative and Quantitative Research*. New Jersey: Merrill Prentice Hall.
- Cresswell, J.W. (2002b). Narrative Research Designs. In Creswell, J.W. (Ed.). *Educational Research*. Columbus: Merrill Prentice Hall, 520-558.
- Cresswell, J.W. (2003). *Research Design: Qualitative, Quantitative and Mixed Methods Approaches*. California: SAGE Publications.
- Cuskelly, M & Gunn, P. (2006). Adjustment of Children who have Sibling with Down Syndrome: Perspectives of Mothers, Fathers and Children. *Journal of Intellectual Disability Research*. 50(12), 917-925.
- Czarniawsaka, B (2004). *Narratives in Social Science Research*. London: SAGE Publications.
- Davidson, Emmerling, R.J. & Goleman, D. (2003). *Emotional intelligence: No's and common misunderstandings*. [Online]. Available at: http://www.eiconsortium.org/research/ei_No.s_and_common_misunderstandings.htm. (Accessed on: 10 May 2008).
- De Vos, A.S. (2007). Qualitative Data Analysis and Interpretation. In De Vos, A.S.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (Eds). *Research at Grass Roots. For the Social Services and Human Services Professions*, 3rd Edition. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. 333-349.
- De Vos, A.S.; Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (2007). *Research at Grass Roots. For the Social Services and Human Services Professions*. 3rd Edition. Pretoria: Van Schaik Uitgewers,
- Denscombe, M. (2002). *Ground Rules for Good Research. A 10 point Guide for Social Researchers*. Buckingham: Open University Press.
- Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (1998). *The Landscape of Qualitative Research*. London: SAGE Publication.
- Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (2002). *The Qualitative Inquiry Reader*. Thousand Oaks: SAGE Publications.
- Disability Discrimination Act (2005). *The Human Rights Commission*. [Online] Available at: <http://www.equalityhumanrights.com/en/yourrights/equalityanddiscrimination/Disability/Pages/Introduction.aspx>. (Accessed on 6 February 2009).
- Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. (2002). *Educational Psychology in Social Context*, 2nd Edition. Cape Town: Oxford University Press.
- Du Preez, C. (2004). Health and well-being. In Eloff, I & Ebersöhn, L. (Eds). *Keys to Educational Psychology*. Cape Town: UCT Press, 44-64.
- Edelson, S.M. (1999). Overview of Autism. *Centre of Autism*. [Online] Available at: <http://www.autism.org>. (Accessed on 24 December 2008).
- Ellis, J.B. (1989). Grieving the Loss of the Perfect Child: Parents of Children with Handicaps. *Child and Adolescent Social Work*. 6(4), 259-275.

- Eloff, I. & Ebersöhn, L. (2006) *Life Skills and Assets*, 2nd Edition. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- Emmerling, R.J. & Goldman, D. (2003). *Emotional Intelligence: Issues and Common Misunderstandings*. [Online]. Available at: http://www.eiconsortium.org/research/ei_and_common_misunderstandings.htm. (Accessed on 6 February 2009).
- Erasmus, B. (2004). *Kaleidoscope*. South Africa: Penguin Books.
- Faux, S.A. & Nehring, W.M. (2007). Special Issue on Children and Adolescents with Intellectual and Developmental Disabilities. *Journal of Pediatric Nursing*, 22(2), 132-154.
- Ferreira, R. (2004). Educational Psychology Intervention and Therapy. In Eloff, I & Ebersöhn, L. (Eds). *Keys to Educational Psychology*. Cape Town: UCT Press, 332-350.
